# INOUDSOPGAWE

BLADSY

VOORWOORD 6
TOKKIE DE KLERK (PRESIDENT)
LIGAAMSDELE VAN DIE PERD 7

**HOOFSTUK 1**
TEELBELEID VAN DIE KAAPSE BOERPERD 8

**HOOFSTUK 2**
AMATEUR STATUS 13
LIDMAATSKAPNORME 15

**HOOFSTUK 3**
SKOU VAN 'N KAAPSE BOERPERD 17
ALGEMENE REËLS VAN 'N BETREKKING OP ALLE BOERPERD AFDELINGS 17

**HOOFSTUK 4**
BOUVORM VAN DIE KAAPSE BOERPERD 23
TEELKLASSE: PUNTE VAN BEOORDELING 25

1. TOERUSTING
2. VOORKOMS/VOORBEREIDING VAN DIE PERD
3. HANTEERDERS
4. WORD BEOORDEEL OP
5. BEWEGING OP 'N DRAF
6. WORD GEPENALISEER VIR
7. ALGEMENE VOORKOMS

ROETINE IN DIE RING 27

**HOOFSTUK 5**
UITRUSTING, TOERUSTING EN VOORKOMS VAN PERD 29
HANDKLASSE: TOERUSTING 29
VOORKOMS/VOORBEREIDING VAN PERD
HANTEERDERS 29
RYKLASSE: 30
TOERUSTING 30
VOORKOMS VAN PERD 30
KLEREDRAG VAN RUITER 31
ENKEL- EN SIERTUIGKLASSE: 31
TOERUSTING 31
VOORKOMS VAN PERD 32
HANTEERDERS 32
KLEREDRAG VAN DRYWER 32
BYKOMENDE SPESIFIKASIES

**HOOFSTUK 6**
BASIESE VOLGORDE BY RINGPROSEDURES 34
TEELKLASSE: 34
VERSAMELING 34

INTREDE OP ‘N DRAF 34
EERSTE OPSTELLING MET GESIG NA PAWILJOEN 34
INSPEKSIE VAN OPSTELLING 34
HOUDING 34
VERTONING DEUR DIE RELING 35
EERSTE LINIE 35
PRYSLINIE MET GESIG NA PAWILJOEN 36
RYKLASSE: 36
VERSAMELRING 36
INTREDE OP ‘N DRAF EN BEGIN VAN BEOORDELING 36
PERDE WORD IN BEIDE RIGTINGS OM DIE ARENA VERTOON 36
OPSTELLING MET GESIG NA DIE PAWILJOEN 37
METODE OM ‘N GROOT KLAS TE BEOORDEEL 37
(A) FRONTLINIE
(B) HERRIT
MERK VAN KAARTE / PUNTETOEKENING 38
PRYSLINIE MET GESIG NA PAWILJOEN 38
TEKENS VIR DIE VERANDERING VAN GANGE 38
VOLGORDE VAN GANGE 39
BEOORDELING VAN DIE STAP 39
RYKLAS (“PERFORMANCE CLASS”) 39
RUITERKUNSKLAS: 40
VERSAMELRING 40
“SADDLE SEAT” 40
BESLISSINGS 40
OPSTELLING 40
INDIVIDUELE TOETSE 40
FINALE KRAGMETING 40
BEOORDELAAR SE BESLUIT 41

**HOOFSTUK 7**
ONDERBREKING VAN RINGPROSEDURES WAT TOT DIE OPSKORTING VAN BEOORDELING LEI 42
PERDE WAT VERSKOON WORD VAN ‘N KLAS 42
(A) VERLOOR VAN ‘N YSTER
(B) BREKASIE VAN TOERUSTING
(C) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
VALLE ONDER DIE SAAL OF IN DIE TUIG 42
(A) VALLE IN OOP KLASSE
(B) VALLE IN RUITERKUNSKLASSE
(C) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE
SWAK GEDRAG VAN DIE PERD 43
(A) PERDE MOET GEDISKWALIFISEER WORD VIR
(B) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
SWAK GEDRAG VAN ‘N VERTONER 44
(A) AANSTOOTLIKE GEDRAG
(B) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
INGMENGING VAN BUITE DIE ARENA 45
(A) KONTAK VAN BUITE DIE RING
(B) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
GEBREK AAN DISSIPLINE IN DIE RING 45

(A) REBELSE VERTONERS
(B) SWAK RUITERKUNS EN DIE GEBRUIK VAN ONORTODOKSE RYSTYLE
(C) HOEKE SNY IN DIE ARENA
(D) GALOP OP VOL SPOED OM 'N PERD MEER GUNSTIG TE PLAAS
(E) GEBREK AAN BEHEER OF VERLIES AAN BEHEER
(F) AFKLIM SONDER TOESTEMMING
(G) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
BREKASIE VAN TOERUSTING 47
(A) BREKASIE VAN TOERUSTING
(B) TWEE VERSKILLENDE MANIERE OM DIE REËL TOE TE PAS
(C) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE
MISBRUIK VAN AANSOEKE OM OPSKORTING VAN BEOORDELING DEUR VERTONERS 48

**HOOFSTUK 8**
BYKOMENDE SPESIFIEKE REGULASIES 49
DISKWALIFIKASIES EN DISKRIMINASIES WAT DEUR DIE VERKEERDE TOEPASSING VAN REËLS VEROORSAAK WORD 50
DAMESKLASSE EN KINDERKLASSE 50
UITRUSTING, KLEDING EN VOORKOMS VAN DIE PERD 51
GESONDE DIENSBAARHEID 51
HOOGTE, GESLAG, OUDERDOM EN KRUIS-INSKRYWINGS BEPERKINGS 52
GANGE WAT VERKEERD UITGEVOER WORD 52

**HOOFSTUK 9**
VERKEERDE AKSIES EN AFWYKINGS IN BEWEGING 53
ALGEMENE AFWYKINGS IN GANGE 53

**HOOFSTUK 10**
GANG EN VERTONING: DEFINISIES 55
GEWONE STAP 55
FOUTE 55
(A) VYFGANG
(B) DRIEGANG
(C) SIERTUIG EN ENKELTUIG
SAAMGEVATTE DRAF: 56
FOUTE
MENG VAN GANGE
(A) VYFGANG
(B) DRIEGANG
PRONKDRAF 57
SIERTUIG 57
FOUTE 57
DRAF: 58
ENKELTUIG 58
FOUTE 58
VERSKIL IN TUGDRAWWE 58
BEHEERDE GALOP 58
FOUTE 59
(A) VYFGANG
(B) DRIEGANG

KORTGANG 59
FOUTE 59
TOEPASSING VAN DISKRIMINASIE TEEN PERDE WAT NIE DIE KORTGANG DOEN NIE 60
TRIPPEL 60
FOUTE 60
PAS EN GANGVERMENGING 61
ALGEMENE TERME 61
SAAMGEVAT 61
UITSTREK 62
FLEKSIE VAN DIE NEK 62
HOUDING 62
(A) HOUDING EIE AAN 'N RAS
(B) HOUDING EIE AAN 'N KLAS
(C) DRIEGANG
(D) VYFGANG
(E) SIERTUIG
(F) ENKELTUIG
POSISIE VAN DIE STANG IN DIE BEK 64
(A) TEEN DIE STANG
(B) LÊ OP DIE STANG
(C) BOKANT DIE STANG
(D) AGTER DIE STANG
TEENWOORDIGHEID ("PRESENCE") 64
ANIMASIE EN LEWENDHEID 65
KWALITEIT 65
SUBSTANSIE/KERN 65
BALANS 65
(A) IN DIE BOUVORM
(B) IN DIE AKSIE
(C) GEBALANSEERDE UITVOER VAN GANGE
STAMINA EN HART 66
MANIERE 66
(A) MANIERE VAN DIE PERD
(B) KLASSE WAARIN MANIERE MEER GEPENALISEER WORD
(C) ALGEMENE WEERSTAND TEEN DIE WIL VAN DIE RUITER
(D) MANIERE VAN DIE VERTONER
(E) DISKRIMINASIE TEEN RUITERS
HERRIT EN FINALE KRAGMETING 67

**HOOFSTUK 11**
MEET VAN 'N PERD 69
HOOGTE 69
MEET VAN DIE HOEF 69

**HOOFSTUK 12**
GESONDE DIENSBAARHEID 70
REËLINGS OOR GESONDE TOESTAND 70
SKOUVEEARTS 70
DEFINISIE VAN GEBREKE 70
GESONDE DIENBAARHEID 70

TEGNIESE DIENSBAARHEID 70
OORERFLIKE GEBREKE 71
NEIGING TOT GEBREKE / ONGESONDE TOESTAND 71
GEBREKE WAT NIE DEUR ERFAKTORE VEROORSAAK IS NIE 71
FOUT BY DIE GEBEENTE 71
LETSELS 71
KRUPPELHEID 71

**HOOFSTUK 13**
RUITERKUNS 73

**HOOFSTUK 14**
RUITERKUNS TOETSE 78
BRONNE 103

# VOORWOORD

Die publikasie van hierdie reëlboek is ‘n langverwagte droom van die meeste Kaapse Boerperd-lede, asook beoordelaars en belangstellendes.

Die feit dat daar nog nooit ‘n reëlboek, uitsluitlik vir die Kaapse Boerperd was nie, was ‘n groot leemte in die bedryf en met tyd het die duidelik geword dat so iets broodnodig is.

Ek hoop dat persone, lede, beoordelaars en belangstellendes wat hierdie boek bestudeer of slegs lees – wel waardevolle inligting daaruit sal put!

Met die samestelling van hierdie reëlboek word daar gepoog om die identiteit van die Kaapse Boerperd wat reeds in 1948 bepaal is, te behou. Daar moet gelet word dat die identiteit van hierdie perd-ras vir die nageslag behoue moet bly. Dit is so – dat die kulturele agtergrond van die ras wat al 50 jaar saam met ons is – deur niemand weggeneem mag word nie.

Die voortbestaan van die Kaapse Boerperd sal in die toekoms bepaal word deur die lojaliteit van ons bestaande lede en ook toekomstige lede.


Die Kaapse Boerperd is ‘n ontwikkelende inheemse ras wat op verskillende maniere deur hul eienaars gebruik word. Dit is ‘n ras wat vir verskeie doeleindes gebruik word bv. Sport, skou, plesier en werk. Beoordelaars en vertoners het nou ‘n nuttige reëlboek, uitsluitlik vir Kaapse Boerperde, wat in ‘n neutedop saamgevoeg is.

Ons dank en waardering aan Mev Cecily Norden vir haar toestemming vir die samewerking van die Kaapse Boerperd reëls uit Showing Horses of SA. Daar word gevoel dat die publikasie van hierdie reëlboek – alle onduidelikhede uitgeskakel behoort te wees. Beoordelaars wat volgens die reëls in hierdie boek beoordeel sal met sekerheid weet hoe om enige Boerperd-klas te beoordeel.

Daar sal nog altyd meningsverskille tussen beoordelaars en vertoners wees – wat hopelik met die gebruik van hierdie reëlboek opgelos sal word.

Graag wil ek die persone en instansies bedank vir hul bydrae en insette. ‘n Besondere dank aan Mev. Ezelle Marais vir haar groot taak met die samevoeging van al die inligting. Dit was ‘n reuse taak. Ek vertrou dat hierdie reëlboek gebruik sal word in dieselfde gees waarin dit saamgevoeg en opgestel is en dat dit in die toekoms vir alle persone wat ‘n belang het in die toekoms van die Kaapse Boerperd, van nut sal wees.

TOKKIE DE KLERK
PRESIDENT: KAAPSE BOERPERDTELERSGENOOTSKAP
VOORSITTER: SUID AFRIKAANSE BOERPERD AMATEURS UNIE


KRUISPUNT
LENDE
RUG
SKOF
HANEKAM
MAANHAAR
AGTERKOP
KUIF
KRUIS
AGTERKWART
STERTPIT
VOORKOP
GESIG
NEUSGAT
NEUS
KAAK
KEN
KEEL
HALS-AAR
GORREL
SKOUER
BORSKAS
HEUPAANSLUITING
BOUD
FLANK
DYSPIER
AGTERDY
HAKPUNT
SHEDE
BEEN VRAT
HAK
KNIE
SKEEN
BACK FLEXOR TENDONS
SKEENBEEN
KOOTGEWRIGAANSLUITING
KOOT
KOOT / SKENKEL
HOEFKROON
HOEF

# HOOFSTUK 1

## TEELBELEID VAN DIE KAAPSE BOERBERD

Dit is nie die idee van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap om die identiteit van enige ander perderas te benadeel of oor te neem nie, maar wel om ‘n identiteit van sy eie op te bou. Soos reeds uitgespel in die Bouvormstandaard van die Kaapse Boerperd, bestaan daar ‘n wesenlike verskil tussen die bouvorm van die Kaapse Boerperd en enige ander perderas.

Die gevoel om so ‘n perderas te ontwikkel het in 1948 deur ‘n groep mense ontstaan – almal perdeliefhebbers wat gesien het dat die perd in Suid-Afrika vinnig besig was om tot niet te gaan – na die koms van die motor, en later ook nog byvoeging van die bakkie.

Hierdie mense het geweet hoe gewild en gesog die ou Kaapse Boerperd oor die hele wêreld was. Die perde is na Australië uitgevoer, en was die eerste perd wat daar voet aan wal gesit het. Hulle is in groot getalle na Indië uitgevoer as berede-mag-perde waar hulle as die beste perde in die wêreld beskou is. Ongeveer 85% van die perde wat deelgeneem het, was Kaapse Boerperde.

Die Kaapse perd was bekend vir sy gehardheid, uithouvermoë, die vermoë om hard te werk op ‘n karige rantsoen, en nog in ‘n goeie kondisie te bly. Verder was hierdie perd baie gemaklike ryperde en kon ‘n swaar ruiter die heeldag oor moeilike terrein gedra word.

Dit was al hierdie uitstaande kenmerke wat die groep mense laat besluit het om ‘n perderas op te bou met al die goeie eienskappe van die ou Kaapse perd en om hom sodanig te verfyn en te verbeter sonder om enige van hom baie geskik te maak om doeltreffend te beantwoord aan die uiterste toestande van SA. Dit moet ‘n perd wees wat harde plaaswerk met gemak vir sy ruiter kan verrig en as plesierperd gebruik word weens sy gemak en goeie temperament. Verder moet die perd ook sy plek in die skoubaan kan volstaan.

In die verlede is op goeie ryperdeienskappe sowel as goeie eienskappe vir dubbeldoel perd gelet, maar in die toekoms sal eerder strenger op sy goeie eienskappe slegs as ryperd gelet word. Met al die voorafgaande gedagtes in ag geneem, is besluit om as volg te werk te gaan:

Teeldiere met die gewenste bouvorm en tipe sal uitgesoek word uit die reeds klein getalle van die oorblywende ou Kaapse perde wat deur die wêreld so gesog en gewild was.

Aangesien die getalle van die ou Kaapse perde as gevolg van perdesiekte, vrektes, uitvoere en oorloë (Boere-oorloë) so laag was, het ‘n wesenlike probleem vir teeldoeleindes sover dit manlike diere betref, ontstaan. Hingste van ander rasse wat aan al die vereistes van die beoogde ras voldoen en in enige opsig die ras kan verbeter, bv. die volbloed Arabier en Amerikaanse Saalperd, sou gebruik word met die gedagte dat hierdie vullens met die regte eienskappe vir die opbou van die ras gebruik sal word.

Met die gebruik van hingste van ander rasse sal daarteen gewaak word dat geen goeie eienskappe van die Kaapse perd verlore gaan nie. Hierdie ander rasse sal gebruik word totdat vullens wat aan al die rasstandaarde beantwoord, gebore word en dit dus onnodig sal wees om wees om verder enige ander bloed te gebruik.

Geen brandmerking of tatoeëring sal plaasvind nie; diere sal slegs aan kleurmerke en name uitgeken word. Kleurmerke moet tydens geboortekennisgewing aangedui word – hierdie merke sal baie noukeurig aangeteken word tydens senior inspeksie.

Alle perde sal gekeur word en dié wat aanvaar word sal in fondasie geplaas word. Vullens wat uit fondasie-ouers gebore word, sal dan na Fx gaan, maar kan met inspeksie na fondasie teruggeplaas of geheel en al afgekeur word.

Vullens uit Fx ouers gebore gaan na Fy maar kan met inspeksie teruggeplaas word na Fx of fondasie of uitgeskot word. Vullens van Fy-ouers gaan na Fz maar kan weer na inspeksie na enige laer graad afgegradeer of uitgeskot word, sodat alleenlik voortreflike diere oorbly.

Geboortekennisgewings van bogenoemde perde moet binne 60 dae aan die ryperdtelers se kantoor gestuur word vir aanname, terwyl merries op 2-jarige en hingste op 3-jarige ouderom geinspekteer word vir aanname of afklassering.

Die naam "Boerperd" is op 'n stadium na "Nasionale Ryperd" verander, maar is 'n paar jaar later weer na die oorspronklike terug verander. Die Boerperd-boeke is in Desember 1964 gesluit en geen vreemde dier is vir registrasie opgeneem nie. Slegs vullens uit albei aangetekende ouers is na inspeksie en slegs wanneer die dier aan al die rasstandaarde beantwoord, word hulle aanvaar. Die boeke is later weer vir ongeveer 'n jaar geopen maar is weer in 1970 gesluit totdat die Suid-Afrikaanse Stamboekvereniging in 1981 bereid was om die affiliasie te aanvaar. Perde met genoegsame plaasrekords en die gewenste eienskappe is hierna na inspeksie in F1 aanvaar.

Sedert 1981 was ander-ras hingste in die Stamboek opgeteken. Die nageslag van al die hingste soos verskyn in die Stamboek moet aan die kantoor van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap binne 90 dae van geboorte gestuur word. Hierdie perd is dan nog net as vullens geregistreer en sal op 'n later stadium geinspekteer kan word as senior perde.

In 1993 is besef dat die Kaapse Boerperd besig is om sy identiteit te verloor. Daar is besluit om ander-ras hingste te nomineer wat weer die Boerperd op standaard sal kan bring. Dié sulke hingste sal deur 'n Keurder geinspekteer word. In 1994 is daar 8 hingste geselekteer. Die nageslag van hierdie uitgesoekte hingste asook die wat alreeds as Boerperde geregistreer is sal in die Stamboek opgeteken word, mits die moeders van sulke vullens wel op rekord by kantoor is en sal as F1 aangeteken word.

Wat die teelbeleid in die toekoms gaan behels, sal grootliks afhang van advies en aanbevelings vanaf die SA Stamboekvereniging, of die Departement. Dit moet egter in ag geneem word dat die Kaapse Boerperd nogsteeds 'n ontwikkelende ras is.

Die volgende geringe veranderings sal aangebring word:

1. Die perde, soos aangeteken in die ryperde se lêers, sal deur die SA Stamboek Vereniging opgeneem word. Hulle perde sal in verskillende katagorieë geplaas word volgens hulle rekord van teling soos verkry vanaf die kantoor van die Ryperdtelersgenootskap.

2. Die opgradering sal verder soos in die verlede geskied, behalwe dat die simbole Fx, y, z in die toekoms Fondasie F1, F2, F3 ens., sal wees.

3. Die vordering sal ook dieselfde bly – vullens van fondasie-ouers sal na F1, vullens van F1 ouers na F2 en vullens van F2 ouers na F3 vorder. In bogenoemde gevalle en selfs hoër op, sal dié alleenlik na inspeksie geskied. ‘n Perd kan dus na enige laer graad gegradeer word of selfs na fondasie, of geheel en al afgekeur word, maar geen perd sal deurgaan sonder inspeksie nie. Dit impliseer dus dat SA Stamboek se stelsel van gradering uitgevoer sal word.

4. Merries wat nie in die boeke is nie sal geinspekteer word wanneer daarvoor aansoek gedoen word. Wanneer so ‘n merrie aan al die eienskappe en rasstandaarde, asook die nodige plaasrekords van teling beantwoord, sal sy na fondasie opgeskryf word.

5. Manlike diere kan nie soos vroulike diere hierbo aanvaar word nie, omrede so ‘n hings se vul (al sou die merrie ‘n F1 wees), nooit hoër as F1 kan vorder nie.

6. Omrede die manlike diere, soos in die voorafgaande punt, nie aanvaarbaar is nie, kan dan ook nie van enige ander ras se hingste gebruik gemaak word nie.

7. Om te voorkom dat daar twyfel tussen hierdie ras en enige ander ras ontstaan, moet streng gewaak word teen die feit dat die Kaapse Boerperd nie sy eie identiteit verloor nie.

## STANDAARD VAN TELING EN BOUVORM VAN DIE BOERPERD

Perd moet middelmatige grootte wees (14-16 hand). Sterk, dog nie lomp nie. Baie kwaliteit, veral in die bene.

### A. STREWE IN TELING:

Eerstens word die Boerperd gebruik vir harde en veeleisende plaaswerk. Dus moet hy gehard wees met die baie uithouvermoë. Rats en vas op sy pote.

Tweedens moet die Boerperd baie gemaklik ry met genoeg spoed op sy verskillende gange sodat hy deur almal as ‘n plesierperd gebruik kan word. Hy moet sy ruiter nie teveel vermoei nie.

In die derde plek moet die Boerperd genoeg styl en aksie hê om op enige skou sy plek vol te staan in die Teel-sowel as Ry-klasse.

### B. BOUVORM:

**KOP:** reguit profile, droog en goed gedifinieer met wye kake; vlesigheid is ‘n diskwalifikasie. Voorkop breed, vol met oë wyd uitmekaar. Geboëprofiel (Romeinse neus) of holkop is kwalifikasie.

**BEK:** verfynd met dun lippe wat redelik diep insny wat die stempel van kwaliteit dra. Neusgate groot dog fyn met tande wat goed opmekaar pas. Kort of lang onderkaak is ‘n diskwalifikasie.

**OË:** groot, blink, helder en sag met ‘n lewendige intellegente uitdrukking.

**ORE:** middelmatig tot groot, mooi gevorm, gepunt, fyn en mooi stand, nie te ver uitmekaar nie.

**NEK:** hingste gespierd met 'n prominente manekam, groot gorrel, onder nek fyn met geen vlesigheid. Nek middelmatig tot lank, diep waar dit in die ligaam invloei. Nek moet hoog in 'n liggaam aansluit, maar nie uitermatig nie.

**SKOUERS:** lank, goed aangeheg met 'n 45 grade skuinste met die vertikale. Goed gespierd met geen teken van los skouers nie.

**KAMBENE (SKOF):** fyn, hoog, goed bedek dog nie te prominent nie.

**BO-ARM:** kort en staan met 'n goeie skuinste na vore. Regop bo-arm bevorder beenbeserings en die perd ry ongemaklik waarteen gediskrimineer word.

**VOOR-ARM:** gespierd, lank en breed.

**KNIE:** nie vlesig. Breed, reguit, diep. Moet sterk gestut wees, met 'n prominente en harde pese-aanhegting.

**PYPBEEN:** kort, breed, met prominente senings wat groot en na agter uitstaan en goed gedifineer is.

**KOOTGEWRIG:** breed, reguit en nie vlesig

**KOOT:** sterk met 'n hoek van 45 grade met grond. Kort en regop koot is 'n diskwalifikasie.

**HOEWE:** middelmatig, liewer groot as klein hoewand, dig met goeie tekstuur, straal groot en elasties (are sterk), soos hol met 'n wye hiel.

**BORS:** breed en goed gespierd, met 'n onderstebo V vorm tussen voorbene, wat as ideal groot van omvang is.

**RIBBIES:** goeie sprong van ribbes, lank en naby mekaar, daar moet genoeg ruimte wees vir lewensbelangrike organe.

**RUG:** reguit. Kort, breed, gespierd

**LENDE:** kort, breed, sterk gespierd. Aansluitings sterk en gelyk inpas in rug en agterlyf sonder om prominent te wees. 'n Maksimum van vier duim tussen die laaste rib en die heupknop sal toegelaat word in die geval van hingste en vyf duim in die geval van merries binne die verlange hoogte perde van 14 tot 16 hande.

**ONDERLYN:** middelmatig tot lank. Die middelstuk as 'n geheel moet diep wees en die indruk skep dat die dier kort van been is. Die liste moet vol wees. Rankheid word teen gediskrimineer.

**FLEUR:** moet glad, breed en gelyk wees.

**KRUIS:** lank, breed en goed gespierd, dog nie reguit nie, maar vorm ‘n definitiewe ronding vanaf die punt van die heup tot by die stertinplanting asook vanaf die punt van die heupknop na die punt van die ander heupknop. Die boude moet ‘n ronding tot by die onderdy gespierd wees.

**STERT:** hoog aangeheg en swierig met lang digte dog fyn hare.

**DYE:** lank, gespierd en breed

**ONDERDY OF SKENKEL:** lank, breed, gespierd, sonder oormatige insnyding waar die onderdy en boude aansluit.

**SPRONGGEWRIG:** die verlangde hoogte 14.2 tot 15.2 hande. Perde onder 14 hande; en bo 16 hande word gediskwalifiseer.

**ANDER EIENSKAPPE IN BEOORDELING**

Boerperd kan baie kwaliteit en fiere houding en aksie toon mits hy voldoen aan bouvorm standaarde en tipe. As ‘n perd kunsmatig staan en rek sodat sy bouvorm en voorkoms misleidend is, is dit wenslik om so ‘n dier te laat beweeg om vas te stel of sy bouvorm nie foutief is nie.

Moet fiere houding van kop vertoon, met hoë rolaksie beweeg en met al vier sy bene ry. Moet met aksie, styl en grasie beweeg. Goeie temperament besit en gemaklik ry. Moet nie gou opgewonde raak of skrik nie. Moet met min kos in goeie kondisie bly en moet dag in en dag uit vir lang ure en ‘n swaar ruiter onvermoeid heeldag oor ongelyke terrein dra. Moet ‘n uitmuntende Skouperd wees.

**KLEUR:** die volgende kleure is nie aanvaarbaar nie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Albino | Askleur | Swart bont | Rooi bont |

**FOUTE WAARTEEN GEDISKRIMINEER WORD:**

Enige vlesigheid aan kop.
Enige vlesigheid by onder nekrand
Lang rug of swak rug
Swak kop
Swak nekaansluitings by kop en skouers
Hangkruis
Vlesige sprong-knie of kootgewrigte
Rankheid of opgesny in die lieste
Diskwalifikasies soos dit af en toe voorgekom het in die standaard van Voortreflikheid – moet hier gelys word.

# HOOFSTUK 2

## AMATEURSTATUS

‘n Lang gekoesterde ideal van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap is onlangs verwesenlik toe Amateurstatus aan die ras toegeken is. Dit kan verrykende gevolge inhou vir hierdie perderas wat so eie is aan Suid-Afrika soos biltong en braaivleis.

Dit behoort nie net moontlikhede te bied nie, maar sal ook nuwe lewe en geesdrift in die ras en sy telers blaas.

Amateurstatus beteken dat Kaapse Boerperde voortaan volwaardig as sportperde kan meeding, en nie net – soos in die verlede – individueel in die skouring nie. Dit beteken dat daar nou interprovinsiaal – en straks internasionaal – meegeding sal kan word, en dat ruiters provinsiale en dalk selfs Springbokkleure sal kan verwerf. Mnr Tokkie de Klerk (President van die Genootskap) meen dit is een van die grootste mylpale in die meer as veertig jaarlange bestaan van die genootskap.

Voorheen was die teel en afrig van die Kaapse Boerperde ‘n individuele onderneming vir elke teller of eienaar en kon hoogstens in die skouring meegeding word.
Die fynere implikasies wat amateurstatus vir die ras en die genootskap sal inhou, sal binne die afsienbare tyd deeglik bespreek word. Mnr de Klerk voorsien dat die land in streke of subunies (provinsies) ingedeel sal word waaruit spanne dan op prestasie en meriete gekies sal word om op nasionale vlak met mekaar mee te ding.

Die stelsel behoort soos volg te werk:

Daar sal steeds op klubskoue individueel meegeding word, waarna die beste diere en ruiters op streekskoue sal meeding – waarskynlik op een of twee sulke streekskoue per streek of subunie. Hier sal streek- of provinsiespanne gekies word om een keer per jaar op nasionale vlak teen mekaar mee te ding om die voorste Kaapse Provinsiale Boerperdspan in die land aan te wys.

Mnr de Klerk meen daar kan selfs op internasionale vlak meegeding word tussen spanne. Daar is weliswaar nie juis Kaapse Boerperde in baie ander lande nie, maar hier kan die moontlikheid ondersoek word om, byvoorbeeld, mee te ding teen ‘n span van Namibië, waar ook heelparty Kaapse Boerperdtelers is.

Dan sou dit nie ontmoontlik wees om selfs Springbokkleure te verwerf nie.

Vir die ras self hou die verkryging van amateurstatus ook heelwat implikasies in. Heelwat meer telers sal hopelik nou na vore kom. Dit sal outomaties lei tot die ontstaan van ‘n groter mark vir die ras, wat meer telers na die bedryf kan lok. Met ‘n groter vraag en mark behoort telers beter pryse vir hul teeldiere te behaal.

Tans is daar nie vaste, gedefinieerde bloedlyne waarvolgens Kaapse Boerperde geteel word nie. Namate teelmateriaal toeneem, kan op die duur ook erkende bloedlyne in die land ontwikkel word wat vir hulle deur prestasie naam kan maak en so baie gesog kan word.

Mnr de Klerk het ‘n vaste mening oor die feit dat die amateurstatus wat die ras nou geniet, glad nie moet inmeng met die bestaande teelbeleid wat gevolg word nie. Die Kaapse Boerperd is ‘n plesierperd en ‘n geharde werkperd wat sy plek in die skouring kan volstaan. En dit is presies wat hy in die toekoms moet bly. Daar moet nooit van hierdie dubbeldoel-eienskappe afgewyk word nie. Daar moet gewis nie voortaan so geteel word dat die Kaapse Boerperd uitsluitlik vir mededinging en die skouring geteel word nie. Dit was nog nooit die idee van die Kaapse Boerperdtelersgenootskap om die identiteit van enige ander perderas oor te neem of te benadeel nie, maar wel om sy identiteit te behou en op te bou.

Toe die genootskap in 1948 tot stand gekom het, was daar baie min Kaapse Boerperde in die land vanweë perdsiekte en ander faktore. Dit was moeilik om goeie teelhingste te kry. Hingste van ander rasse wat voldoen het aan vereistes soos bepaal deur die genootskap, is toe gebruik om die ras op te bou. Goeie hingste van ander rasse is gebruik, veral Arabier- en Amerikaanse Saalperdhingste. Met die laasgenoemde gebruik is nog altyd gewaak daarteen dat die besondere eienskappe van die Kaapse Boerperd nie verlore gaan nie.

In 1964 is die boeke “gesluit” en geen teelmateriaal van ander rasse mag meer gebruik word nie. Later is die boeke weer vir ‘n rukkie “geopen”, maar in 1970 weer “gesluit” tot die SA Stamboekvereniging in 1981 bereid was om die affiliasie te aanvaar. Perde met die gewenste eienskappe is hierna as F1 aanvaar.

Mnr de Klerk meen daar is steeds te min werklik bruikbare topgehalte teelhingste beskikbaar om die Kaapse Boerperd as ras uit te bou. Tans word ander rasse se teelhingste gebruik wat aan die bepaalde vereistes voldoen. Tog is daar geen vaste riglyne vir sulke teeldiere nie.

Elke teler kan feitlik enige hings wat sy insiens aan die vereistes voldoen, in sy teelprogram gebruik.

Dit is ‘n groot leemte in die teelbeleid van die Kaapse Boerperd, en daar sal gewis meer dissipline moet wees.

Mnr de Klerk meen die antwoord lê daarin dat ‘n hoeveelheid teelhingste uit ander aanvaarbare rasse geidentifiseer word en dat slegs hulle voortaan as teelmateriaal gebruik mag word. Die hingste moet baie noukerig gekeur word sodat hulle aan die standaarde van die Kaapse Boerperd voldoen.

So sal die teelbeleid nouer getrek en ‘n mate van eenvormigheid bewerkstelling kan word. So sal daar ook nooit werklik vaste gedefinieerde bloedlyne in die ras tot stand kom as daar nie ‘n keerpunt in die teelbeleid kom nie.

Die Kaapse Boerperd Amateurunie wat gestig is na amateurstatus verkry is, is by die SA Amateur Saalperdunie ingeskakel. Kaapse Boerperdtelers is nie outomaties lid van die amateurunie nie, maar moet om lidmaatskap aansoek doen.

Etlike telers het al sedert September 1990 lid van die amateurunie geword.

Die toekoms is vol belofte. Almal wat lief is vir hierdie Suid-Afrikaanse perderas moet nou daaraan werk om soveel mense se belangstelling in die ras te werk en dit so te laat herleef.

**VOORGESTELDE LIDMAATSKAPNORME VIR DIE KAAPSE BOERPERD AMATEUR UNIE (KBAU)**

1. **KAAPSE BOERPERD AMATEURISME**

   Dit is gestelheid wat hoofsaaklik deur goeie trou en gesindheid omlyn word en dit betrek as uitgangspunt die aktiewiteite van die gene wat aan die Boerperdsport deelnaam uit liefhebbery en sonder om selfs in die breë 'n beroep of broodwinning daarvan te maak.

2. **DEFINISIES:**

   Vir die doeleindes hiervan, sal, tensy spesifiek anders bepaal.

   2.1. Die enkelvoud die meervoud insluit manlike ook die vroulike;

   2.2. Vergoeding beteken direkte of indirekte vergoeding in geld of goedere

   2.3. Buitepersoon beteken enige iemand wat nie 'n onmiddellike famielielid is nie;

   2.4. Onmiddellike familielid beteken 'n eggenoot, ouer, broer, suster of kind.

3. **TENSY DIE TEENDEEL BEWYS WORD, WORD DIT GEAG DAT DIE VOLGENDE PERSONE NIE AMATEURS IS NIE**

   3.1. Iemand wie se naam verskyn, of verskyn het, op die ledelys van die Professionele Saalperd Afrigtersvereniging van Suid-Afrika. 'n Tydperk van nie minder as een jaar en tot drie jaar mag as vereiste termyn verloop voor die genoemde persoon se aansoek oorweeg sal word vir Amateurstatus.

   3.2. 'n Persoon wat perde of ruiters van buitepersone afrig.

   3.3. 'n Persoon wat ry, draf of aan die hand perde vertoon van 'n buitepersoon wat deur hom afgerig word.

   3.4. Enige werknemer wat vergoeding in perde verband ontvang.

   3.5. 'n Persoon wat vergoeding ontvang vir aanbieding van klinieke, kursusse of seminaars.

   3.6. 'n Persoon wat vergoeding ontvang as instrukteur in ruiterkuns of in afrigting van perde. (Persone wat bloot as hulp en adviserende hulp tydens 'n kursus optree en nie in 'n eksklusiewe hoedanigheid as instrukteur in diens geneem word nie, word hierby ingesluit.)

   3.7. 'n Persoon wat ry, draf of aan die hand vertoon, enige perd waarvoor hy of 'n lid van sy onmiddellike familie vergoeding ontvang vir afrigting.

**4. TENSY DIE TEENDEEL BEWYS WORD, WORD DIT GEAG DAT DIE VOLGENDE NIE VAN AMATEURSTATUS ONTNEEM IS NIE**

4.1. Iemand wat aan paragraaf 1 voldoen en nie onder paragraaf 3 restorteer nie en verder in die besonder, maar sonder om uitputtend te wees.

4.2. Iemand onder die ouderdom van 18 jaar nie.

4.3. Iemand wat Boerperde teel en verkoop.

4.4. Iemand wat kursusse (selfs teen vergoeding) aanbied onder beskerming van die Boerperdtelersgenootskap, Beamptesvereniging, Beoordelaarsvereniging of die Kaapse Boerperd Amateurunie.

4.5. Iemand wat Boerperde koop en verkoop.

4.6. Iemand wat selfs teen vergoeding as ‘n bestuurder van ‘n Klub-, Subunie-, of KBAU-klubspan optree.

# HOOFSTUK 3

## ALGEMENE REËLS VAN BETREKKING OP ALLE BOERPERDAFDELINGS

1. Reëls mag nie verander of aangepas word nie en nuwe reëls mag nie opgestel word deur skou-organiseerders, skoubeamptes, baanmeesters, beoordelaars of enige ander persone nie, sonder tydige en deeglike oorleg met die betrokke Ryperd Beoordelaarsvereniging; die Ryperd Baanbeampteverenigng en die Perdtelers-vereniging.

2. Perde wat vertoon word onder gesamentlike eienaarskap, moet as sulks geregistreer wees en vir skoudoeleindes kan eienaarskap nie gesamentlik wees nie, tensy die skouprogram / pryslys daarvoor voorsiening maak.

3. Die volgorde van klasse, soos aangedui in die pryslys (skouprogram), mag nie op versoek van uitstallers of baanbeamptes verander word nie, en die klasse mag ook nie voor die tyd wat in die amptelike skouprogram geskuduleer is, vertoon nie.

4. ‘n Tydsbeperking moet tussen items van krag wees en die hekke moet toegemaak word. Perde mag nie toegelaat word om binne die ring te kom nadat ‘n klas reeds ‘n aanvang geneem het nie.

5. Daar mag nie kruisinskrywings wees tussen Driegang- en Vyfgangsklasse; Siertuig- en Enkeltuigklasse nie.

6. Die ouderdom van ‘n perd moet bereken word vanaf 1 Augustus tot die eerste dag van die bepaalde skou.

7. Senior perde: Teelklasse: Drie jaar en ouer. Ryklasse: Vyf jaar en ouer.
   Junior perde: Teelklasse: Onder drie jaar. Ryklasse: Onder vyf jaar.

8. Kwalifiserende klasse vir Kampioenskappe bestaan uit al die preliminêre klasse, met die uitsondering van Ruiterkunsklasse en drie- en vyfgangklasse en tuigklasse, wat uitsluitlik vir kinders en juniors is wat nog nie hul agtiende verjaarsdag bereik het nie.

9. Enige perd wat voor die einde van ‘n klas sy vertoning moet opskort a.g.v brekasie van toerusting of verloor van ‘n yster of ‘n ander rede wat as “bad luck” beskryf kan word, mag vir die kampioenskappe ingeskryf word teen die betaling van ‘n bedrag gelyk aan die laagste prysgeld in die betrokke kampioenskap.

10. ‘n Perd wat ‘n ongeluk oorkom in ‘n kwalifiserende klas, soos byvoorbeeld om ‘n yster te verloor of wat die onskuldige party is in ‘n kwaadwillige botsing, mag vir die kampioenskap ingeskryf word op voorwaarde dat hy in die ring bly en by die opstelling/groepering aansluit om geïnspekteer te word, en word slegs daarna verskoon uit die ring.

11. Daar sal geen vervanging van ‘n ruiter of drywer wees tydens ‘n klas nie, behalwe in geval van siekte of besering. Geen vervanging word toegelaat in ruiterkunsklasse nie.

12. Perde waarvan verwag word om te poseer/'n houding in te neem wanneer hulle stilstaan, mag, indien die beoordelaar dit verlang, deur die beoordelaar gevra word om in 'n natuurlike houding te staan vir inspeksie. Wanneer 'n perd egter gevra word om 'n houding in te neem en hy kan dit nie onmiddellik doen nie, plaas hy sy kanse om die klas te wen, in die weegskaal.

13. Die afsaal van perde in ryklasse is opsioneel, en in enige klas waar twee perde as gelyke vertoners beskou word, sal dit toegelaat word dat hulle afgesaal word.

14. Beoordelaars mag nie persoonlik perde in die ry- of tuigklasse ry of draf nie.

15. Dit is die baanmeester se plig, en nie die van die beoordelaar nie, om na te gaan vir verkeerde inskrywings ten opsigte van ouderdom, hoogte, geslag, of kruisinskrywings. Die beoordelaar sal wat voor hom verskyn, ter goeder trou beoordeel.

16. Die beoordelaar moet perde wat nie aan die tipe voldoen nie, aan die begin van 'n klas elimineer en mag sodanige perde nie in sy beoordeling oorweeg nie. As 'n uitstaande perd nie eerste geplaas word, omdat dit nie van die voorgeskrewe soort is vir die klas nie, kan hy nie laer geplaas word nie, maar moet heeltemal buite rekening gelaat word.

17. Die beoordelaar moet homself hou by die "Voorgeskrewe Tyd" vir elke klas en val, wat hierdie aspek aanbetref, onder die beheer van die aankondiger.

18. Pryskaartjies, rosette en linte word slegs in spesiale of uitsonderlike klasse deur die beoordelaar oorhandig, soos byvoorbeeld by kampioenskappe en in sulke gevalle moet hy deur die baanmeester vergesel word.

19. In beide die teel- en ryklasse moet 'n perd beoordeel word op sy huidige voorkoms en geen vooruitkouing/aanname mag gemaak word oor sy toekomstige ontwikkeling nie.

20. Slegs twee hanteerders per perd word toegelaat in die teelklasse maar slegs een mag die perd vashou.

21. Geen hanteerders, bykomend tot die ruiter, sal in die ryklasse toegelaat word nie.

22. Een hanteerder sal in die tuigklasse toegelaat word. Die hanteerder sal nie toegelaat word om aan die agterkant van die perd of die karretjie te ry nie, ook nie langs die drywer van die karretjie nie.

23. Terwyl 'n perd in die teelklas beoordeel word, mag geen ander vertoner of hanteerder hom pla deur byvoorbeeld 'n sweepslag of deur enige ander metode nie.

24. Vertoners mag nie in die ring rondluier nie en ook nie oor die arena loop nie, behalwe as hulle geklassifiseer is as hanteerders en besig is om hulle pligte uit te voer. Sodanige vertoners en/of hanteerders mag nie 'n gesprek aanknoop met die beoordelaars nie, of in 'n gesprek of enige kommentaar betrek word deur die beoordelaars nie

25. Alle perde moet gesond en diensbaar/vry van gebreke wees.

26. Toerusting, uitrusting en ryklere is verpligtend soos voorgeskryf in die hoofstuk “Uitrusting en Voorkoms” en slordige vertoners sal gepenaliseer word.

    Let Wel: Uitrusting word geklassifiseer as:
    (a) Korrek
    (b) Nie Korrek/Verkeerd
    (c) Onskeidend/Diskriminerend
    (d) Diskwalifikasie

27. Spore is opsioneel. Wielietjies moet stomp wees. Alhoewel spore toegelaat word, sal die opsigtelike gebruik van spore in die vertoonring sterk gepenaliseer word, asook die opsigtelike gebruik van die peitsie.

28. Perde moet in beide rigtings om die baan gewerk word in ryklasse en moet met die binnebeen lei by die gallop.

29. Spesiale aandag moet aan die perd se gerief gegee word in al die klasse, sowel as in die stalle. Beoordelaars, bygestaan deur die baanmeesters, is bevoeg om alle oortredings streng te penaliseer.

30. ‘n Perd mag slegs aan die kampioenskappe deelneem indien hy ‘n kwalifiserende klas voltooi het, of soos in punt 10 hierbo genoem, hy van die klas verskoon is.

31. Slegs perde wat geregistreer is by die Boerperd Telersvereniging van Suid Afrika mag deelneem in die nasionale kampioenskappe.

32. Rekord van afkoms moet alle inskrywings vergesel en Vulboeksertifikate moet gegee word aan perd onder drie jaar oud.

33. Perde moet sonder kunsmatige bykomstighede vertoon word, soos byvoorbeeld vals sterte, stertverlengings, stertbedekkings, vals hoewe en oorversterkings.

34. Aankapskoene word slegs in die vyfgangklasse en enkel- en siertuigklasse toegelaat, maar nie in die teelklasse of driegangklasse nie.

35. Geen perd mag in die saal- of tuigklasse met ‘n neusmuilband (hackamore) vertoon word nie.

36. Sterttuie en stertstutte en linte is ‘n diskwalifikasie.

37. Soolleer (pads) en wigsole (wedges) is toelaatbaar, solank die hoef van die perd nie oorlaai word nie. Die gewig van die hoefyster en die lengte van die voet moet aanpas by die grootte van die perd en mag nie 12cm oorskry nie. Die lengte van die voet moet gemeet word teen die voorkant van die hoef af, vanaf die skeen/skenkel aan die lae kant van die hoefkroon tot aan die bopunt van die hoefyster.

38. Dit word aanbeveel dat die perde nie strek nie en die beoordelaar behoort van elke perd te verwag, om natuurlik te staan vir inspeksie.

39. Dit word in alle ryklasse aanbeveel dat ‘n platsaal gebruik word.

40. Die perd moet platvoetig en in suiwer viermaat stap. Drafstap is ‘n diskwalifikasie.

41. ‘n Perd moet in ‘n oop klas kwalifiseer om aan die kampioenskappe te mag deelneem. Perde kan dus nie in die kinderklasse vir die kampioenskappe kwalifiseer nie.

42. Slegs die eienaar van ‘n perd of amateur mag ‘n perd vertoon by alle georganiseerde Boerperdskoue. Hierdie persoon moet ook ‘n lid van die Boerperdtelersgenootskap of die Amateur Unie of albei wees.

43. Alle junior ruiters wat deelneem, kompeteer in die ouderdomsgroep waarin hulle sal val op 1 Januarie van die betrokke jaar.

44. Alle perde se ouderdom word jaarliks op 1 Augustus bereken om te bepaal in watter ouderdomsgroep hulle val.

45. Die Amateur-kampioenskappe en die Boerperdtelers Genootskap-Kampioenskappe word saam gehou.

46. Professionele afrigters mag nie vir ‘n provinsiale span ry nie.

47. Alle lede van ‘n provinsiale span moet lede van daardie provinsiale amateurunie wees.

48. ‘n Persoon moet op klub- en streeksvlak kompeteer om vir die provinsiale span gekies te kan word.

49. Elke provinsiale span mag 4 deelnemers en 1 reserwe nomineer vir elke klas.

50. Die genomineerde span van elke provinsie moet by die sekretaresse van die Boerperdtelers Genootskap ingehandig word die oggend van die eerste dag van die Amateur Kampioenskappe voor die begin van die eerste klas. Geen veranderings aan die span sal dan verder toegelaat word nie.

51. Die provinsiale spanne ding mee om die Pietie Joubert-trofee. Hierdie trofee word toegeken aan die span wat die meeste punte tydens die Amateur-kampioenskappe verdien.

52. Vir die ruiterkuns-toetsklas mag die WP en die OP elk 8 ruiters nomineer en die Griekwas en die Vrystaat elk 4 ruiters. Daar sal dan in ‘n uitduntoets gery word, waarna die beste 10 ruiters aan die finale toets sal deelneem, waaruit die nasionale span dan gekies sal word.

53. Die Nasionale Ruiterkunsspan word deur ‘n paneel van keurders gekies. Hierdie paneel word deur die Nasionale Amateurkomitee gekies.

54. Slegs geregistreerde of voorafgekeurde Boeperde mag aan die Nasionale Kampioenskappe deelneem. Geen perde sal tydens of by die Nasionale

Kampioenskappe geïnspekteer word nie. Bewys van registrasie of keuring sal aangevra word.

55. Keurders mag nie hul eie perde of die perde van hul eggenotes of kinders inspekteur nie.

56. Wanneer 'n perd as Boerperd gekeur is, moet alle vorige registrasies van so 'n perd aan die keurder oorhandig word vir kansellasie. Sou 'n persoon skuldig bevind word aan die dubbelregistrasie van 'n perd, kan hy/sy onmiddellik aan tugmaatreëls blootgestel word.

57. Slegs vullens van geregistreerde Boerperdmerries en geregistreerde Boerperdhingste of van die goedgekeurde hingste hieronder, mag geregistreer word in die Boerperdvul-register. Slegs geregistreerde vullens mag geskou word.

    SHOWMAN
    MAN OF PROPERTY
    HUM DRUM
    DON HARRIES
    SOCIETY DENMARK
    THE RED BARON
    CAP + HOOK
    HI WATCH

58. Alle geregistreerde vullens moet weer gekeur word vir registrasie in die Senior Boerperdregister – merries op twee jaar en hingste op drie jaar.

59. Die Boerperdtelers-Genootskap moet in kennis gestel word van all verkope, oordragte en afsterwe van perde.

60. Perde mag slegs geinspekteer word deur 'n keurder aangestel deur die Boerperdtelers-Genootskap.

61. Hingste moet deur twee keurders goedgekeur en geïnspekteer word.

62. Indien 'n perd afgekeur word, mag die eienaar vir 'n herinspeksie by die Boerperdtelers-Genootskap aansoek doen. Die eienaar moet R50.00 betaal vir die aansoek. Die Komitee sal dan 'n paneel van drie inspekteurs aanwys om die perd op die koste van die eienaar te herinspekteer. Slegs een herinspeksie per perd sal toegelaat word. 'n Perd wat nie 'n inspeksie slaag nie, mag nie as 'n Boerperd geskou word nie.

63. Koste van inspeksies sal soos volg wees en sal van tyd tot tyd aangepas word: R1.00/km + R50.00 per eienaar wie se perde geinspekteer word. Hierdie fooie is slegs geldig indien die inspekteur spesiaal moet reis om die perde te inspekteer.

64. Die verskillende provinsiale amateurunies mag self besluit hoe hulle span sal kies en hoe en wanneer provinsiale kleure toegeken sal word.

65. Alle perde wat medikasie gebruik gedurende of net voor 'n skou moet 'n veearts-sertifikaat kan toon.

66. Alle amateuraansoeke sal na die Boerperdtelers-Genootskap se kantoor gestuur word en by ‘n Amateur Komiteevergadering vir goedkeuring voorgel word.

67. Indien ‘n provinsiale span nie by die reëls hou by die verkiesing van ‘n span of deelname aan die SA Kampioenskappe nie sal so ‘n span met 25 punte per oortreding beboet word.

68. ‘n Perd en sy ruiter vorm ‘n span en hierdie “span” word dus verkies om vir ‘n provinsiale span te ry.

69. ‘n Perd moet geplaas word in ‘n klas by die SA Kampioenskappe om te kwalifiseer om aan die kampioenskappe deel te neem.

70. Die geregistreerde eienaar/s van ‘n Kaapse Boerperd moet ook die wettige eienaar/s van sodanige perd wees.

# HOOFSTUK 4

## BOUVORM VAN DIE KAAPSE BOERPERD

**KOP**
Reguit profiel, benerig en skraal, met wye kaak. ‘n Ramskop (bol gesig), snoekkop (hol gesig) en ‘n swaar, vlesige kaak nie aanvaarbaar nie.

**NEUS**
Fyn neus, wye neusgate, dun lippe, gelyke en gesonde tande. Bovoorbytende of ondervoorbytende mond nie aanvaarbaar nie.

**OË**
Oë groot en helder, lewendig, dog vriendelik en intelligent.

**ORE**
Ore medium tot groot, goedgevormd en spits, fyn van tekstuur, goed geplaas, op en wakker en nie te ver uit mekaar nie.

**VOORKOP**
Voorkop breed en vol, met oë wyd uit mekaar uit.

**NEK**
Nek goed gespierd en geboë, groot gorrel. Geen teken van vlesigheid by die keelaansluiting nie, wat fynbesnede (skraal) moet wees. Die nek is medium tot lank, diep by die nekbasis, waar dit met die romp moet ineenvloei sonder ‘n merkbare aansluiting. Die nek is redelik hoog tussen die skouers geplaas.

**SKOUERS**
Skouers is lank en glad en loop ‘n hele entjie in die rug af, goed gespierd, met geen teken van ‘n swaar nek of los blaaie nie.

**SKOF**
Skof skraal, maar goed gespierd en nie te prominent nie.

**ONDERBENE**
Onderbene kort en met ‘n goed gedifinieerde voorwaartse aansluiting. ‘n Regaf onderbeen veroorsaak beserings vir die perd en ongerief vir die ruiter.

**VOORBOBONE**
Voorbobene lank, breed en goed gespierd.

**KNIE**
Knie skerp omlyn, breed, reguit, diep, met sterk-ondersteunde en prominente sening-aansluitings.

**SKEENBENE**
Skene kort en plat, vooraansig skraal en syaansig breed, met senings deeglik aan die knie geheg, diep geleë en deeglik gedifinieer (prominent omlyn).

**KOOTGEWRIG**
Kootgewrigte / skenkelgewrigte wyd en reguit en vry van vlesigheid.

**SKENKEL / KOOT ("Pastern")**
Skenkels sterk, vorm 'n hoek van 45/ met die grond. 'n Kort en regop skenkel is nie aanvaarbaar nie.

**POTE**
Poot medium grootte; eerder groot as klein, met reelmatige, digte hoef, groot elastiese horingstraal en sterk steunsels ("bars"). Die sool konkaaf (holrond) en hak wyd.

**BORS**
Borskas diep, laag en sterk gespierd; die beste synde 'n V-vormige aansluiting tussen die bene en die bors. Borskas neig na breed.

**ROMP (RIBBEKAS) EN RUG**
Romp wyd met goed gewelfde ribbes, borsomvorming ("girth") groot en wyd met genoeg ruimte vir die hart. Rug kort, breed, gespierd en reguit, met 'n kort bolyn; die onderlyn medium tot lank; die middelpunt so diep dat dit die indruk skep dat die perd kort van been is. Die lies behoort baie goed na onder te wees, wydbenigheid ("Showing Daylight"), dun in die lies of rankerigheid (langbenigheid/slankheid) nie toelaatbaar nie.

**LENDE**
Lende wyd en kort, met dik, sterk spiere bedek. Gladde koppeling, met geen neiging tot 'n bolrug (konvekse rug). 'n Maksimum spasie van 10cm (4 duim) tussen die laaste rib en die heupaansluiting, in die geval van hingste en in die geval van merries 12.5cm (5 duim), binne die verlangde hoogtebeperking van 14-16 hande, sal toegelaat word.

**KRUIS**
Kruis lank, breed en goed gespierd. Dit word gekenmerk deur 'n geronde vorm vanaf die punt van die kruis tot by die stertpit, asook vanaf die punt van die heup na die oorkanste punt van die heup. Die boude is diep, met die punt van die boud gerond. 'n Hangkruis nie aanvaarbaar nie. 'n Steil kruis in nie aanvaarbaar nie.

**STERT**
Stert redelik hoog geplaas; vol en welig.

**DYE/BOBENE**
Dye lank en gespierd, binnedy goed gespierd en nie ingesny onder die stert nie.

**AGTERDY**
Agterdy lank en wyd, swaar gespierd, sonder 'n buitengewone (duidelik merkbare) insnyding waar die agterdy en agtersterwe by mekaar aansluit.

**HAKKE**
Duidelik omlyn, wyd en reguit, maer/skraal en hard, sonder 'n teken van vlesigheid.

**HOOGTE**
Hoogte is ongeveer 14.2 – 15.2 hande. Perde onder 14 en oor 16 hande is nie aanvaarbaar vir registrasie nie.

**KLEUR**
Albinos (wit mutasie), Cremellos**, Rooibont en swartbont (bontlap) nie aanvaarbaar nie, **Geen verwysing kon in enige bron opgespoor word oor "Cremellos" nie en aangesien dit 'n kleur is, word geraai dat dit na 'n witterige tipe (cream) verwys.

**FOUTE WAARTEEN GEWAAK MOET WORD**

(a) Swaar, vlesige onderkaak

(b) Swaar, vlesige keelaansluiting

(c) Lang rug

(d) Losse of swak koppeling (aansluiting)

(e) Kort of buitengewoon skuins kruis

(f) Vlesige hakke of sekelhakke

(g) Rankerigheid of hoogbenigheid

**TEELKLASSE**

**1. TOERUSTING**

(a) ENKELTOOM van goeie leer, met smal, gekleurde of effe kopstuk. Leiteuel of teuels. Trens of stang. Dubbeltoom toelaatbaar. Breë kopstuk nie toelaatbaar nie. Leer Neusband.

OF

(b) KOPSTUK VAN TOOM/SKOUHALTER met of sonder trens, met leiriem. Leistok opsioneel.

(c) VERBODE: straftooms (Punishing Bridles)

**2. VOORKOMS/VOORBEREIDING VAN PERD**

(a) STERT vol, lank en gepunt.

(b) Aanbeveel dat MAANHARE lank en welig moet wees en by die bopunt van die nek (agterkop) vir ongeveer 12.5cm geskeer (teruggeknip) moet wees.

(c) VULLENS onder twaalf maande mag vertoon word met kortgeskeerde maanhare.

(d) NEUSHARE en ORE skoongeskeer.

(e) VERBODE: aankapskoene, beenverbande, of enige tuig wat nie in bostaande omskryf is nie. Linte in die maanhaar nie toelaatbaar nie.

## 3. HANTEERDERS

(a) Slegs twee HANTEERDERS word per perd toegelaat, maar slegs een mag die perd vashou. Die tweede hanteerder mag die perd aanjaag met ‘n lang peits of ‘n kort rottang. Geen swepe of toerusting wat geraas maak word toegelaat nie. Geen plastieksakke word toegelaat nie.

(b) Hanteerders moet netjies geklee wees en mag nie enige stoetname op hul klere vertoon nie. Hanteerders moet ‘n langbroek met ‘n netjiese hemp dra met of sonder ‘n das. ‘n Hoed of pet mag gedra word.

(c) Hanteerders moet gedissiplineerd OPTREE en moet stil en ordelik bly staan wanneer gestaan moet word en mag nie in gesprek tree met die beoordelaars nie of aanmerkings teenoor die beoordelaars maak nie.

## 4. WORD BEOORDEEL OP:

(a) Tipe

(b) Bouvorm

(c) Kwaliteit

(d) Houding

(e) Lewendigheid

(f) Beweging, styl, balans en natuurlike aksie

(g) Teelkwaliteit (ingeteelde eienskappe?)

(h) Manlikheid of vroulikheid

(i) Gesonde dierbaarheid/Vryheid van gebreke

(j) Vermoë, gestel en toestand (kondisie)

## 5. BEWEGING OP ‘N DRAF

Moet styl hê, beweeglikheid, sekerheid van tred, vlugheid (vaardigheid), nie senuweeagtig wees nie en balans tussen knie- en hakaksie hê; hakke moet netjies bymekaar gedra word; gladvloeiende ritme en lewendigheid. Die draf moet skoon, netjies, hoog, uitdagend en gebalanseerd wees, met die voorpote wat reguit neergesit word.

## 6. WORD GEPENALISEER VIR:

Slapheid, grofheid, onafgeronde voorkoms of doelloosheid. Swak houding van kop, nek en stert. Lompheid. Traagheid. Styfheid. Uitgooi van agterbene en hoewe. Wydsbenig staan met onderdeel van bene. Hoewe na binne of na buite gedraai.

Rukkerigheid, spitsing, stadigheid of huiwering in die beweging van die voorbene. Afwyking van sekerheid in beweging. Verkeerde plasing (rigting) van hakke.

**7. ALGEMENE VOORKOMS**

Spesiale aandag moet gegee word aan tipe, en perde wat nie tiperend is nie, of wat van ‘n swak tipe is, sal teen gediskrimineer word. Alle teeldiere moet van baie goeie kwaliteit wees, versterking van bloedlyne toon, goeie teeleinskappe hê, karakter toon.

(a) HINGSTE moet dominant wees; forsheid en lewenlus hê; ‘n karaktevolle kop hê, lewendige/wakker oë, selfstandig en in beheer wees, en ‘n indrukwekkende vertoning lewer met ‘n baie trotse houding, teenwoordigheid van gees en lewendigheid. Hingste OUER AS DRIE JAAR moet twee teelballe duidelik sigbaar hê.

(b) MERRIES moet saggeaarde en moederlike eienskappe toon, met ‘n netjiese kop en beenstruktuur; moet ‘n sagtheid (rondheid) van vlees en ruim voorkoms hê (breërig wees); netjiese aksies vertoon, vroulike eienskappe toon, styl en afronding hê.

(c) JUNIOR PERDE moet die indruk skep van lewendigheid en lewenslus, maar tog hanteerbaar wees, en moet kop en stert hoog hou. Seleksie (keuse) word bepaal op grond van ryperdklas, sowel as simmetrie; die dier, wat die beste potensiaal en natuurlike aanleg vertoon, kan die beste afgerig word. Natuurlike aanleg berus op bouvorm, kwaliteit, rigting van bene, klas, agtergrond en inbors.

(d) GROEPKLASSE moet beoordeel word op die balans van die groep; eenvormigheid van tipe; eenvormigheid van grootte en kleur (wanneer van toepassing) wat ‘n voorbedagte teelprogram aandui; bykomend tot algemene voorkoms, kwaliteit en bouvorm. ‘n “HINGS, MERRIE EN HUL VUL” –klas, moet spesiale aandag aan die vul geskenk word, as die bepaler/beïnvloeder van die opset, en die groep van drie word as ‘n eenheid beoordeel vir hul vermoë om nasate te verwerk, wat die naaste is aan die ideale Boerperd.

**ROETINE IN DIE RING**

1. Perde moet deur die baanmeester in lyn opgestel word, met hul gesigte na die pawiljoen en die baanmeester moet die beoordelaars in kennis stel wanneer die klas gereed is om beoordeel te word.

2. Dit is die baanmeester se plig, en nie die van die beoordelaars nie, om na te gaan of daar verkeerde inskrywings is ten opsigte van ouderdom, hoogte, geslag, of kruisinskrywings.

3. Die beoordelaar moet PERDE WAT NIE VOLDOEN AAN TIPE VEREISTES nie, aan die begin van die klas uitskakel en hulle glad nie in sy beoordeling oorweeg nie.

4. Die beoordelaar moet elke perd individueel ondersoek vir GESONDE DIENSBAARHEID/VRYHEID VAN GEBREKE, gebeentefoute, bene se rigting en moet alle ongewenste diere uitskakel.

5. Perde moet op BOUVORM beoordeel word.

6. Perde moet volgens instruksies, individueel, in ‘n reguit lyn, vanaf en terug na die beoordelaar gestap en gedraf word, om NATUURLIKE AKSIE te demonstreer.

7. Perde mag in ‘n sirkel geparadeer word, of versoek word om “’n vertoning te lewer”, volgens die beoordelaar se diskresie.

8. Die beoordelaar moet hom hou by die “Tyd beskikbaar” wat deur die skoukomitee neergelê is vir elke klas.

9. Finaliste moet deur die baanmeester opgestel word volgens instruksies van die beoordelaar.

10. Pryskaartjies, rosette en linte moet slegs in spesiale klasse, soos byvoorbeeld kampioenskappe, ruiterkunsklasse of ander uitsonderlike klasse, deur die beoordelaar oorhandig word, in welke geval hy deur die baanmeester vergesel moet word.

# HOOFSTUK 5

## UITRUSTING, TOERUSTING EN VOORKOMS VAN PERD

### HANDKLASSE: TOERUSTING

(a) Enkeltoom of skouhalter met smal, gekleurde of effe kopstuk en leer neusband. Leiteuel of teuels. Trens of stang. Dubbeltoom toelaatbaar. Breë kopstuk nie toelaatbaar nie, maar gekleurde smal kopstuk mag gebruik word. OF

(b) Kopstuk van toom / skouhalter met of sonder trens, met leiriem. Leistok opsioneel.

(c) Verbode: straftoom. (Punishing bridles)

### VOORKOMS / VOORBEREIDING VAN PERD

(a) Stert vol, lank en gepunt. Moet natuurlik vertoon.

(b) Aanbeveel dat maanhare lank en welig moet wees en by die bopunt van die nek (agter kop) tot ongeveer 15cm teruggeknip wees.

(c) Vullens onder 12 maande mag vertoon word met kort geskeerde maanhare.

(d) Neushare en ore skoongeskeer. Kootgewrigte, hoofkrone, keelvel en beensenings skoongeskeer.

(e) DISKWALIFKASIE: Aankapskoene, beenverbande of enige ander tuig anders as wat hierbo beskryf word. Linte in maanhare. Vals sterte, stertbedekkings, nagemaakte sterte, stertstukke, stertversterkings. Sterte wat gesny is.

(f) ONDERSKEIDINGS/DISKRIMINASIES: Hoewe wat oorlaai is of wat te lank is. Skutte mag met oorleg gebruik word, en hoewe moet gesond wees en voldoen aan die vereistes wat op daardie oomblik aan die perd gestel word. Lengte van die skutte mag nie 12 cm oorskry nie.

### HANTEERDERS

(a) Slegs twee hanteerders per perd word toegelaat, maar net een mag die perd vashou. Die tweede hanteerder sal toegelaat word om die perd aan te wakker met ‘n lang peits met ‘n gevlegde voorpunt (met fraiings/tossels) of ‘n kort rottang. Geen swepe of enige toerusting wat lawaai maak word toegelaat nie. Geen plastiese sakke word toegelaat nie.

(b) Hanteerders moet netjies geklee wees en mag nie enige stoetname op hulle klere vertoon nie.

(c) Hanteerders moet gedisiplineerd optree en moet ordelik en stil staan en nie in gesprek met enige persoon tree of aanmerkings teenoor hulle maak nie.

**RYKLASSE:**

**TOERUSTING**

(a) TOOM: vir ruiterskuns en ryklasse: Dubbeltoom in effe, liggewig leer of ‘n ryk donker kleur. Gespes op die toom moet beperk wees tot sleutelposisies, en teuels of wangstukke moet met sierknoppe/naels aangeheg wees of aangewerk wees. Alle bandjies moet met skutringe vas wees. Effe of small gekleurde kopband (breë kopbande is nie toelaatbaar nie). Teuels is beskikbaar in breedtes van 1-2cm. Die trens het ‘n breër teuel leer neusband.

(b) STANG: van vlekvrye staal. AANBEVEEL:

i. Cambridge of Portmouth, liggewig skoustang.

ii. Halfmaan mond, liggewig – gebruik saam met skoutrens.
(aa) gewone saamgelaste liggewig trens en toom
(bb) gevlegte saamgelaste liggewig trens en toom
(cc) halfmaan mond, liggewig trens en toom

iii. Weymouth stang met opening, halfmaan, of gewone stang met:
(dd) Weymouth trens en toom.

iv. Pelham stang met opening, halfmaan of saamgevoegde mond.

v. Scamperdale Pelham (vir perde wat met hulle bekke maal)

(c) SAAL: Met leer of wit buikgord.

i. Plat skousaal met ‘n vol 10cm of aangepaste 7.5cm teruggesnyde voorkant, ekstra breë flappe wat amper reguit gesny is met vierkantige of lepelvorminge agterboom. Minimum opstopsel. Stiebeuels toegerus met rubbers.

ii. Ruiterkuns sal met vol 10cm of aangepaste 7.5cm teruggesnyde voorkant met ‘n dieper sitplek en hoër ronde agterboom om die ruiters se balans te sentraliseer.

(d) DISKWALIFIKASIE: Australiese Veeboer, Cowpony, Mexikaanse en Militêre saals. Ook springteuels, stertrieme, saalkleedjies, beenverbande, neusmuilbande (hackamores).

**VOORKOMS VAN ‘N PERD**

(a) VYFGANG EN DRIEGANG

i. Stert vol, lank en gepunt. In natuurlike posisie.

ii. Maanhare vol en lank en teen die nek afgeskeer vir ongeveer 15cm vanaf die agterkop. Geen linte in maanhare.

iii. Geen afgeskeerde maanhare word toegelaat nie.

iv. Neushare, ore en kortgewrigte, skoongeskeer.

v. Aankapskoene, verkieslik wit, in vyfgang klasse en tuigklasse.

vi. Aankapskoene verbode in driegang klasse en handklasse.

(b) DISKWALIFIKASIE: aankapskoene in driegangklasse. Beenverbande. Linte in maanhare. Stertbedekkings. Vals sterte. Stertstukke. Stertverksterkings. Sterte wat gesny is.

**KLEREDRAG VAN RUITER**

(a) RY-UITRUSTING: Kentucky Rypak in houtskool of in enige donker konserwatiewe effekleur. Byvoorbeeld bruin, grys, swart of donkerblou. Bypassende Kentucky Ryborek met uitklok-omslag onderbaadjie opsioneel. Geen ander kleurige baadjies word toegelaat nie.

(b) BYKOMSTIGHEDE: Sagte pastel hemp met kraag. Konvensionele effekleurige das. Handskoene om by rypak te pas in swart, bruin of vlootblou. Swart of bruin rystewels. Klein, plat knoopsgatruiker om by kopband te pas. ‘n Onversierde peits nie langer as 60cm nie, sonder ‘n handvatsel.

(c) DAMES: Hardbolhoed wat inpas by die kleur van rydrag of swart of bruin om aan te pas by rystewels. Geen juweliersware nie, geen donkerbril nie, hare netjies, vasgehou deur ‘n net of in ‘n bolla. ‘n Daspeld en klein knoppiesoorbelle toelaatbaar.

(d) MANS: ‘n Velthoed in ‘n konserwatiewe effekleur om by ryklere aan te pas. Die knoopsgatruiker mag vervang word met ‘n sysakdoek wat by das pas.

**ENKELTUIG EN SIERTUIG:**

**TOERUSTING EN VOERTUIG**

(a) LIGTE TUIG: Liggewig, onversierd en met ‘n ryk donker kleur (bruin of swart). Springteuels, band bo-oor kop, ‘n leer stertriem, saal, buikgord en oogklappe. Geen tuigbroek.

(b) TRENSE: Aanbeveel: Vlekvrye staal, half lepelvormige rem, saamgestelde mond dryftrens, wat saamgestel is uit ‘n mondstang met opening aan beide kante met ‘n trens en toomsamestelling.

(c) LANG PEITS: 166cm, staal uitgevoer, met vlas bedek en met ‘n varkvel handvatsel. Moet in ‘n houer of in die hand gehou word.

(d) KARRETJIE: Enkeltuig/siertuig vertoonkarretjie met vier ligte standaardgrootte fietstipe wiele en geen bokant. Swart of ‘n konserwatiewe kleur versier met wit, silwer of kleure op die disselbome, wiele en relings of ‘n houtafwerking.

(e) DISKWALIFIKASIE: Tweewielkarretjie, swaar wiele, klein wieletjies, wit tuig, lepelstang, beenverbande word slegs in sekere omstandighede toegelaat deur die besluit van ‘n spesiale Skoukomitee; linte in maanhare. Stertriem (slegs stertbandjie stertriem word toegelaat.) Stertbedekkings, vals sterte, stertstukke, stertversterkings of sterte wat ingedraai is.

(f) ONDERSKEIDINGS: Geen springteuels of gevlegte teuels nie. Geen lang peits, slordige of swaar tuig, verkeerde tuig.

**VOORKOMS VAN PERD**

(a) Stert vol, lank en gepunt. Moet op natuurlike wyse wees.

(b) Maanhaar vol en lank en teen die nek afgeskeer vir ongeveer 15cm vanaf die skedel. Geen linte nie.

(c) Geen afgeskeerde maanhaar word toegelaat nie.

(d) Neushare, ore en kootgewrigte skoongeskeer.

(e) Aankapskoene, wit.

**HANTEERDER**

(a) Slegs een hanteerder per karretjie bykomend tot die drywer word toegelaat. Hy moet netjies aangetrek wees in ‘n langbroek wat pas by die uitrusting en mag nie die naam van sy stoet op sy klere vertoon nie. Dit sal teen die vertoner tel as die hanteerder onnet, slordig of ongedissiplineerd is.

(b) DISKWALIFIKASIE: Dit is ‘n diskwalifikasie as die hanteerder op die agterkant van die karretjie ry.

**KLEREDRAG VAN DRYWER**

(a) Enkeltuig – soos in ryklasse

(b) Siertuig – soos in ryklasse, behalwe in die volgende klasse:

i. DAMES EN JUNIOR MEISIES

**FORMEEL (SAANS NA 17:00)**

Formele rok met lang regaf romp. Aandjas indien dit koel is. Aandlangbroeke, langbroekpakke toelaatbaar. Lengte van handskoene moet aanpas by die styl van die moue. Kopbedekkings toegelaat. Minimum juweliersware. Hare vas en netjies. Alles moet van goeie smaak getuig.

**INFORMEEL (BEDAGS VOOR 17:00)**

Netjiese rok met kort regaf romp (nie 'n miniromp nie) of elegante broekpak gepas vir dagdrag. Kort handskoene. Kopbedekking word toegelaat maar mag nie uitspattig wees nie. Minimum juweliersware. Geen ornamentele donker bril. Hare vas en netjies. Alles moet van goeie smaak getuig. Skemerdrag/Aanddrag is nie goeie smaak bedags voor 17:00 nie.

**BYKOMENDE SPESIFIKASIES:**

(aa) Ry-uirustings is 'n diskwalifikasie vir dames en meisies in die dames- en kindersiertuig-afdeling.

(bb) Te veel juweliersware of uitspattige kleding is 'n diskriminasie.

(cc) Kleredrag moet aanpas by:

- Ouderdom van die drywer, hetsy volwasse of junior.
- Seisoen
- Tyd van die dag of nag
- Kleur van perd, karretjie, kussing of voler mat.

# HOOFSTUK 6

## BASIESE VOLGORDE BY RINGPROSEDURES

### TEELKLAS

### VERSAMELRING

(a) Perde moet ten minste drie minute voor die begin van ‘n klas in die versamelring byeen wees.

(b) Die versamelring beampte moet die volgende nasien:

i. Nommers van perde teen die rekordboek

ii. Geslag, hoogte, en beperkings op kruisinskrywings

iii. Verbode toerusting

(c) Die versamelring beampte moet die hekbeampte op vasgestelde tye opdrag gee om die hek oop te maak. Al die perde verlaat dan die ring kort op mekaar en die hek word onmiddellik toegemaak om te voorkom dat laatkommers kan ingaan.

### INTREDE OP ‘N DRAF

(a) Perde moet op die bevel van die aankondiger, op ‘n flinke draf teen die relings, kort agtermekaar, binnekom.

### EERSTE OPSTELLING MET GESIG NA PAWILJOEN

(a) Perde moet in dieselfde volgorde waarin hulle die arena binnegekom het, voor en met die gesig na die pawiljoen opgestel word, onder die streng beheer van die ringmeester, wat dan die beoordelaars sal meedeel dat die klas gereed is om beoordeel te word. Die perd wat eerste die arena binnekom, word eerste beoordeel.

### INSPEKSIE VAN OPSTELLING

(a) Die drie beoordelaars moet ‘n vlugtige opsomming maak van die opstelling om te bepaal wat die standaard en kwaliteit is om ‘n “eerste indruk” te skep en om vertroud te raak met die klas.

### HOUDING

(a) Die baanbeampte moet by die eerste perd in die opstelling begin en elke perd om die beurt opdrag gee om flink te stap na ‘n voorafuitgemerkte vierkant, waar die beoordelaars wag, en om op aandag te gaan staan in ooreenstemming met die manier van die tipe perd wat beoordeel word.

(b) Die beoordelaars moet afsonderlik en sonder onderlinge kommunikasie, elke perd beoordeel op grond van tipe, bouvorm, teelkwaliteit, houding en liggaamsgestel en moet oplet na en optree op grond van enige onderskeidings en diskwalifikasies.

**VERTONING TEEN DIE RELING**

(a) Die baanbeampte moet elke perd opdrag gee om in ‘n reguit lyn weg te stap, te draai en teen die reling af te draf.

(b) Die beoordelaars moet afsonderlik en sonder onderlinge kommunikasie, elke perd beoordeel op grond van aksie, sekerheid en beweging, styl, lewendigheid, temperament, maniere en deugsame diensbaarheid en moet oplet na en optree op grond van enige onderskeidings en diskwalifikasies.

(c) Die drie beoordelaars se baanbeamptes moet op die volgende wyse ontplooi word:

i. No 1: in beheer van die opstelling. Hy behou die rigting en die korrekte spasiëring, beveel die eerste perd in die ry om die ry te verlaat en sy houding te gaan inneem en beheer die hertoetrede tot die opstelling na sy drafvertoning.

ii. No 2: beheer die houding. Hy staan by die drie beoordelaars en laat elke perd op sy beurt poseer vir naby inspeksie en roep die perd se nommer duidelik uit.

iii. No 3: beheer die draf. Hy staan in lyn met die perd wat besig is met sy individuele optrede en dui aan waar hy moet ophou stap, na die reling moet draai en teen die reling af draf, verby die pawiljoen, voor hy weer by die opstelling aansluit.

**EERSTE LINIE**

i. Die hoofbeoordelaar sal die plasings aan sy baanbeampte gee, in ‘n voorlopige ongeveer dalende volgorde met meriete, maar die volgorde hoef nie spesifiek perfek te wees nie. Hierdie perde word dan uitgehaal en staan met hul sye na die pawiljoen. Die tweede en derde beoordelaars mag enige perde van hul keuse tot hierdie frontlinie byvoeg.

ii. Die beoordelaars moet dan hul plasings heroorweeg en mag slegs op hierdie stadium hul puntetoekenings doen en die kaartjies aan hul baanbeamptes oorhandig.

iii. Dit word nie aanbeveel dat ‘n beoordelaar ‘n perd uit die voorste linie haal om hom teen ‘n ander perd te vergelyk nie, omdat dit ontwrigting en wanorde kan veroorsaak. As dit egter nodig geag word, moet hulle die twee betrokke opponente weer laat draf.

**PRYSLINIE MET GESIG NA PAWILJOEN**

(a) Die baanbeampte moet die opstelling beveel om ‘n entjie terug te skuif, terwyl die oorspronklike orde gehandhaaf word.

(b) Die prysuitdeler en die prysskenker moet hul posisies aan die kant van die ring inneem met hul rûe na die pawiljoen.

(c) Die aankondiger moet die pryswenners individueel uitroep; hulle moet dan na die pryslinie draf waar hulle die lint of roset sal ontvang; daarna moet hulle ‘n entjie verbydraf, tot stilstand kom, wag, en uiteindelik moet al die pryswenners saam draai en eenmaal verby die pawiljoen draf en daarna by die arena-uitgang uit.

**RYKLAS**

**VERSAMELRING**

(a) Perde moet ten minste drie minute voor die begin van ‘n klas in die versamelring byeen wees.

(b) Die versamelringbeampte moet die volgende nasien:

i. Nommers van perde teen die rekordboek;

ii. Geslag, hoogte, en beperkings op kruisinskrywings;

iii. Verbode toerusting, voorbereiding, toerusting, beslaning, hoeflengte, sterte, ongemagtige ruiters of ouderdomme.

(c) Die versamelringbeampte moet die hekbeampte op vasgestelde tye opdrag gee om die hek oop te maak. Al die perde verlaat dan die ring kort op mekaar en die hek word onmiddellik toegemaak om te voorkom dat laatkommers kan ingaan.

**INTREDE OP ‘N DRAF EN BEGIN VAN BEOORDELING**

(a) Perde moet op die bevel van die aankondiger, teen die reling, op ‘n stywe draf, kort agtermekaar binnekom. Beoordeling begin onmiddellik.

**PERDE WORD IN BEIDE RIGTINGS OM DIE ARENA VERTOON**

(a) Die volle klas moet heen en weer in die ring gewerk word in alle verlangde gange. Gange word deur die aankondiger verander op bevel van die hoofbeoordelaar se baanbeampte.

(b) Waar moontlik, moet perde aan die binnekant van die baan verbysteek en verbygaan.

(c) Die drie beoordelaars, bygestaan deur die drie baanbeamptes van die beoordelaars, moet hul plekke wyd uitmekaar in verskillende areas van die arena opneem, sodat

hulle die hele spektrum kan dek. Die hoofbeoordelaar moet naby die aankondiger se hokkie staan, sodat hy deur middel van sy baanbeampte die gange kan verander.

(d) Die ringmeester moet oor die hele baan beweeg en oplet na en optree teen ongedissiplineerde gedrag tussen die vertoners, ongelukke, gevaarlike situasies, inmeng van buite die ring, valle, brekasies in toerusting, wreedheid, hoefysters wat verloor en onderbrekings in die ringprosedures.

(e) Die ringmeester is in bevel van dissipline in die ring en kan 'n staking/opskorting van beoordeling laat geskied, as dit nodig is, om oortredings reg te stel. Gedurende hierdie staking moet die aankondiger die vertoners beveel om te ontspan en om voort te gaan op 'n stap, totdat die klas hervat word op die punt waar dit onderbreek is. Hy moet die beoordelaars van die probleem inlig en hul toestemming vir sy optrede verkry.

(f) Vertoners mag nie sonder die toestemming van die ringmeester afklim nie en mag slegs bygestaan word deur die ringmeester van die beoordelaars se beamptes, en is ook net op een so 'n onderbreking van die klas geregtig.

## OPSTELLING MET GESIG NA DIE PAWILJOEN

(a) Die volle klas moet onder beheer van die ringmeester opgestel word en al die perde en ruiters moet op aandag staan.

(b) Die beoordelaars, bygestaan deur hul baanbeamptes, moet die opstelling inspekteer en noukeurig let op bouvorm, gesonde diensbaarheid/vryheid van letsels, korrekte uitrusting en toerusting, moontlike aksiebeserings, bloeiende monde, spoormerke, moegheid, en sal oplet na die optree teen alle onderskeidings/diskriminasies en diskwalifikasies.

(c) Die klas moet gefinaliseer word en die beoordelaars moet hul puntetoekening doen.

## METODE OM 'N GROOT KLAS TE BEOORDEEL

**(a) FRONTLINIE**

i. Indien die klas groot is, of waar baie sterk kompetisie is, as gevolg van swak weer of swakbeligting of ander faktore binne die beoordelingsisteem wat in gebruik is, mag die beoordelaars – by meerderheidsbesluit – die ringmeester versoek om 'n frontlinie uit te haal, wat dan aan 'n hertoets onderwerp moet word.

**(b) HERRIT**

i. Dit is 'n nuwe klas en die vertoning van die perde in die voorafgaande klas word nie in ag geneem nie. Die perde moet teen die relings afwerk op al die gange, of in een rigting of heen en weer.

ii. Die perd wat wenner is van die eerste prys en al die ander pryswenners moet in die hertoets ingesluit word.

**MERK VAN KAARTE / TOEKENNING VAN PUNTE**

(a) Die beoordelaars moet punte toeken volgens die voorskrifte van die sisteem wat gebruik word, met drie, vyf of agt plasings. Die beoordelaars se beamptes moet die kaartjies aan die ringmeester en die puntehouer oorhandig.

**PRYSLINIE MET GESIG NA PAWILJOEN**

(a) Die baanbeamptes moet die perde beveel om na ‘n hoek van die arena te skuif, of na ‘n posisie op ‘n afstand van die pryslinie.

(b) Die prysuitdelers en die prysskenker moet hul posisies aan die kant van die ring inneem met hul rûe na die pawiljoen.

(c) Die aankondiger moet die pryswenners individueel op die nommer uitroep en daarna die perd en ruiter op die naam voorstel. Die perd moet dan na die pryslinie gaan, die lint of roset ontvang; daarna ‘n entjie verbyry, tot stilstand kom en wag en uiteindelik moet al die pryswenners saam draai en eenmaal verby die pawiljoen ry, rondom die ring en daarna by die arena-uitgang uit.

**TEKENS EN VERANDERING VAN GANG**

(a) STAP: een voorvinger wat met ‘n uitgestrekte arm aangedui word.

(b) DRAF: twee vingers

(c) GALOP: drie vingers

(d) KORTGANG: vier vingers, duim in die handpalm, handrug na die aankondiger.

(e) TRIPPEL: vyf vingers

(f) SITDRAF/STADIGE DRAF: beweeg vuiste op en af.

(g) PRONKDRAF: beweeg vuiste op en af

(h) DRYF VERDER AAN en WYS JOU PERD: lig een vuis en swaai dit in die rigting wat met oop vingers aangedui word.

(i) DRAAI OM: lig een vuis en swaai dit in ‘n sirkel.

(j) STAP EN DRAAI: lig een vinger en swaai dan vuis in ‘n sirkel.

(k) KOM IN: nader wink met beide arms

(l) ONTSPAN EN HOU AAN MET STAP: waai met uitgespreide arms voor liggaam, met palms na onder.

(m) SPREI UIT: lig beide arms en gooi hulle in een beweging na buite.

(n) BEOORDELAAR VERSOEK 'N HERRIT: regterarm bokant die kop uitgesteek met 'n toe vuis.

**VOLGORDE VAN GANGE: BOERPERD**

(a) DRIEGANG: draf** stap** gallop** stap** draai om** draf** stap** gallop

(b) VYFGANG: draf** stap** gallop** stap** kortgang** trippel** stap** draai om** draf** stap** gallop** stap** kortgang** trippel

(c) SIERTUIG: saamgevatte draf** stap en draai om** saamgevatte draf

(d) ENKELTUIG: pronk** aandryf** stap en draai om** pronk** aandryf

**BEOORDELING VAN STAP**

(a) IN VYFGANG RYKLASSE: die stap, as sulks, moet beoordeel word by elke geleentheid waar dit voorkom, insluitende die periodes tussen gange. Drafstap sal 'n diskwalifikasie wees.

(b) IN DRIEGANG RYKLASSE: die stap, as sulks, moet beoordeel word op elke geleentheid waar dit voorkom, insluitende die periodes tussen gange.

(c) IN SIERTUIG KLASSE: die stap, as sulks, moet beoordeel word gedurende die tydperk wat die perd stap, voordat hy omgedraai word om in die teenoorgestelde rigting te beweeg. Die perd moet tot 'n bonsende stap afgebring word om hanteerbaarheid te demonstreer. Daarna sal die opdrag wees: "verander rigting". Perde mag dan omdraai, of oor die arena na die teenoorgestelde baan kruis.

(d) IN ENKELTUIG KLASSE: soos vir die siertuig.

**RYKLAS "Performance Class"**

(a) Perde moet in die versamelring byeengebring word en moet op die beveel van die aankondiger, wat op die instruksies van die ringbeampte optree, die ring waar hulle beoordeel gaan word, flink op 'n draf binnekom.

(b) Die volle klas moet heen en weer gewerk word op alle voorgeskrewe gange. In driegangklasse moet die stap beoordeel word by elke geleentheid wat dit voorkom. In vyfgangklasse moet die stap beoordeel word by elke geleentheid wat dit voorkom. Wanneer die perde teruggebring word na 'n stap tussen gange, word dit beskou as 'n rusperiode en indien versuim word om te stap, sal daar slegs op grond van maniere gediskrimineer word.

(c) Die beoordelaar moet die baanbeampte instruksies gee om die perde in te roep en op te stel. Die beoordelaar moet dan perde wat vermoedelik aksiebeserings opgedoen het, inspekteer.

(d) Indien die beoordelaar op grond van die standaard van gehalte, en getalle, nog nie 'n beslissing bereik het nie, mag hy 'n frontlinie uithaal en vra vir 'n hertoets van hierdie

finaliste. Of hy mag vra vir ‘n uitdunrondte/kragmeting tussen slegs twee of drie finaliste.

(e) Die perde moet deur die baanbeampte opgestel word, die beoordelaar moet sy plasings gee en die wenners moet uitgeroep word om in die pryslinie plek in te neem.

**RUITERKUNS KLAS**

**VERSAMELRING**

Perde moet in die versamelring byeengebring word en moet op bevel van die aankondiger, wat op instruksies van die ringbeampte optree, die ring waarin beoordeel word, flink binnekom op ‘n draf.

**“SADDLE SEAT”**

i. Perde kom kort op mekaar binne teen die reling op ‘n beheerde draf.

ii. Die volgorde van gange in alle klasse waar gange nie voorgeskryf is nie: draf** stap** gallop. Heen en weer in die ring.

iii. Volgorde van gange waar vyf gange voorgeskryf word: draf** stap** gallop** stap** kortgang** trippel. Heen en weer in die ring.

**BESLISSINGS**

i. Ruiterkunsklasse word normaalweg slegs op drie gange beoordeel.

ii. Slegs in “Saddle Seat” word dit toegelaat om op vyfgange te beoordeel en dan slegs as dit so aangedui word in die skouprogram.

**OPSTELLING**

Die beoordelaar moet die baanbeampte instruksies gee om die perde in te roep en op te stel. In die geval van perde met ruiters, moet die beoordelaar die voorkoms, uitrusting, toerusting, en die balans tussen perd en ruiter inspekteer en moet alle onderskeidings en diskwalifikasies aanteken en daarvolgens optree.

**INDIVIDUELE TOETSE**

Die toets wat gekies is, sal vier ure voordat die klas begin, uitgestal word.

**FINALE KRAGMETING**

Indien die beoordelaar nog nie ‘n besluit geneem het nie, mag hy ‘n finale kragmeting tussen twee of drie finaliste aanvra, waar een of al die gange getoets mag word.

**BEOORDELAARS SE BESLUIT**

Die beoordelaars se besluit moet op die algehele vertoning, wat van die deelnemers verwag word, gebaseer wees, bestaande uit gedrag en houding in die opstelling, vertoning in die ring, individuele toetse en kragmetings (indien laasgenoemde versoek was) uitrusting, voorkoms en maniere.

Die perde moet deur die baanbeampte opgestel word en die beoordelaars sal sy plasings gee en die wenner sal uitgeroep word om vorentoe te beweeg na die pryslinie.

# HOOFSTUK 7

## ONDERBREKING VAN RINGPROSEDURES WAT TOT 'N OPSKORTING VAN BEOORDELING LEI

## PERDE WAT VERSKOON WORD VAN DIE KLAS

### (a) VERLOOR VAN 'N YSTER

i. Indien 'n perd 'n hoefyster verloor voor die voltooiing van beoordeling van 'n klas, word daardie perd verskoon uit die klas. Die vertoner sal nie toegelaat word om met klas aan te gaan nie, selfs al sou hy graag wou. Die perd moet na die middelpunt van die arena geneem word, behalwe as hy 'n daaropvolgende klas het, in welke geval hy van die ring verskoon mag word om van 'n nuwe yster voorsien te word.

ii. Sou enige soort perd, wat besig is om deel te neem aan enige klas in die skou, 'n yster verloor, sal hy nie die voorreg gegun word om daardie yster gedurende die duur van daardie klas te laat vervang nie.

iii. Sou 'n perd 'n yster verloor nadat die beoordeling van die klas voltooi is, sal die perd nie gepenaliseer word nie. Indien hy 'n plek kry, moet die vertoner in die pryslinie afklim en sy perd uit die arena lei.

### (b) BREKASIE VAN TOERUSTING

Indien daar 'n ernstige brekasie van toerusting is, soos byvoorbeeld 'n gebreekte waentjie of saal wat nie binne die tydbeperking van vyf minute herstel kan word nie, en wat die vertoner daarvan weerhou om met die klas aan te gaan, en wat ontstaan het uit eksterne omstandighede wat nie verband hou met die gedrag van die betrokke perd of vertoner nie, mag daardie vertoner verskoon word van die klas.

### (c) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE

i. Die ringmeester moet onmiddellik optree en die vertoner wat probleme ondervind, in die arena inneem, sonder dat hy vir 'n staking van beoordeling vra, behalwe in die geval waar 'n gebreekte waentjie 'n obstruksie op die baan veroorsaak. Hy moet aan die beoordelaar met 'n teken sy aksie bekendmaak en hulle goedkeuring daarvoor kry.

## VALLE ONDER DIE SAAL OF IN DIE TUIG

### (a) VALLE IN OOP KLASSE

Valle onder die saal of in die tuig, van óf die ruiter óf die drywer en die perd of beide, sal die perd vir daardie klas diskwalifiseer, as dit te wyte is aan swak maniere, swak afrigting, swak ruiterkuns of aandrywing, of gebrekkige vertoning wat die perd aanbetref, maar nie verband hou met die maniere van die perd nie, soos byvoorbeeld 'n glipperige oppervlakte, 'n botsing wat deur 'n ander vertoner veroorsaak word, byt

of skop van ‘n ander perd, inmenging van buite die ring, soos byvoorbeeld harde geluide of lawaaimakende toerusting.

**(b) VALLE IN RUITERKUNS KLASSE**

Dieselfde reëls as in (a).

**(c) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE**

i. Die ringmeester moet vra vir staking in beoordeling sodat die vertoner wat geval het, gehelp kan word.

ii. Slegs beamptes en persone op diens in die arena mag die vertoner, wat geval het, help. Enige hulp van buite die ring diskwalifiseer die vertoner outomaties.

iii. Die ringmeester moet met die beoordelaars se baanmeester en selfs, indien nodig, met die beoordelaar nagaan, wat die rede vir die ongeluk is, voordat hy ‘n aanvegbare beslissing, wat bevraagteken kan word, maak.

iv. Die ringmeester moet sy bevinding aan die beoordelaars rapporteer, wat toestemming sal gee vir ‘n her-opklim of ‘n diskwalifikasie.

v. In die geval waar daar gevaar is vir jong ruiters, mag besorgde ouers tot hulle hulp snel, wat ‘n diskwalifikasie veroorsaak. Vertoners moet dit aanvaar; hulle het hulle lewens gewen en slegs die klas verloor.

**SWAK GEDRAG VAN ‘N PERD**

**(a) PERDE MOET GEDISKWALIFISEER WORD VIR:**

i. Wanneer hy die ring verlaat uit ongehoorsaamheid;

ii. Aanhoudend na die middelpunt van die arena gaan, buite beheer van die ruiter of drywer;

iii. Vooropskop, agteropskop, skop en in die tuig neerval, wat veroorsaak word deur swak maniere of ‘n gebrek aan afrigting;

iv. Skop, spring, vooropskop, agteropskop, en weghardloop onder die saal, wat ongemak vir die ander ruiters veroorsaak of wat ‘n gevaar daarstel vir sy eie ruiter of ander;

v. Aanvalle van een perd op ‘n ander;

vi. Om ‘n obstruksie te veroorsaak vir ander perde en uitstallers en inmenging met hulle vertoning in die ring;

vii. Aanhoudend gaan stil staan en weier om vorentoe te gaan, of om verby die hek te gaan en daardeur ‘n steuring in die klas veroorsaak.

**(b) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE**

i. In enige situasie waar daar lewe of gesondheid bedreig word, veral in kinderklasse, moet die ringmeester eerder te vroeg as te laat optree, en moet hy enige perd, wat buite beheer of gevaarlik is, uitstuur, en slegs daarna moet hy die beoordelaars van sy aksie inlig en hulle goedkeuring daarvoor kry.

ii. In alle ander situasies moet hy vir 'n teken van die beoordelaars se baanbeamptes wag, waarmee aangedui word dat die beoordelaars verkies, dat die perd wat probleme veroorsaak, gediskwalifiseer word en uit die ring verwyder word. Alternatiewelik, mag hy aan die beoordelaars se baanbeamptes 'n teken gee dat hy diskwalifiseer en die beoordelaars sal hierdie toestemming gee, indien die wangedrag dit na hulle mening regverdig.

iii. Enige ongehoorsaamheid wat aanhou, regverdig diskwalifikasie, maar die beoordelaars en baanbeamptes moet voeling behou, sodat die beoordelaars nie van hulle reg op 'n mening ontneem word nie, en die baanbeamptes nie van hulle reg om orde en dissipline te handhaaf nie.

**SWAK GEDRAG VAN 'N VERTONER**

**(a) AANSTOOTLIKE GEDRAG**

i. In gevalle waar persone op 'n manier optree wat geag word dat hulle die beoordelaars in hulle pligte kortwiek of wat die volgende wyse optree of ander aanhits om so op te tree: oneties, oneerlik, onsportief, heethoofdig, of aanstootlik, hetsy teenoor die beoordelaar of gedurende die klasse waar beoordeel word, en persone wat skuldig is aan fisiese aanranding van enige graad op die beoordelaar, sal van verdere kompetisie vir daardie klas uitgeskakel word of vir die res van die dag of vir die duur van die skou afhangende van die graad van die oortreding.

ii. Enige persoon wat 'n perd vertoon op so 'n wyse dat daar ingemeng word met die vertoning van 'n ander vertoner, of wat 'n verleentheid vir die beoordelaar veroorsaak, deur onsportiewe, ongemanierde, of besope gedrag, sal gediskwalifiseer en uit die ring gestuur word. Die onus is op die beoordelaar en nie op die baanbeampte nie, om so 'n vertoner te diskwalifiseer, en enige beoordelaar wat nie sy plig nakom nie, deur sy beslissing aan die baanbeampte deur te gee nie, sal vermaan word.

**(b) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE**

i. Die ringmeester mag, met die goedkeuring van die beoordelaar, enige vertoner uit die ring uitstuur, wat 'n ander vertoner opsetlik en kwaadwilig obstrukteer, of wat skellend, beledigend of godslaterlik teenoor baanbeamptes, ander beamptes, hanteerders, ander uitstallers of perde optree.

## INMENGING VAN BUITE DIE ARENA

### (a) KONTAK VAN BUITERING

i. Fisiese kontak tussen ‘n persoon buite die ring en ‘n vertoner sal veroorsaak dat die vertoner onmiddellik gediskwalifiseer word.

ii. As ‘n ongemagtige persoon die arena binnegaan en ‘n vertoner met uitrusting help, of met ‘n onhanteerbare perd, of by ‘n val, sal die vertoner onmiddellik gediskwalifiseer word. Slegs baanbeamptes is gemagtig om vertoners te help.

iii. Geen hanteerder word toegelaat om ‘n lawaai te maak of ‘n sweep te klap direk buite die ring, met die doel om die perd te laat wakker skrik nie. Geen krete wat met afrigting verband hou sal gekondoneer word nie, maar krete van aanmoediging en goedkeuring word toegelaat.

### (b) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE

i. Die aankondiger moet aankondig dat vertoners, wat gebruik maak van helpers buite die ring, selfs in hoe ‘n geringe mate, onmiddellik gediskwalifiseer sal word. Hierdie reël moet baie streng toegepas word en nooit deur ‘n waarskuwing vervang word nie.

ii. Die ringmeester moet bewus wees daarvan dat enige oortredings tot wanpraktyke kan lei en moet ‘n kennis van sodanige wanpraktyke hê.

iii. Baanbeamptes moet bewus wees, dat indien hulle deur toegeeflikheid skuiwergate veroorsaak, vertoners geneig sal wees om daarvan gebruik te maak.

## GEBREK AAN DISSIPLINE IN DIE RING

### (a) REBELSE VERTONERS

i. As ‘n vertoner uit sy eie sy perd uit die ring verwyder, sonder toestemming van die ringmeester, mag die perd gediskwalifiseer word van verdere klasse, spesifiek as hy dit na die baanbeampte se mening gedoen het, as ‘n mosie van wantroue. ‘n Vertoner mag uit die ring uitgaan, nadat hy ‘n teken aan die ringmeester gegee het en toestemming verkry het.

### (b) SWAK RUITERKUNS EN DIE GEBRUIK VAN ONORTODOKSE RYSTYLE IN KLASSE

i. Die volgende dui op swak ruiterkuns: aanstootlike style; onsimmetriese sit; lawwighede; hande wat verspot hoog gehou of te ver uitmekaar gehou word; stiebeuels te lank; rolbeweging in die saal; tydens die draf op en af hop, in plaas van saalboom steek of stilsit; om met die teuels in die perd se mond te saag.

ii. Die beoordelaar moet teen die perd diskrimineer wat sy ruiter noodsaak om op ‘n onortodokse en slordige manier te ry, om die perd in die korrekte gang te hou of om sy aksie te probeer verhoog.

iii. Die beoordelaar moet teen die perd diskrimineer waar die ruiter op ‘n verspotte en belaglike manier ry in ‘n poging om aandag te trek. Die beoordelaar moet die ruiter teregwys en as dit baie erg is, weier om sy perd te beoordeel, indien hy nie op ‘n meer konvensionele manier ry nie.

**(c) HOEKE SNY IN DIE ARENA**

Vertoners wat aanhoudend die hoeke sny of wat gedurig oor die arena sny, hetsy in ‘n poging om hulle posisie te verbeter of om meer dikwels voor die beoordelaars te verskyn, of om ‘n korter distansie te ry as die vertoners wat teen die ring afhou, sal deur die beoordelaar gepanaliseer word.

**(d) GALOP OP VOL SPOED OM ‘N PERD MEER GUNSTIG TE PLAAS**

Vertoners wat ‘n meer gunstige plasing wil hê, moet op aandag stilstaan, totdat hulle seker is dat daar geen verkeer by hulle verby is nie.

**(e) GEBREK AAN BEHEER OF VERLIES AAN BEHEER BY GANGE**

Beoordelaars moet diskrimineer teen gebrek aan beheer, sowel as teen vertoners wat hulle perde te hard ry.

**(f) AFKLIM SONDER TOESTEMMING**

As ‘n ruiter afklim, sonder dat hy toestemming verkry het deur ‘n teken van die Ringmeester, loop hy die risiko dat hy gediskwalifiseer kan word, op die aanname dat hy afgeval het. Die ruiter mag nie op die baan afklim nie, maar moet na die middelpunt van die arena gaan.

**(g) PLIGTE VAN DIE BAANBEAMPTE**

i. Die Ringmeester moet deur middel van die aankondiger die vertoners waarsku van dissiplinêre aksie wat mag volg, indien hulle aanhoudend die standaard of orde van die klas versteur.

ii. ‘n Beoordelaar moet sy diskresie gebruik oor hoeveel oortredings ‘n vertoner toegelaat sal word, voordat daar teen hom gediskrimineer sal word, of hy gestraf word.

iii. ‘n Vertoner wie se perd gaan stilstaan het of steeks was, in so ‘n mate dat hy gediskwalifiseer is, sal nie ‘n regstellende rondte gedurende die klas gegun word nie.

iv. Die Ringmeester moet baie duidelik stel dat hy geen ongedissiplineerde steurings van sy klasse sal duld nie, en hy moet aandring dat vertoners vir toestemming vra voordat hulle afklim.

**BREKASIE VAN TOERUSTING**

i. In die geval van die breek van buikgord, stiebeuelgorde, teuels, kenketting, aankapskoen, tuig of waentjie is die vertoner geregtig om toestemming te vra om na die binnekant van die arena te gaan om die toerusting te herstel.

ii. Dit word benadruk dat slegs herstel aan die toerusting toegelaat word en nie veranderinge of herinstellings daarvan nie.

**TWEE VERSKILLENDE MANIERE OM DIE REËL TOE TE PAS**

i. ‘n Opskorting van beoordeling mag aangekondig word vir ‘n periode nie langer as 5 minute nie sodat die skade herstel kan word.

ii. Die vertoner mag aangesê word om sy skade te herstel terwyl die klas sonder hom aangaan, wat veroorsaak dat die vertoner wat probleme ondervind, op tydpunte gepenaliseer word. Die ringmeester moet teenwoordig wees en moet homself tevrede stel, dat die nodigheid werklik bestaan om die toerusting te herstel. Indien nie, loop die vertoner wat probleme ondervind, die risiko van diskwalifikasie.

iii. Elke vertoner sal slegs eenkeer per klas toegelaat word om af te klim om stukkende toerusting te herstel.

iv. As ‘n vertoner sonder die toestemming van die ringmeester afklim, word dit aanbeveel dat hy gediskwalifiseer word.

**(c) PLIGTE VAN BAANBEAMPTE**

i. Die ringmeester moet sy diskresie gebruik, voordat hy vir ‘n opskorting van beoordeling in enige situasie vra. In gevalle waar daar ‘n algehele steuring is, wat byvoorbeeld veroorsaak word deur ‘n nat en glipperige ring, obstruktiewe inmenging, of botsing van ruiters of waentjies, met die daarmeegepaardgaande skade aan toerusting, moet ‘n opskorting van beoordeling gevra word.

ii. ‘n Vertoner wat probleme ondervind moet gehelp word om in die kortste moontlike tyd terug te keer na die ring.

iii. Slegs die baanbeampte of ringhelpers sal toegelaat word om ‘n vertoner te help om skade aan toerusting te herstel, behalwe waar die ringmeester toestemming gee dat ‘n helper van buite die ring mag help.

**MISBRUIK VAN AANSOEKE OM OPSKORTING VAN BEOORDELING DEUR VERTONERS.**

**(a) WETTIGE OPSKORTINGS** is gedefinieer as dié wat nodig is om werklike brekasies en wanfunksionerings te herstel.

i. Verlies van ‘n yster.

ii. Herstel van gebreekte toerusting wat gedurende die klas gebreek het.

iii. Hervasmaak van die gespe van ‘n aankapskoen wat losgekom het en wat in die rondte omgedraai het.

iv. Herstel van skade wat veroorsaak is deur ongelukke of ‘n glipperige ring

# HOOFSTUK 8

## BYKOMENDE SPESIFIEKE REGULASIES

1. Die ouderdom van die perd sal bereken word vanaf die eerste dag van Augustus van ‘n betrokke jaar.

2. Senior perde moet 3 jaar en ouer wees. Junior perde moet onder 3 jaar wees.

3. Junior perde mag in Senior Groepklasse deelneem. Junior perde mag in Grootkampioen-Ryperdklasse (Drie- en Vyfgange) deelneem en in Grootkampioen Enkeltuigklasse.

4. Junior perde in teel-, Ry- en Tuigklasse sal beoordeel word soos hulle daar is en geen vooruitskouing sal gemaak word oor hulle toekomstige ontwikkeling nie.

5. Waar ‘n Grootkampioen en Reserwe Grootkampioen toegeken word, moet alle eerste- en tweedepryswenner vir hierdie Kampioenskappe ingeskryf word.

6. Geen kruisinskrywings mag gemaak word tussen Drie- en Vyfgangklasse of Enkel- en Siertuigklasse nie.

7. Perde sal vertoon word sonder kunsmatige bykomstighede (byvoorbeeld vals hoewe, versterkte ore en vals stertstukke).

8. Aankapskoene word slegs toegelaat in Vyfgangklasse en Tuigklasse, maar nie in Teelklasse en Driegangklasse nie.

9. Vals hoewe en opgeboude kussings is verbode. Enkelkussings is toelaatbaar.

10. Sterttuie mag nie gebruik word nie.

11. Dit word aanbeveel dat perde nie poseër nie (in ‘n houding staan nie) en die beoordelaar moet van elke perd verwag om natuurlik te staan vir inspeksie.

12. Perde mag heen en weer in die ring gewerk word, indien die beoordelaar dit verlang en moet met die binnebeen lei by die gallop.

13. Indien ‘n perd ‘n hoefyster verloor sal hy gediskwalifiseer word, behalwe in ruiterkunstoetsklasse, waar sewe minute gegee sal word om te herskoen.

14. In die geval waar toerusting breek (saal, tuig of aankapskoen) is die vertoner daarop geregtig om ‘n opskorting van beoordeling te vra, vir ‘n periode wat nie langer as vyf minute is nie.

15. Gedurende die opskorting van ‘n klas te wyte aan ‘n noodtoestand, moet vertoners voortgaan om stil rondom die ring te stap.

16. Geen perd in die Saal- of Tuigklasse mag met ‘n neusmuilband (Hackamore) vertoon word nie.

17. Dit word aanbeveel dat die afsaal van perde opsioneel in klasse is.

18. Valle onder die Saal of in die Tuig sal die perd diskwalifiseer vir daardie klas, indien dit aan swak maniere of swak afrigting toegeskryf kan word, maar nie as die val nie verband hou met die maniere van die perd nie, soos byvoorbeeld in omstandighede waar daar ‘n glipperige oppervlakte is of ‘n botsing plaasvind.

19. Dit word aanbeveel dat in alle Ryklasse “Saddle Seat” soos voorgeskryf gebruik word.

20. Alle perde moet gesond en diensbaar/vry van gebreke wees.

**DISKWALIFIKASIES EN DISKRIMINASIES WAT DEUR DIE VERKEERDE TOEPASSING VAN REËLS VEROORSAAK WORD**

**DAMESKLASSE EN KINDERKLASSE**

(a) Hingste word verbied in enige klasse waar die voorwaarde is dat slegs dames of slegs kinders mag deelneem.

(b) Hingste word verbied in alle Ruiterkunsklasse vir dames en kinders. Hingste mag wel deur mans in Ruiterkunsklasse gery word.

(c) Hingste mag gery word of vertoon word deur dames of kinders in Oopklasse en in Teelklasse, behalwe wanneer anders gespesifiseer is vir die klas.

(d) In Ruiterkunsklasse word kinders beperk tot hulle eie ouderdomsgroepe en mag nie kruisinskryf in volwasse Ruiterkunsklasse nie, wat aangedui word deur die terme “Dame” en “Heer”, of in ouderdomsgroepe waar hulle nie volgens ouderdom kwalifiseer nie.

(e) Waar ‘n Skou Vyfgang-Ruiterkunsklasse vir kinders aanbied, moet hierdie klasse beperk wees tot die ouderdomsgroepe twaalf tot onder agtien jaar.

(f) Kinders onder tien jaar word nie toegelaat om deel te neem in Oop Vyfgang- en Driegangklasse, Siertuig- en Enkeltuigklasse of Ruiterkunstoetsklasse nie.

(g) Waar kinders onder agtien jaar oud in Oopklasse ry, met spesifieke verwysing na Enkeltuigklasse, moet die gedrag van die perde goed dopgehou word, en by enige aanduiding van onbeheerbaarheid moet hulle na die middel van arena gebring word.

(h) Klasse, Afdelings of Skoue mag beperk word tot kinders, indien verlang. Waar spesiale reëls vir hierdie beperkte klasse opgestel word, en hierdie reëls bots met die reëls vir junior vertoners, moet die reëls vir junior vertoners voorrang geniet.

(i) Die generiese term “kinders” word spesifiek in twee katgorie verdeel. ‘n “Junior” is iemand wat nog nie sy agtiende verjaarsdag bereik het op die dag van die Skou

nie. ‘n “Kind” is iemand wat nog nie sy veertiende verjaarsdag bereik het op die dag van die Skou nie.

**UITRUSTING, KLEDING EN VOORKOMS VAN PERD**

(a) Uitrusting en Kleding

Om te kan onderskei / diskrimineer, word afsonderlike uitrusting onder vier hofies ingedeel:

(a) Korrek

(b) Verkeerd

(c) Onderskeidend/Diskriminerend

(d) Diskwalifkasie

(b) Spore word nie belet nie, maar dit moet onthou word dat spore ‘n afrigtingshulp is en daar sal sterk gediskrimineer word teen die opmerklike gebruik van spore in die ring, hetsy of die aksie bewustelik of onbewustelik is. Spore moet stomp wieletjies hê vir skoury en ‘n ruiter moet nie spore dra, as hy nie die hakbykomstighede korrek kan gebruik nie. Ruiterkuns ruiters van dertien jaar en ouer mag stomp spore dra.

(c) Indien daar ’n beswaar teen die hoeflengte en die gewig van ‘n hoefyster is, het die skouvereniging, in ‘n uiterste geval, die bevoegdheid om die yster te laat afhaal, op voorwaarde dat alle koste verbonde daaraan deur die Vereniging gedra word as die klag nie gegrond is nie.

**GESONDE DIENSBAARHEID**

(a) Alle perde moet gesond en diensbaar/vry van gebreke wees, behalwe in Ruiterkunsklasse, waar diensbaarheid nie van belang is nie, behalwe as dit die vertoning van die ruiter kortwiek/aan bande lê.

(b) Beoordelaars moet op hoogte wees met die term “Gesonde Diensbaarheid” en moet optree teen alle onderskeidende/diskriminerende en diskwalifiserende faktore, met spesifieke verwysing na die volgende diskwalifikasies:

i. Kruppelheid in Ryklasse.

ii. Blindheid in een of beide oë.

iii. Flouheid/dampigheid (jaagsiekte).

iv. Hingste, waar een of twee Testikels ontbreek.

v. Gebreklike perde.

## HOOGTE-, GESLAG-, OUDERDOM- EN KRUISINSKRYWINGBEPERKINGS

(a) Perde wat verkeerd in ‘n klas ingeskryf word, is die verantwoordelikheid van die Versamelringbeampte.

(b) Indien so ‘n perd wel vir beoordeling aangebied word, sal die beoordelaar dit wat voor hom gebring word, beoordeel en nie verantwoordelik gehou word vir enige ontevredenheid wat mag ontstaan uit verkeerde aanbiedings nie.

## GANGE WAT VERKEERD UITGEVOER WORD

(a) ‘n Perd wat duidelik en aanhoudend pas, verkry ‘n diskwalifikasie teen hom.

(b) ‘n Perd wat duidelik en aanhoudend gange meng, verkry ‘n diskwalifikasie teen hom.

(c) Die Beoordelaar moet baie sterk diskrimineer, indien hy beledig voel of in verleentheid geplaas word deur die volgende vertonings van ‘n perd:

   i. Waar baie duidelik ‘n tweemaatdraf teen ‘n vinnige spoed uitgevoer word, in plaas van ‘n viermaat lewendige stap;

   ii. Waar ‘n medium-spoed trippel vertoon word in plaas van ‘n kortgang;

   iii. By verlies aan ritme, elegansie en waardigheid van die Driegangdraf en-gallop, wanneer te vinnig gery word;

   iv. Verlies aan voetval en korrektheid in enige gang;

   v. Wanneer defektiewe aksies en afwykings in enige beweging voorkom.

# HOOFSTUK 9

## VERKEERDE AKSIES EN AFWYKINGS IN BEWEGING

**1.** Alle gevalle van verkeerde onderstutting, insluitende gevalle waar die bene van die perd nie in ‘n korrekte posisie onder die liggaam is nie, sal verkeerde aksie en ‘n afwyking van die korrekte gang tot gevolg hê. Wanneer die intensiteit van die aksie en spoed vermeerder word, sal alle foute in aksie, wat andersins nie opmerklik sal wees nie, as gevolg van die verkeerde onderstutting, opvallend geaksentueer word.

**2.** In ryklasse kan alle afwykings duidelik deur die Beoordelaar gesien word, omdat hy, wanneer ‘n klas besig is, ‘n posisie aan die kant, voor of agter elke perd inneem by die verskillende gange. Met ander woorde, ‘n Beoordelaar moet heeltyd beweeglik bly en moet nie beoordeel vanaf ‘n stilstaande posisie in die arena nie.

**3.** Perde in die teelklas word gestap en gedraf om afwykings op te spoor. Die Beoordelaar moet in gedagte hou dat hanteerders vertoonkunsies sal aanwend om foute weg te steek. Daar moet opgelet word na foutiewe onderstutting en die afwyking in aksie wat daarmee saamgaan. Alle foute in bouvorm wat korreleer met foutiewe onderstutting, moet aangeteken word en daar moet opgelet word vir die afwykings wat daaruit voortvloei.

**4.** Daar moet kennis geneem word dat ‘n kettingreaksie ontstaan: Fout in bouvorm – fout in onderstutting – afwyking in gang – onsekerheid. (Voorbeeld: kort ronde skouer – kort reguit skenkel – stamping en skudding – splinte aan bene – weglê voete – na binne gedraai – aankapping of skopwonde).

**5.** ‘n Perd met swak bouvorm, wat korreleer met swak onderstutting, word altyd verdink, selfs al bestaan daar geen probleem op daardie oomblik nie. (Voorbeeld: bakbene, aankaphakke, kapknie, knyp-voorbene, knyp-knie, sekelhakke, te naby of te ver van die grond af, hakke wyd na buite).

**6.** Die pote van die perd moet reguit neergesit word en moet die gewig van die perd oor gelyk oppervlaktes kan dra, met ander woorde, die ringting/plasing moet korrek wees.

**7. ALGEMENE AFWYKINGS IN GANG**

Aankapvoete
Indraaivoete
Wieg
Voor kruis
Ingeperkte agterbeenaksie (reguit hake)
Uitswaai bene
Druk
Vorentoe beur (om voorste hoef met agterste hoef raak te kap)
Wyd uitswaai na agter
Aankap (raakkap van voorpote met agterpote)
Strompel (aankaptone)
Spitsing

Stampery (verkeerde knie en reguit skouers)
Rolaksie (voorbene te wyd uit mekaar uit)
Rollende hakke (bak hakke)
Kort treetjies (kort reguit skouers)
Aankap (aankappote)
Aankapwonde (om agterpoot bokant hoefkroon te tref)
Sparteling (geen beheersing)
Struikel (bak knie en lang tone)
Vol draadwerk
Hakke wat sleep (te lank vanaf die knie gewrig tot by die hak)
Geen beheersing.

# HOOFSTUK 10

## VOL KLAS WORD HEEN EN WEER IN RING GEWERK GANGE EN VERTONING: DEFINISIES

### GEWONE STAP

Dit is ‘n platvoet viermaat stap, vinnig, wakker en doelgerig, met die agterbene aktief en fluks en sterk na vore en netjies, sodat die spore in ‘n geringe mate met die spore wat deur die voorste pote gemaak is, saamval. Daar moet geen gesleep, gedraf, getrek of geskuifel van die agterbene wees nie. ‘n Duidelike indruk van stukrag moet waarneembaar wees.

Die voorbene moet sterk na vore tree en mag hoogte toon of gespits word, na gelang van die ras van die perd. Die rigting moet korrek wees.

Die nek moet natuurlikerwyse gestrek wees, maar nie laag nie; die gesigslyn moet effens na vore wees en die perd moet lig en elasties op die stang wees. Die ore moet na vore wees, die kop moet in koördinasie met die bene knik en die stert moet egalig van kant na kant swaai. Die perd moet wakker wees om te reageer op die tekens vir ’n verandering van gang.

### FOUTE

Bestryk nie die grond behoorlik nie. Te stadig en traag. Ore na agter of hang slap. Leun teen die stang. Swaai die kop of strek die nek. Trek van ‘n been. Ongelyke treë. Sleep of skuifel. Botheid. Afwykings van die korrekte plasing.

### (a) VYFGANG

Die gesig is effens voor die vertikale lyn. Daar moet geen neiging wees tot kortgang nie. Lewendigheid is belangrik.

### (b) DRIEGANG

Kop so regop as moontlik. Die perd mag nie steier, gallop, of ‘n neiging toon tot kortgang nie. ‘n Lewendige perd onder buitengewone beheersing, is egter dikwels geneig tot amper ‘n tweemaatstap, met oorhoekse bene wat ongeveer saam beweeg soos by ‘n draf. Die Driegangstap is meer beheersd as ‘n draf. Die Driegangstap is meer lewendig. Meer klem word op die stap van ‘n Drieganger geplaas as op die stap van ‘n Vyfganger.

### (c) SIERTUIG EN ENKELTUIG

‘n Platvoet stap word vereis. Die lewendige stap word versag/verander deurdat die perd se kop baie hoog gehou word deur die leisel (“check”). Die perd kan nie knik nie en kan nie in vorm stap nie, en neig dus tot ‘n bonsaksie, daarom word hierdie stap grootliks beoordeel op lewendigheid, maniere en beheer. Dit word beoordeel op daardie oomblik wanneer die perd gevra word om om te draai en in die teenoorgestelde rigting te gaan

**SAAMGEVATTE DRAF**

Tweemaat gang met oorhoekse bene wat presies saam beweeg. Oorhoekse voete moet presies saam opgelig word en die grond op presies dieselfde oomblik tref, in 'n baie hoë beweging, sonder stamp of skuifel en moet netjies wees sonder afwykings van die korrekte voetplasing. Voorbene moet 'n rolaksie doen waarin die hoef sirkelvormig beweeg soos die rondte van 'n wiel, en moenie aansitterig wees, kap, spits, stilstaan of huiwer op enige stadium in hierdie sirkelvorming nie. Voorste voete moet ingevou word en nie na buite spits nie. Agterbene moet aktief wees, sterk onder die liggaam in veer, en moet nie sleep of agterbly nie. Hakke moet goed beweeglik wees en die agtervoete moet vou. Die houding van die perd moet korrek wees, met die kop hoog, met 'n buiging by die afterkop, goed in die stang in, en met die gewig verspreid, omdat 'n swaar gang op die voorbene 'n lelike fout is. Aksie moet oral oor gebalanseerd wees. Dit moet nie 'n geval wees van "much drum music in front but no soldiers following behind". Stukrag na vore moet duidelik waarneembaar wees, die gang moet lewendig wees, en die grond moet goed bestryk word. Elke tree moet presies simmetries wees, met presies dieselfde hoogte, en netjies. Daar moet nie 'n verlies aan vorm wees nie.

**(a) FOUTE**

Kop te veel gebuig of te laag deurdat daar op die stang alleen gery word. Dit is 'n ernstige fout as die stang afsak sodat die neus uit en voorwaarts strek. Om agter die stang te kom en voorwaartse stukrag te verloor. Weerstand soos byvoorbeeld ore na agter, gooi van kop, nek gestrek, of 'n stert wat vinnig swaai. 'n Sekelstert of 'n ingetrekte stert. Om terug te val op, slepery van of geskuifel van agterbene. Om gang te verander. Om nie op bevel oor te gaan in die gevraagde gang nie. Alle afwykings van korrekte beenplasing wat defektiewe aksies veroorsaak soos byvoorbeeld uitswaai, inkap, vorentoe beur, teen mekaar skuur, kruis van voorbene, agterbene wat wyd gegooi word, agterbene verby voorbene, en rol. Om te veel van die perd te verwag of te hard te ry, wat veroorsaak dat die perd senuweeagtig word, plattrek, uitsprei, sy hakke na agter gooi, ken uitstoot, en beheersing verloor, is 'n ernstige fout. 'n Gebrek aan vorm wat gekenmerk word deur 'n gebrek aan beheersing, stukrag, hoogte, tred, presisie, lewendigheid, en vuurkrag.

**(b) MENG VAN GANGE: TRIPPELDRAF**

'n Slegte afwyking. Wanneer die hoef van die afterbeen plat op die grond is by 'n ware draf, is die hoef van die voorbeen aan dieselfde kant na agter gebuig en besig om sand aktief te verplaas wanneer dit die grond verlaat. In trippeldraf het die hoef van die voorbeen sy beweging na agter voltooi en reeds na vore begin beweeg. Hierdie afwyking is 'n mengsel van die draf en die trippel en dit is moeilik om saalboom te steek.

**(c) VYFGANG**

Spoed by die draf is van groot belang; dit maak nie saak wat die spoed van die perd is nie, solank as wat dit vorm en balans behou. Die gesig is effens voor die vertikale lyn. Die ken moet nie gestrek word nie, anders sal die hakke agterbly. Al vier bene moet werk en die voorbene moet soos 'n wiel rol in so 'n groot en perfekte sirkel as moontlik. Die aksie moet dapper wees, sensasioneel, kragtig, aggressief, stylvol en vloeiend, met groot stukrag en dryfkrag uit die hakke. Daar moet 'n onmiddellike en maksimum reaksie wees wanneer die gang aangekondig word. Spoed is van groot belang, maar op geen stadium mag styl en

vorm ingeboet word vir spoed nie. Die spoed moet genoegsaam wees om ‘n hoë rollende aksie te ontwikkel.

## (d) DRIEGANG

Die draf word teen ‘n matige spoed uitgevoer. Die Driegang is die gang waar die meeste klem op draf gelê word en buitengewone knapheid word vereis. Die perd draf in perfekte vorm, met die stang goed in die bek, kop baie hoog gehou, gesig so regop as moontlik, baie beheersd, stylvol, vasberade, in perfekte balans, geveerd, en met buitengewoon hoë aksie voor en agter. Hakaksie moet veerkragtig wees en knie-aksie ingevou, sodat die sirkel wat deur die voorvoete gevorm word kleiner in omtrek is as by die Vyfgang. Die perd moet baie lewendig wees, elegant, statig, waardig, grasieus, en indrukwekkend, met groot presisie van beweging.

DIE DRAF IS SLEGS TEEN MATIGE SPOED: Die beskrywing van “matige spoed” verskil by elke perd. Dit kan gedefinieer word as daardie spoed tussen ‘n vinnige draf en ‘n stadige draf, waar nie genoeg grond bestryk word nie. Die graad van spoed wat aankapskoene vereis, is nie toelaatbaar nie. Dit moet benadruk word dat die hoogte en die knapheid van die Driegangdraf behou word, deur uiterste beheersing en nie met behulp van spoed nie.

## PRONKDRAF: SIERTUIG

Die pronkdraf word slegs teen ‘n stadige tot matige spoed uitgevoer. Dit verskil egter in vorm van die draf wat die Enkeltuigperk uitvoer, asook die van die Drieganger en die Vyfganger. Hierdie verskil lê nie in die spoed nie – spoed kan by individuele perde verskil – maar in die ritme van die draf. Dit is die enigste gang van die Siertuigperd waarop klem gelê word.

Dit is ‘n ritmiese gang wat met groot knapheid uitgevoer word – ‘n rollende, uiters beheerse, hoë, skoon en besliste, ligte en vrolike, elegante, grasieuse en vertonerige gang, voor en agter, waar die geanimeerde beweging wat uitgevoer word met onvermoeide ywer. Die agterste aksie is baie belangrik en moet in balans wees met die voorste aksie. Hakke moet geveer en goed ondersteun wees, en skouers moet ordentlike ontwikkeling van beweging toon en die knie moet inveer.

Die korrekte houding is van die grootste belang, met ‘n baie hoë vrolike pronkerige kop en voorkant; die nek gebuig by die agterkop en die gesig baie effens meer regop en na vore as by die Vyfganger. Die neus moet nie uitgesteek wees nie. Die beheersing bring die hoë aksie van die Siertuigperd na vore, terwyl stadig na vore beweeg word. Aangesig lewendig. Dit kan nie genoeg benadruk word nie dat die pronkdraf vasberade en afgemete is; asof die perd veronderstel is om sy voorbeen op te lig, uit die hoogte en trots na die pawiljoen te staar, en slegs dan sy voorbeen grasieus neer te sit.

## (a) FOUTE IN DIE PRONKDRAF

Te vining. Verlies aan hoogte en beheersing; verlies aan styl, lewendigheid en vorm. Ongebalanseerde aksie, voor en agter, lomp, swaar aksie, kortaf, vol draadwerk, kapperig, spitsend, stilstand, huiwerig of Hackney-tipe aksie (sukkelend). Slepende hakke. Vertonerig of vroetelrig. Die sleep of trek van ‘n been of om hard op ‘n been neer te kom. ‘n Harde bek, agter of bokant die stang, die neus na vore gestrek en die stert ingeknyp is alles slegte foute. Verkeerde aksie wat ontspruit uit afwykings van die korrekte plasing, soos uitswaai of inswaai. Weerstande soos ‘n swaaiende stert, terugtrek van die ore, kou aan die stang,

steeksheid, agteropskop, skop, weiering om op bevel na ‘n gang oor te slaan, weiering om die karretjie te trek en verandering van gang word streng teen gediskrimineer.

**DRAF: ENKELTUIG**

DIE SAAMGEVATTE DRAF word stadig en stylvol uitgevoer, met teenwoordigheid van gees en animasie, soos volledig beskryf is in (3). Dit is die periode van voorbereiding vir die aanskoulike “Aandryf”, en aksie. Die spoed verskil by individuele perde, maar die vasberade en hoogsbeheerde en beheersde ritme mag nooit verlore gaan nie.

Die draf waarop nadruk gelê word is die AANDRYF. Hier is daar geen beperking op die spoed nie, solank as die perd in vorm bly en nie styl, aksie en houding verloor nie. Te harde aandrywing, lei tot sparteling aan die perd se kant, word sterk gepenaliseer. Die gesig is effens meer na vore as by die Siertuigperd. Ken in. Stert word hoog gehou en deeglik weg van die flanke. Die voor- en agteraksie is gebalanseerd, met die hakke wat goed inbeweeg, knieë geveer, en die bewegings moet gekoördineer wees.

**(a) FOUTE**

Verlies aan voorwaarste aandrywing, lewenskrag en krag. Verlies aan vorm. Voorste en agterste aksie nie ewe indrukwekkend nie. Oneweredige tree. Aksie kort, vol draadwerk, kapperig, spitsend, met stilstand, huiwerend, laag, lomp, ongeërgd of Hackney aksie (sukkelend) Sleep of trek van agterbene. Agterbene wat uitsprei. Uitgerekte nek. Neus uitgestrek. Ore terug.

Nie genoeg spoed in die Aandryf nie. Ooraandrywing wat sparteling meebring en die perd laat uitstrek, word streng gepenaliseer in die Aandryf.

**(b) VERSKIL IN DIE TUIGDRAWWE**

Die indrukwekkendheid van die beklemtoonde pronkdraf by die Siertuig is gesetel in die elegansie en die grasieuse knapheid van die aksie; daarteenoor is die indrukwekkendheid van die beklemtoonde Aandryf van die Enkeltuigperd in die aanskoulikheid daarvan gesetel, met die vinnige, hoë, rollende, gestrekte treë, indrukwekkende skoueraksie, en kragtige vooraanstuwing van die hakke wat ver onder die liggaam ingetrek word. Let wel dat die verskil in tipes van draf in ‘n verskil in ritme, sowel as ‘n verskil in spoed lê.

**BEHEERDE GALOP**

‘n Driemaatgang wat ‘n reeks spronge is, opgevolg deur ‘n stil slag. Dit word onder beteueling van ‘n ferm, maar elastiese teuel gery met stert en kop hoog, op ‘n stylvolle, beheerde en ritmiese manier. Dit is ‘n stadige en gemaklike gang, maar moet tog ook lewendig en presies wees, met die ken reg gerig en nie af op die stang nie, en dit moet lyk asof die perd besig is om teen ‘n steilte uit te gallop met agterbene gebuig onder die liggaamsgewig.

**(a) FOUTE**

Luiheid, lusteloosheid, loslittigheid, lompheid, gekap. Ongebalanseerd. Treë te lank, te vinnig, of te laag. Ruiter word in die saal rondgegooi; ruiter en perd vorm nie 'n eenheid nie. Leun op die stang; kom te hard op die voorbene af; strek die nek en kou aan die stang. Sekelstert of knypstert. Om met die buitebeen te lei is 'n slegte fout. Ruiter moenie op en af wip om posisie te probeer verbeter nie.

**(b) VYFGANGER**

Word met effens meer krag, spoed, en aandrywing gery as die Drieganger, en alhoewel beheersing behou moet word, is dit nie so streng as wat van die Drieganger verwag word nie. Daar moet geen leunery op die stang wees nie.

**(c) DRIEGANGER**

'n Geskoofde gang wat onder beteueling uitgevoer word, met groot beheersing, teen ongeveer 8 km per uur, met perfekte balans en beheer wat deurentyd behou word. Byna die volle gewig van die perd moet op die flanke gedra word, en die voorbene moet net liggies aan die grond raak, met 'n baie ligte houvas op die stang.

**KORTGANG**

'n Sywaartse, stadige, lewendige, uiters beheersde en vertonerige viermaatgang, met 'n onewe toonmaat, wat veroorsaak word deur die hoefslae wat nie reëlmatig gespasieer is nie. Die agterpoot van die een kant slaan die grond 'n kort oomblik voor die voorpoot aan dieselfde kant, wat veroorsaak dat daar twee stelle van twee toonvalle elk is, in elke reeks van vier voetvalle: 1-2—3-4. Die korrekte spoed is baie stadig teen ongeveer 6 km per uur. Daar is aansienlike skouerbeweging en baie hoë aksie aan die voorkant, met hakke goed geveer en agterbene wat sterk voorwaarts skuif onder die liggaam. Die korrekte houding vir die perd se kop en nek is met die gesiglyn byna vertikaal. Dit is 'n stylvolle, aanskoulike gang wat met soveel gedraendheid van styl (hoogmoed) as moontlik uitgevoer word onder sterk maar elastiese beteueling, sonder enige styfheid van houding, met lewendige oë en 'n lewendige gesig.

**(a) FOUTE**

Pas (tweemaatgang) is 'n ernstige fout. 'n Stadige trippel wat aangebied word as 'n kortgang, is nie aanvaarbaar nie, en daar sal sterk gediskrimineer word teen 'n kortgang wat uitgevoer word met die egalige toonval en vierslagritme van die Trippel.

Ander foute is: Om die gang te onderbreek; stampery; om skeef soos 'n krap te gaan; te vinnig; veg teen die stang; om bokant die stang uit te kom sodat die neus uitgestrek is; om met die neuspunt omhoog te wys; 'n gekromde nek of die verkeerde buiging van die nek; verkeerde tyd; 'n tree wat uit pas is; rolbeweging. Voete moet met sekerheid neergesit word sonder afwykings van die korrekte plasing vir die gang.

## (b) TOEPASSINGS VAN DISKRIMINASIE TEEN PERDE WAT NIE DIE KORTGANG DOEN NIE

Die oorgang van kortgang na Trippel is baie moeiliker as die oorgang van Stadig Trippel na Trippel, alhoewel beide die gange sywaarts is (d.w.s pote beweeg aan dieselfde kant), want in die kortgang kom daar ‘n pouse voor tussen die hoefslae van die pote wat sywaarts oormekaar is, en in die stadige Trippel en Trippel is die pouse tussen die hoefslae van oorhoekse pote. Verder moet die balans van die perd vanaf die agterkwart na die horisontale lyn verskuif. Om hierdie rede moet perde wat ‘n korrekte kortgang opvolg met ‘n korrekte Trippel, krediet gegee word, en teen die wat dit nie doen nie, moet sterk gediskrimineer word. Die vaardigheid van elke klas sal bepaal hoe sterk die beoordelaar teen hierdie fout moet diskrimineer. Ruiters word gewaarsku om nie ‘n stadige Trippel in plaas van ‘n kortgang te doen nie, in ‘n poging om hulleself in ‘n beter posisie teen die reling te plaas, of om ‘n vinnige oorgang te bereik nie.

## TRIPPEL

Dit is ‘n sywaartse, vinnige, lewendige, beheerde, viermaatgang, met ‘n egalige toonval, omdat elke hoef die grond teen presiese en met reëlmatige gespasieerde pouses tref. Elke voetval word duidelik gemaak en gehoor: 1-2-3-4. In elke reeks van vier voetvalle word die hele gewig van die perd in opeenvolging deur elk van die vier voete apart gedra, hierdie is die rede vir die naam “Enkelvoet”. ‘n Foto, wat op ‘n gegewe oomblik geneem is, mag wel ‘n beeld wys van twee voete wat terselfdertyd op die grond is, maar daardie twee voete sou die grond teen opeenvolgende pouses getref het en nie gesamentlik nie, en slegs een voet sal besig wees om die gewig van die perd te dra.

Die Trippel moet in vorm gery word; dit moet stylvol wees, baie lewendigheid vertoon, goeie skouerbeweging, die hakke moet goed onder wees, met die middelpunt van die perd horisontaal en gebalanseerd met die nek en kop wat in ‘n hoë houding gehou word en die stert wat swierig vertoon. Die voorbene moet afstand en hoogte ontwikkel, met ‘n rolbeweging deur die hoewe in ‘n sirkel soos die buitelyne van ‘n wiel. Die agterbene moet goed onder die liggaam inveer, maar moet nie sover van die grond af gelig word as by die draf nie. Die houding van die perd se kop moet korrek wees, met fleksie van die nek by die agterkop, die stang moet goed in die bek wees, met die ken ingetrek, die gesig moet effens na vore gestrek wees (omdat hierdie ‘n vinnige gang is) maar by geen geleentheid mag die neus uit- of opgestoot wees nie. Daar is uiterse voorwaarste stuwing; die gang moet lewendig wees en die grond moet goed bestryk word. Elke treë moet presies simmetries wees, presies ewe hoog en afgerond. Spoed is van groot belang, maar op geen stadium mag styl en vorm ingeboet word vir spoed nie.

## (a) FOUTE

Pas (pacing) is ‘n ernstige fout. Daar sal skerp gediskrimineer word teen pas in die Trippel, of teen enige ander tipe van gangvermenging. Spoed, sonder styl of vorm, word sterk gepenaliseer. Ander foute is: Verkeerde tydsberekening; ‘n ontydige treë; spring by die hoeke; om gang te onderbreek; styfheid; die neus op- of uitgestoot; ‘n harde bek; die kop onnatuurlik hoog gelig met geen fleksie by die agterkop nie. As ‘n perd te hard gery word veroorsaak dit verlies aan beheersing, ‘n kop wat laag gehou word, reguit maak van die nek, en sleep van die hakke. Bene wat sleep. Styfheid in die agterbene.

**PAS EN GANGVERMENGING**

(a) DIE PAS is ‘n sywaartse tweemaatgang, waarin beide bene aan eenkant gesamentlik beweeg en die twee hoewe aan daardie kant die grond gesamentlik tref. Daar sal gediskrimineer word teen ‘n perd wat duidelik en aanhoudend in die skouring pas.

(b) GANGVERMENGING – Daar word sterk gediskrimineer teen perde wat ‘n neiging toon om te pas, wanneer getrippel moet word, hetsy met tussenposes of wanneer hulle uitgeput is en wat sodoende die twee gange meng. Daar sal ook sterk teen perde gediskrimineer word, wat trippel en draf vermeng of ‘n gallop en ‘n trippel vermeng. Die graad van diskriminasie sal afhang van die graad en die konsekwentheid waarmee gange vermeng word, net soos die graad waarmee en die aantal kere wat gange onderbreek word, diskriminasie sal meebring.

**ALGEMENE TERME**

**SAAMGEVAT (“COLLECTION”)**

Beheersing beteken voorstuwing/aandrywing onder beheer en word gewoonlik uitgevoer wanneer die perd in beweging is.

Die ruiter druk met sy boudbene af en sluit beide bene ferm, en dryf dus die agterbene van die perd opmerklik onder die liggaam in, sodat die agterpote op dieselfde plek of net voor die spore van voorpote trap. Terselfdertyd word die teuels aangewend, wat elk ferm in elke hand gehou word, sodat die perd teen die stang vasforseer word. Dit skuif die middelpunt van swaartekrag van beide die perd en die ruiter na die agterkant, en plaas die perd in die korrekte balans met die gewig goed op sy agterkwart. Die kruis sak laer, die rug verkort, die voorbobeen lig op, die nek buig by die agterkop en vorm ‘n boog, die agterkop bly die hoogste punt van die liggaam en die gesiglyn is effens na vore en die tree verkry hoogte. Die perd kan nou sy gange met die grootste lewendigheid, vorm en presisie uitvoer.

As gevolg van die geligte voorbobeen, is die voorbene nou ratser en die perd, wat aldus op sy hoede geplaas is, is nou geestelik en liggaamlik gereed om gang te verander en om enige skielike beweging uit te voer. Hy mag op geen stadium voorwaartse aandrywing verloor nie, of die lewendigheid van die gang of eweredigheid van sy treë. Die perd is onder totale beheer van die ruiter en word tussen die ruiter se bene en hande gehou, met die liggaam reguit en gebalanseerd, in kontak met die stang, maar nie aangeleun teen die stang nie, ook nie bokant die stang of agter die stang nie. Beheersing word verky as die agterbene van die perd onder die liggaam inforseer word, en nie as die perd aan die teuels teruggetrek word nie; met ander woorde die aandrywing moet van agter na voor wees. Korrekte beheersing hang daarvan af of die perd fisies fiks is en of die ruiter ervare is in die gebruik van boud, hand en voet. As die stang te veel gebruik word, sal dit oorbeheersing meebring en die perd sal agter die stang uitkom en uit kontak raak. Te min gebruik van die stang sal veroorsaak dat hy aan die leisels hang en teen die stang aanleun.
Beheersing bring die hoë aksie van die perd uit sonder behulp van spoed. Indien te veel van die perd verwag word, sal hy beheersing verloor, laag uitstrek, spartel, sy ken uitsteek, senuweeagtig word, hakke na agter gooi en te swaar op sy voorbene land. Die perd moenie tot ’n spoed gedryf word waar hy fleksie in sy nek en die houding van sy kop verloor nie.

**UITSTREK**

By al die uitstrekgange, is die kriterium die verlenging van treë, en nie spoed nie. Die agtervoete moet baie duidelik verby die spore van die voorste voete gaan en moet die spore volg sonder om na buite te strek. Dit is nie aanvaarbaar dat spoed opgetel word terwyl daar nie strekking is nie. Die ruiter moet kontak behou met die bek en die perd se nek sal laer en rek om aan te pas by die verlenging van die voor- en agtertreë. Die aandrywing van die agterkwart moet aanpas by die voortree wat langer word; die hulp moet weereens van agter na voor wees en die beweging moet in balans wees met korrekte ritme en voetval. Perde mag nie verby hulle vermoë of fiksheid gedryf word nie en mag nie senuweeagtig word of spartel nie.

**FLEKSIE VAN DIE NEK**

Fleksie word onmiddellik agter die agterkop verkry. Die trens word gebruik om die perd se kop op te lig en die stang om die ken in te trek en dus word die kop in die korrekte houding geplaas om fleksie in die nek te verky. Die drukking van die stang laat die kaak ontspan, wat dan lei tot die ontspanning van spiere teen die agterkop en die perd is dan lig in die bek en leun nie teen die stang aan nie, of beveg die stang, klim bokant die stang uit, strek sy nek uit of gooi die kop heen en weer nie. Die perd se kop word korrek omhoog gehou deur sy eie spierkrag en balans en die middelpunt van swaartekrag verskuif na agter en die hele vorm van die perd verkort soos ‘n bal, wat makliker is om te beheer en in ‘n rigting te stuur. Die ruiter mag nie krag gebruik nie en die perd mag ook nie toegelaat word om te veel te strek nie, wat sal beteken dat hy agter die stang sal kom en uit beheer raak en voorwaartse stuwing verloor.

**HOUDING**

Die posisie en die manier waarop die kop gedra word is van primêre belang vir die korrekte balans van die perd. Wanneer ‘n perd die gewig van ‘n ruiter dra, kan hy slegs gebalanseerd wees as die kop opgelig is en die nek gekrom is om die gewig terug, weg vanaf die voorbene te skuif en die middelpunt van swaartekrag na die agterkwart toe te verskuif, wat die krag en die aandrywing het om die gewig te dra en steeds die bene tot volle potensiaal te laat werk, in samewerking met ‘n ligte en beweegbare voorbeen.

Korrekte werkverrigting kan nie verkry word, voordat die perd se kop nie behoorlik geplaas is nie, wat daarop neerkom dat die perd aan die stang is, met die ken in, die nek gebuig teen die agterkop, agterkop hoog, liggaam beheersd, en die agterbene wat sterk na voorwaarts onder die liggaam inwerk. Die nek is buigbaar op die teuels en kan daarom in verskillende posisies geplaas word vir die verskillende gange. Dit kan dus verstaan word dat ‘n perd met ‘n swak nek of ‘n dik keelaansluiting, probleme sal hê om die verlangde resultate te bereik, omdat hy nie daarin sal slaag om sy kop in die regte houding te kry nie.

**(a) HOUDING EIE AAN ‘N RAS**

Elke perderas het ‘n kenmerkende houding van sy kop, wat verkry moet word, voordat werkverrigting tot die beste van sy vermoë en potensiaal kan geskied. Die houding van die Volbloed Perd, Arabier, Amerikaanse Saalperd, Hackney en die Walliese Ponies sal almal verskil, omdat dit aanpas by die bouvorm van die perd; by die manier waarop die perd beweeg, en meer besonder by die manier waarop die nek by die skouers aansluit; die vorm van die keelaansluiting en die hoek wat deur die kop en nek gevorm word.

Die houding van die perd hou verband met die manier waarop hy hom onder die saal gedra en met die beeld wat hy skep. As daar ‘n standbeeld gemaak moet word van ‘n spesifieke ras in aksie, sal die standbeeld in ‘n definitiewe en maklike herkenbare vorm pas, wat eie is aan daardie ras alleen.

**(b) HOUDING EIE AAN ‘N KLAS**

‘n Verdere verskil in houding word verky binne ‘n spesifieke ras of tipe. Dit word aangepas deur die klas wat uitgevoer word, die tipe gebit – of dit ‘n dubbeltoom of tuigtoom is – en die manier waarop die ruiter of die drywer die perd beheer en dus die kop, nek, liggaam en ledemate beheer en in ‘n staat van balans te hou, om die maksimum potensiaal by die vertoning in, drie- of vyfgange te bereik en om die verlangde vorm, hoogte, spoed en ritme te bereik.

**i. Driegang Boerperd**

Sterk nadruk word gelê op die houding van die kop en die nek in hierdie klas. Dit moet baie trots en wakker gedra word met ‘n baie skoon, oop en fyn keelaansluiting wat gebalanseer word deur ‘n swierige stert. Daar is maksimum beweeglikheid by die agterkop, die ken is in, die gesig is effens na vore gestrek en die laagste lyn van die neus moet goed bokant die toplyn van die saal wees. Hierdie uiterste beheersing vorm ‘n beeld van grasie, waardigheid, elegansie, vasberadenheid en presisie en die aksie is geveer, stadig, hoog en knap. Alhoewel vorentoe beweeg word, trek hierdie beweging die oog loodreg, anders as by die krag en voorwaartse stuwing van die Vyfgangbeweging, wat die oog op ‘n horisontale vlak trek.

**ii. Vyfgang Boerperd**

Hierdie houding benodig nie soveel beweeglikheid nie, met die ken in, die gesig effens meer regop en die laagste lyn van die neus effens hoër (omdat die skouer hoër is) as die van die Drieganger, wat ‘n meer gestrekte beweging van die voorbene meebring, sodat ‘n wyer sirkel beskryf kan word deur die hoë rollende aksie van die voorbene. Die middelpunt van swaartekrag is sterk na agter, sodat die skouers van die perd hoog gedra word en aggressief vertoon met die maanhare wat terugvloei vanaf ‘n kragtige en trotse kop. Die indruk is een van indrukwekkendheid, krag, donimansie en spoed.

**iii. Siertuig Boerperd**

By die houding is die gesig minder na voor en die kop word hoër gedra as by die Vyfgang, wat ‘n vryer ritme aan die hoë en geronde vorm van aksie gee. Hierdie hoër uitkyk word veroorsaak deur die dryftrens en die remleisels, en word aangehelp deur die kragtige aanstuwing van die agterkwart, wat hoë beheersing, grasie, animasie en elegansie meebring, met presisie en knap aksie.

**iv. Enkeltuig Boerperd**

Die houding is weer eens ‘n aanpassing op dié van die Siertuigperd, omdat spoed verlang word en daarom kan die houding van die kop en die nek nie heeltemal so trots wees nie. Die gesiglyn is meer gestrek, die ken verder uit en effens laer en die ritme van die gang bereik byna skouspelagtige afmetings.

## POSISIE VAN DIE STANG IN DIE BEK

### (a) TEEN DIE STANG

Die perd neem besit van die stang met bewustelike gehoorsaamheid. Die ruiter is in kontak met die perd se bek asof hy rekbare teuels het. Die perd is in korrekte balans, met die hakke goed onder en met die daarmee gepaardgaande ligte voorbobene, die nek hoog gebuig en in die korrekte houding; die perd moet nie probeer om ondersteuning by die teuels te soek nie.

### (b) LÊ OP DIE STANG

Die perd soek ondersteuning van die teuels omdat hy nie in balans is nie; sy hakke is uitgestrek na agter; sy kop en nek is nie korrek ondersteun nie en hy land swaar op die voorbene. Dit kan lei dat hy trek aan die stang, die nek uitstrek of tot ‘n gevoellose bek.

### (c) BOKANT DIE STANG

Die neus word te hoog gehou en is uitgestrek, sodat die hoek van die gesig te ver na vore is, wat veroorsaak dat die drukking van die stang op die hoeke van die lippe is en nie in die binnekant van die mond nie. Hierdie is ‘n algemene fout by baie Vyfgangperde, waar gebrek aan beheersing en hakaandrywing is en wat ‘n swaar ruiter dra. Die ongemak by die rug veroorsaak dat die kop en nek verkeerd gehou word, ‘n toestand wat maklik herkenbaar is deur die uitgestrekte neus en die spartelende agterbene, soos die perd “sy agterbene agter laat”.

### (d) AGTER DIE STANG

Die nek is te veel gekrom, wat veroorsaak dat die gesig na onder gedruk word. Die perd bied weerstand deur nie die stang vas te byt nie, maar om dit toe te laat om sy mond te hang. Die perd is feitlik buite beheer en voorwaartse aanstuwing is verlore. Hy sal moontlik sy kop rondgooi of op en af ruk eerder as om die stang vas te vat en sy kop in die regte houding te kry, wat veroorsaak dat hy nie beheersd is nie, nie reg is vir bevele nie en nie gewillig is om gery te word nie.

## TEENWOORDIGHEID (PRESENCE)

“Teenwoordigheid” is die ekwivalent van “selfversekerdheid”, “persoonlikheid” en “karakter” in die mens. ‘n Perd met teenwoordigheid is onbewus van sy omgewing en hy rig sy oë op die verste heuwels. Die perd gloei van lewenskrag, met blink oë en ‘n lewendige aangesig, ore gespits, stert hoog en die nek gekrom. Hingste sal mag en dominansie toon; merries sal grasie, elegansie en waardigheid toon. Waar “lewendigheid” gedefinieer kan word as “die voorkoms van opgebottelde lewenskrag”, is “teenwoordigheid” die voorkoms van beheerde majestueusheid en ‘n trotse houding.

**ANIMASIE / LEWENDIGHEID**

Die innerlike toestand van dapperheid en gewilligheid in 'n perd manifesteer na buite as animasie en animasie vertoon allerpragtigs in die uiterlike voorkoms en innerlike instelling van die perd. Animasie, wanneer dit na 'n gang verwys, impliseer 'n beweging wat hoogs beweeglik, knap, uiters netjies is en wat met groot presisie en beheersdheid uitgevoer word.

**KWALITEIT**

Kwaliteit is die waarborg van goeie telery wat oorerwingskrag verseker. Dit kan gesien word in die fynheid van kop en oor; in die gebeente van kop en bene; in die tekstuur van die vel en die spier; in die afgerondheid en prominensie van beenspiere; in prominensie van are en die oog; in die digtheid van die hoef; die syerigheid van die maanhaar, die stert en die vel; die gebrek aan oorvloedige beharing en in die afgerondheid van die vorm.

**SUBSTANSIE / KERN**

Substansie is die kombinasie van spier en been in die korrekte proporsies. Substansie is nodig om te voorkom dat 'n knol/nikswerd perd geteel word en die kuns is om 'n perd te teel wat groot gebeen en fyn is, nie groot gebeen en grof nie. Substansie – wat dikwels waargeneem kan word in die ontwikkeling van die middelpunt en heupe en goeie beendere in die bene – moet altyd hand aan hand gaan met kwaliteit, anders word dit waardeloos.

**BALANS**

(a) BALANS IN DIE BOUVORM kan gesien word in die verhouding van die voorkwart tot die agterkwart; die lengte en diepte van die middelpunt; die manier waarop die nek en die stert gedra word; die vloeiende, kort simmetriese bolyn teenoor die lang onderlyn, wat die perd in staat stel om ruimte te hê en hoog te staan.

(b) BALANS VAN AKSIE kan gesien word in die saallyn van 'n perd in voorwaartse aksie op 'n horisontale vlak, met 'n hoë kop en die nek goed na vore gestrek, wat gebalanseer word deur die stert wat hoog en vry aan die agterkant gedra word. Die agteraksie van bene moet nie sleep nie en moet goed onder die perd in wees en ondersteunend wees. Dit moet die perd voorwaarts aandryf en moet skoon en hoog genoeg wees, om die hoë vooraksie te balanseer, wat ook skoon en reguit moet wees. Die hele beeld van perd en ruiter moet vorentoe in 'n gladde vloeiende beweging vloei en nie rukkerig wees of vol foutiewe aksie nie.

(c) GEBALANSEERDE UITVOER VAN GANGE – Of die perd nou beoordeel word op twee-, drie- of vyfgange, moet die standard van perfeksie van elke gang gebalanseer word deur die standaard van perfeksie van die gange wat nog oorbly. Alle bewegings moet skoon, stylvol, met korrekte voetval en tydsberekening wees en voldoen aan die vereistes wat as tipies vir die ras of die tipe voorgeskryf word, ten opsigte van 'n goeie gemiddelde spoed, vorm, beheersing, hoogte, ritme en styl. 'n Perd verloor baie punte as hy swak doen in een of twee van die vereiste gange, selfs al is hy besonder knap in die ander gange.

## STAMINA EN "HART"

"Hart" kan nie wetenskaplik verklaar word nie. Dit is daardie innerlike kwaliteit wat 'n mens of 'n dier aanspoor om tot die uiterste van sy vermoë te volhard, selfs al lyk die situasie hopeloos, - om gewillig alles in sy vermoë te gee totdat hy neerval. Dit kan miskien net in die karaktervolle blik van die oog waargeneem word, en nêrens anders in die bouvorm nie. "Hart" in 'n resiesperd is miskien sy heel grootste bate en 'n grootse skouperd kan miskien nooit heeltemal as groots geklassifiseer word nie, tensy hy "hart" het.

Stamina word verkry as gevolg van konstante, korrekte en flukse afrigting, voeding en oefeninge en kan gesien word in die fiksheid en die ontwikkelde spiere van die perd. Dit word nie noodwendig in die perde met die beste bouvorm gevind nie, omdat perde wat grootgemaak word onder toestande van ontbering, dikwels goeie stamina het, ten spyte van hulle bouvorm bates. Nie alle perde wat stamina het, het "hart" nie, maar 'n perd wat nie beide het nie, is 'n swak perd.

Dit is egter swak beoordelingsprosedure om skouperde toe te laat om aan te hou ry teen spoed, of in 'n hoogs beheersde en daarom uitputtende gang, vir 'n onbepaalde tydperk, terwyl argumente met 'n medebeoordelaar gevoer word. Die beste perde sal baie duidelik hulself tot op die uiterste inspan om hulle standard te behou en dit sal dus verwag word dat hulle makliker sal moeg word as die swakker perde, wat maar merendeels sal saamdraf.

'n Beoordelaar moet ook nie 'n marathon van 'n klas maak nie, met die oog daarop om perde op stamina alleen te beoordeel.

Met die bogaande twee punte in gedagte, moet die beoordelaar 'n balans behou tussen die typerke wat hy wy aan elke gang, en daar moet punte afgetrek word by perde wat nie in kondisie is nie en by wie dit ontbreek aan stamina en wat dus voor die einde van 'n klas moeg word. Vertoners moet oplet dat alhoewel stamina vereis word in alle ryklasse, dat om té hoë eise wat aan 'n perd te stel, in enige gang, as 'n lelike fout van vertoonmanskap beskou sal word.

## MANIERE

### (a) Maniere van die Perd

Die perde met die beste afrigting sal gewoonlik die beste maniere hê en in meeste gevalle is "maniere" sinoniem met 'n beheerde optrede, 'n goeie bek en 'n goeie temperament. Die perd moet te alle tye doen wat van hom gevra word en wat van hom verwag word deur die beoordelaar en die vertoner. Daar word in beide die Teel- en Vertoningsklasse sterk gediskrimineer teen swak maniere.

### (b) Klasse waarin Maniere Meer Gepenaliseer word

Driegang, Siertuigklas, Dames Ruiterklas, hetsy Drie- of Vyfgang. Enige ander klas waar dit 'n voorwaarde is dat dames of kinders ry. Daar moet spesifiek opgelet word dat die Driegangperd sterk gepenaliseer word vir swak maniere en swak afrigting, omdat verwag word dat sy vertoning perfek moet wees, selfs in die Oopklasse.

**(c) Algemene Weerstande teen die Wil van die Ruiter**

Onderbreking in gang. Skuins loop. Agterop skop. Steeksheid. Skop. Steier en spring. Uitsprei van nek, kop heen en weer gooi en kou aan die stang. Ore wat plat getrek word, stert wat heen en weer swaai. Die gebruik van die lat, stem of spore om te dissiplineer of om gange af te dwing. Uithardloop. Weiering om op bevel in 'n gang te gaan. Weiering om die stang te neem. Weiering om stil te staan vir inspeksie. Weiering om uit die linie te gaan en individuele toetse te doen. Weiering om korrek te stap.

**(d) Maniere van die Vertoner**

Swak maniere; onbetaamlike gedrag; onsportiewe handbewegings; gebrek aan hoflikheid teenoor die beoordelaar, baanbeampte of mede-uitstaller; dronkheid; oneerbiedigheid; swak humeur, gebrek aan konsiderasie; wreedheid; al bogenoemde dra verskillende grade van straf afhangende van die krasheid van die saak. Die beoordelaar het die reg om 'n vertoner te belet om verder aan 'n klas of aan die hele skou deel te neem indien hy voel dat gronde daarvoor is.

**(e) Diskriminasie teen Ruiters**

Daar word gediskrimineer teen ruiters wat op 'n belaglike manier optree om aandag te trek. 'n Ruiter wat sy hande te hoog hou of te ver uitmekaar hou, wat met die teuels in die perd se bek saag, wat die perd op sy bek ry, wat agtertoor leun of wat met onnodige lang stiebeuels ry, is besig om diskriminasie uit te lok, omdat hy die balans en die beeld van die perd benadeel en omdat dit ook 'n aanduiding is dat daar 'n afwyking is, soos byvoorbeeld swaar op die voorbene, onafgeronde gange, 'n harde bek of 'n onvermoë om by die trippelpas te hou. Terselfdertyd sal daar ook gediskrimineer word teen 'n perd wat sy ruiter dwing om aan die maanhaar vas te hou, om teen die nek te raak of op enige ander manier wat nie goedgekeur is nie, moet probeer om die perd in 'n spesifieke gang te hou of te beheer.

**HERRIT EN FINALE KRAGMETING**

(a) Wanneer klasse groot is, word die aanvanklike vertoning van die perde nie teen mekaar beoordeel nie, maar teen die standaard, wat vir daardie klas deur die beste perd in die klas gestel word. Alle perde wat bokant daardie sekere standaard is, word uitgehaal om 'n frontlinie te vorm en hierdie frontlinie word weer in die ring ingestuur vir die "finale" of 'n HERRIT. In sterk klasse verdeel hierdie uitdunproses, sonder uitsondering, die klas in twee feitlik ewe groot seksies, met die finaliste van 'n baie hoë en gelyke standaard. Die Eerstepryswenner moet ook in 'n Herrit ingesluit word.

(b) Dit behoort nie nodig te wees om die agterlyn weer aan 'n kragmeting te onderwerp nie, want in die geval waar 'n perd vanaf die agterlyn na die voorlyn oorgeskuif word, sal hy 'n groot agterstand hê, omdat hy moeg sal wees van sy tweede vertoning in die ring, terwyl die frontlinie uitgerus sal wees. Die agterlyn kan egter weer gewerk word, indien daar tyd is om die voorste lyn te laat rus.

(c) As in ag geneem word dat die HERRIT 'n vars klas is, sal haarklowery noodwendig in die finale rondte begin, wanneer perde teen mekaar beoordeel word. Hoe nader enige klas na sy einde kom, hoe duideliker word foute en dit is fataal vir enige vertoner om op hierdie kritieke periode aan perfeksie in te boet, wanneer daar nie tyd vir sy perd oor is, om sy fout reg te stel nie.

(d) As die beoordelaar nie onmiddellik ‘n dadelike en finale keuse kan maak nie, mag hy die finaliste opstel en uit hulle twee of drie perde kies, wat dan saam in die ring ingestuur word, vir ‘n finale kragmeting op enige of alle van die gange wat hersien word. Die Eersteprysperd is nie noodwendig ingesluit by die kragmeting nie.

(e) In die geval van ‘n KLEIN KLAS, is dit nie nodig om ‘n frontlinie uit te haal nie en die beoordelaar mag 2 of 3 perde vir ‘n Finale Kragmeting uithaal, soos in (d) hierbo.

(f) In die geval van ‘n KAMPIOENSKAP SKOU, waar vyf plasings gemaak moet word, moet die mees uitstaande 3 perde uitgehaal word en toegelaat word om eenkant te staan; terwyl ‘n tweede uittrekking van 4 of 5 perde rondom die ring gestuur word, in ‘n Finale Kragmeting vir die 4de en 5de plasings. Daarna word die eerste uittrekking rondom die ring gestuur in ‘n finale kragmeting vir die 1ste, 2de en 3de plasings.

# HOOFSTUK 11

## MEET VAN 'N PERD

### HOOGTE

1. Die perd moet sonder 'n saal op 'n gelyke platform geplaas word, met die voorbene ruiguit en die agterkant van die hakke gelyk met 'n punt op die perd se agterstewe, sodat die perd in balans staan.

2. Die perd se kop moet in so 'n posisie gehou word, dat die lyn tussen die agterkop en die skof so na aan parallel is met die lyn van die platform, as wat die perd se bouvorm dit toelaat, sodat die hoogste punt van die perd se skof vasgestel kan word.

3. Die dwarslat van die meetroede mag nie op die skof druk nie en die dwarslat moet parallel met die grond wees. Die roede moet onbuigbaar wees, maar dit sal nie toegelaat word dat die maanhaar opsy gevee of platgedruk word nie. Die beampte mag slegs die perd se kop vashou.

4. Geen toegewing vir hoefysters word toegelaat nie.

5. 'n Hand is 4 duim (8,8cm)

6. Perde wat in klasse deelneem waar beperkings op die hoogte geld, moet voor die skou deur die skoubeamptes gemeet word.

7. Vir klasse waar nie 'n hoogtebeperking geld nie, sluit die term "Perd" beide 'n perd en 'n ponie in.

8. 'n Ponie word gewoonlik geklassifiseer as 14.2 hande en laer. Individuele rasse mag egter hul eie spesifieke hoogtevereistes vasstel vir ponies.

## MEET VAN DIE HOEF

Hoefafmetings word langs die middel van die voorkant van die hoef geneem, vanaf die lyn wat die vel maak aan die laagste kant van die hoefkroon tot by die bopunt van die hoefyster.

# HOOFSTUK 12

## GESONDE DIENSBAARHEID

## REËLINGS OOR GESONDE TOESTAND

‘n Perd moet diensbaar en vry van enige gebreke wees, behalwe in die Ruiterkunsklasse, waar Vryheid van gebreke nie ‘n oorweging is nie, behalwe in gevalle waar dit die ruiter se vertoning aan bande sal lê.

Die bevoegdheid om oor die perd se gesonde diensbaarheid/vryheid van gebreke vir ‘n klas te besluit, berus by die beoordelaar en sy beslissing is finaal.

Indien ‘n amptelike skouveearts beskikbaar is, en sy beslissing oor die gesonde diensbaarheid/vryheid van gebreke van die perd word deur die beoordelaar aangevra, sal sy beslissing finaal wees.

## SKOUVEEAARTS

Tydens ‘n klas mag die Veearts slegs deur die beoordelaar ingeroep word en beoordelaars word aangeraai om die veearts se opinie te verkry oor toestande wat ‘n diskwalifikasie mag meebring.

Nadat die veearts se opinie verkry is, moet die beoordelaar die betrokke perde na sy eie diskresie plaas, met die nodige inagneming van hul relatiewe swak en sterk punte, gemeet aan die spesifikasies van die hele klas, en met inagneming van die graad van hul gesondheid.

Die veearts moet die perd in die ring ondersoek, so onopsigtelik as moontlik, en op so ‘n manier dat dit nie publieke belangstelling uitlok nie.

‘n Vertoner mag nie ‘n tweede veearts se opinie verky, om die besluit van die beoordelaar te weerlê nie.

## DEFINISIE VAN “GEBREKE”

‘n Gebrek is enige fisiese of anatomiese defek, besering, wanskapenheid of probleem wat die perd se gang beïnvloed. ‘n Perd mag geen tekens toon van kruppelheid, dampigheid (jaagsiekte/flouheid) of aantasting van sig nie.

## GESONDE DIENSBAARHEID

Dit is wanneer die perd vry is van enige fisiese gebreke, wat sy gebruik of vertoning kan beïnvloed, terwyl hy in die ring beoordeel word.

## TEGNIESE DIENSBAARHEID/GESONDHEID

Dit is om geen fisiese gebreke, in watter geringe mate ookal, te hê nie.

**OORERLIKE GEBREKE**

Dit ly ‘n onbewese toestand. ‘n Swak bouvorm – wat tot gebreke mag lei – kan oorgedra word en daarom moet daar teen swakhede in die bouvorm gediskrimineer word.

**NEIGING TOT GEBREKE / ONGESONDE TOESTAND**

Dit dui op ’n fout in die bouvorm, wat tot gebreke mag lei.

**GEBREKE WAT NIE DEUR ERFFAKTORE VEROORSAAK IS NIE**

Dit dui op foute waarvoor daar geen klaarblyklike rede in die bouvorm is nie, en as sodanige gebreke nie die perd se gang of sy vertoning beïnvloed nie, terwyl hy beoordeel word, is dit van mindere belang, omdat dit moontlik die gevolg mag wees van uitwendige beserings.

**FOUT BY DIE GEBEENTE**

Dit is skade aan die beenstrukture van die perd se bene, wat deur swakhede in die bouvorm of deur ander oorsake ontstaan en wat tot gevolg het dat die perd nie gesond en diensbaar is nie.

**LETSELS**

Dit veroorsaak nie noodwendig ongesondheid nie, maar doen afbreek aan die perd se voorkoms en die graad van geskendheid verminder sy waarde proporsioneel.

**KRUPPELHEID**

Dit is wanneer die beweging van een of meer van die perd se ledemate aangetas is deur pyn, siekte, swakheid, ‘n gebrek, ‘n hindernis of ‘n gestremdheid, wat deur ‘n fisiese of anatomiese defek, besering, gebrek of aantasting veroorsaak word.

# "SADDLE SEAT" DIE DRAF



# HOOFSTUK 13

**RUITERKUNS (EQUITATION)**

Ons gebruik die “saddle seat” manier van ry om ‘n Boerperd te ry.

Wanneer “saddle seat” gery word, word die ruiter agter op die saal geplaas wat die voordeel het dat die perd se nek langer lyk, die voorkant van die perd beter gesien kan word en die hoë aksie beklemtoon word. Deurdat die ruiter se gewig agter op die perd geplaas word, kan die agterbene makliker onder die perd ingeforseer word.

Die liggaam word regop gehou en die skouers is reguit en ontspanne. Die hele manier van sit word beheer deur die posisie van die voete in die stiebeuels. Die hak word af getrap en uitwaarts weg van die perd se sy, sodat die sool van die skoen wys. Dit veroorsaak dat die hele been draai vanaf die heupbeen en sodoende die binne bobeen plat teen die saal en die knie teen die stiebeuel druk. Die hakke is reg onder die gewig van die ruiter. Wanneer van voor gesien vorm die voet en die been ‘n verlenging van die perd se lyf. Indien die ruiter afkyk kan hy sy hele been en kuit en voet sien. Van die kant gesien is die been agter die stiebeuel met die hak af en die toon op.

**HANDE**

Moet in lyn met die perd se bek wees. Hande mote STIL wees. DUIME skuins na mekaar, R-duim wys na R-oor. Hande nie styf teen mekaar nie. GEWRIGTE is rond – asof jy ‘n bossie blomme vashou. Hande word 5-6cm van mekaar gehou.

**BO-LYF**

SKOUERS – oop en ontspanne – moenie optrek nie. RUG – ingetrek – nie uitgebult nie – hou stewig. KOP – op – hou ken op – kyk tussen perd se ore deur. Moenie sit en rondkyk nie – GLIMLAG! Moenie afkyk op jou hande nie – dit breek die lyn. NEK ontspan – moenie nekspier styf trek nie.

**ONDERLYF**

HEUPE vertikaal op saal. Moenie agter op boude sit nie – stoot dit effens uit na agter en sit op boudbene.

**BENE**

KNIEE ten die saal en op die stiegrieme. NB. Draai jou knie in. Binnebeen teen die saal. As jy jou knie indraai sal jou hakposisie reg wees. HAKKE AF – tone nie ingedraai of uitgedraai nie, reguit na voor en toon op BAL van die voet in stubeuel. Die sool van die ‘boot’ moet deur die beoordelaar gesien kan word as reg voor perd staan. Om die regte stiegriem lengte te kry laat die been vry hang en die stubeuel moet dan so lank soos die binneste enkelbeen wees.

**VAN VOOR**

Die lyn van die heup na die ‘boot’ is vloeiend en volg die vorm van die perd se lyf.

**OPSOMMING**

By die vooroor maniere van ry word die middelpunt van die swaartekrag op die skouer van die perd gekry, by “saddle seat” skuif die swaartepunt na agter.

**UITRUSTING VAN PERD EN RUITER**

**PERD**

Moet pas by ruiter. Reg uitbring-stert is baie belangrik.

**SAAL & TOOM**

Skoon en geolie wees, buikgord moet silwerkoon wees. Grootte van saal moet by die ruiter sowel as perd pas. Dubbeltoon moet gebruik word. NB. TEUELS: Dik teuel aan trens. Dun teuel aan stang.

**KLEREDRAG VAN RUITERS**

**RYPAK**

Ruiterkuns: Een soliede kleur broek & baadjie & hoed. Geen tjek material nie. Dit mag wel ‘n strepie in hê. NB. Goed pasbroek moet lank wees en met ‘n punt gesny na agter. Handskoene is verpligtend! Hoed moet reg opgesit word en in ‘n reguit lyn, nie skuins na agter of voor nie. Hare moet netjies wees en in ‘n net. Lang hare verkieslik in ‘n bolla.

**DRADRAG**

Rypak soos hierbo.

**AANDDRAG NA 6NM**

Verkieslik swart of navy.Wit hemp met strikdas. Satynstrepie op broek of satynlapelle.

**“SADDLE SEAT”**

1. **“SEAT”**

   Dit is belangrik dat die grootte van die saal nie net die perd nie, maar ook die ruiter pas. Die saal is van die korrekte grootte as die boude agter teen die saal druk en die knie op die stiebeuel. Indien die knie behoorlik voor die ruiter is nie sal die ruiter nie statig en stadig kan saalboom steek met die hoë aksie van die Kaapse Boerperd nie.

## RUG

Die rug is reguit en die bolyf regop en vierkantig. Die lyf is soepel bo die heupe en die rug is nooit hol, of die skouers krom of onnatuurlik regop en styf nie. Die skouers is reguit dog ontspanne en die skouerblaaie is plat.

## HOUDING

Die kop is op, ken in, oë vorentoe en kyk altyd tussen die perd se ore. Die ruiter moet te alle tye trots regop sit met die maag ingetrek en die ribbekas opgetrek sodat die bors opgelig word en die bors "oop" gemaak word. Die nek word verleng sonder om die ken uit te stoot. Die gesiguitdrukking is baie belangrik. Die ruiter moet te alle tye lyk of hy dit geniet.

## "SADDLE SEAT" IN BEWEGING

Die swaartepunt sal drasties verskil by die saamgevatte drag, die gallop, kortgang en die trippel. Die ruiter moet die nodige balansaanpassings kan maak om die simetriese beeld te behou.

Die kuite moet te alle tye agter die vertikale lyn gehou word, en tydens die kortgang en die trippel moet die kuit nie vorentoe gestoot word nie. Saamgevatheid word deur die regte posisie van die kuite beheer.

## DRAF

1. Knie agter die stiebeuelteul.

2. Probeer die perd se kop lig deur die elmboë in plaas van die hande te lig.

3. Ry met die arms uitgestrek.

4. Die "seat" is heeltemal onafhanklik van hande en teuels. Die hande moet kalm gehou word en moenie die perd ruk en pluk nie.

5. Die hande hou die perd se kop in posisie en speel die hele tyd met die perd se bek om dit sag en gevoelig te hou. Stywe hande kan nie die perd beheer nie.

6. Te veel beweging in die saal en met die bene en voete.

7. Ruiter sit leweloos soos 'n pop en gebruik nie sy liggaam om bevele aan die perd deur te gee nie.

8. Leun terug in 'n poging om die rug regop te hou.

9. Hang aan die teuels om die balans te behou.

10. Teuels te lank. Dit veroorsaak verlies aan houding en beheer.

11. Steek nie op die buitenste "diagonal" saalboom nie.

**GALOP**

Die ruiter moet stil en vas sit met die hak af en die stiegrieme styf, elmboë stil en knieë ferm.

**FOUTE**

1. Te veel gewig op die voete wat veroorsaak dat die ruiter bons in die saal.

2. Hou bene nie stil nie.

3. Galop te vinnig en verloor dus houding en saamgevatheid.

4. “Lead” nie met die binnebeen nie.

**ALGEMEEN**

Die perd moet met uiterste saamgevatheid vertoon word, met die kop hoog en die nek gebuig. Die ruiter se houding moet net so trots wees. Die algehele prentjie is baie belangrik. ‘n Uitsonderlike vertoning word van die perd verwag met ‘n gesamentlike, uitsonderlike, moeitelose vertoning van die ruiter. Hy moet kan toon dat hy die bevele kan bemeester en dat hy ‘n perd kan vertoon met afronding, aksie, maniere en terselfdertyd ook sy eie netjiese rystyl kan vertoon.

Hoe nader ‘n klas aan sy einde kom, hoe opsigterliker is enige foute. ‘n Ruiter kan dus nie bekostig om foute te maak nie. Die perfektheid van die hande “seat”, die hantering van die uitvoering van gange, animasie, maniere en onderdanigheid word beoordeel.





Figure 1





Figure 2





Figure 3





Figure 4

# HOOFSTUK 14

## RUITERKUNS TOETSE

## BANE

In Suid Afrika is bane baie verskillend. Wanneer ‘n toets gevra word moet die volgende punte in ag geneem word:
Baan se grootte
Baan met gras in die middel
Ryoppervlak
Plasing van beoordelaars/aankondigershokkie
In- en uitgang
Pawiljoen sigkant

**NOMMER 1:** Baan met gras in die middle

Hierdie baan kan verskillende probleme veroorsaak wanneer toets weg van die reeling gedoen word.

a) Waar die gras en die baan bymekaar kom is dit ongelyk. Daar is gewoonlik ‘n trappie op na die gras wat gevaarlik is vir die ruiter en die perd.

b) Die verskil in die oppervlak is ook gevaarlik. Die gras gedeelte sal glyerig wees. Die perd se tree, lengte en tempo sal geaffekteer (verander) word deur die verskil in oppervlak. Dit sal die beoordelaar nie ‘n konstante eweredige prentjie van die ruiter en die perd gee nie.

c) Die verkeerde vorm van ‘n patroon mag verkry word as gevolg van die reguit lyn en kurwe wat deur die graskant gevorm word.

**NOMMER 2:** Beoordelaars-/aankondigershokkie

Die plasing van die beeoordelaars-/aankondigershokkie is baie belangrik by die kies van ‘n toets. Kies ‘n toets wat maklik en vloeiend uitgevoer kan word sonder om ooor die hokkie te moet ry**.**

**NOMMER 3:** Hekke

Die in- en uitgange moet ook in berekening gebring word wanneer ‘n toets geselekteer word.

a) Dit is reg om ‘n toets te begin deur weg van die hek te beweeg.

b) Die posisie van die hek sal bepaal in watter rigting die toets uitgevoer sal word.

c) Die draf “diagonals” en die gallop “leads” sal ook hierdeur beïnvloed word.

**NOMMER 4:** Pawiljoenaansig

Waar die pawiljoen staan sal die toets beïnvloed, deurdat die toets die mense se aandag moet trek. Om aan die anderkant van die baan te ry sal nie die toeskouers se aandag trek nie.

a) Die toets moet so naby aan die lint as moontlik wees.

b) Hou die toeskouers geinteriseerd.

c) Die toets moet gedoen word in die sigbaarste plek.

**‘N WOORD AAN DIE BEOORDELAAR**

1. Individuele toetse is ‘n hulpmiddel vir beoordelaars om ruiters uit te wys wat net passasiers is. Asook om ruiters uit te ken wat die fyner punte van ruiterkuns bemeester, wat die perd en die ruiter help om ‘n glad gebalanseerde vertoning te lewer.

2. ‘n Baie moeilike en gekompliseerde toets help nie ‘n beoordelaar nie. Dit bemoeilik sy taak. Goeie ruiterkuns kan maklik uitgeken word by ‘n eenvoudige toets solank jy weet waarna om op te let. Komplekse toetse is vervelig vir die toeskouers, ‘n verleentheid vir die beoordelaar en verwarrend vir die deelnemers.

3. Moenie verkeerdelik dink ‘n toets teen die reling is te maklik nie. Onthou jy soek basiese kennis en die kompetisie is nog nie so sterk of eenvormig dat verskeie ruiters ‘n perfekte toets sal uitvoer nie, al is die toets hoe maklik.

4. Wanneer ‘n toets gekies word, moet die standaard en die vaardigheid van die ruiters in berekening gebring word. Die doel is om so veel moontlik ruiters ‘n gladde toets te laat uitvoer. Moenie ruiters deur foute elimineer nie.

**ONTHOU**

Ons het nie aparte bane vir ruiterkuns uitdunrondes nie. Die ruiterkunsklasse word in die res van die normale program ingepas. Ons moet ook onthou dat die normale toeskouer nie baie van ruiterkuns weet nie en dit kan baie gou vervelig raak.

Die klas kan ook baie tyd in beslag neem en maklik oor die normale tyd loop. Dit affekteer die hele skouprogram. Hierteen moet gewaak word ,so verseker dat:

1. Die ruiterkunsklas vinnig en glad verloop.

2. Die klas binne die gegewe tyd voltooi word.

3. Dat die deelnemers net sal doen wat in die toets gevra word en niks ekstra nie.

4. Dat ons die publiek se aandag sal hou deur die klas vinnig te laat beweeg. Dit is vervelig vir die toeskouers om na 20 ruiters te kyk wat na die beginpunt beweeg op ‘n stap en dan terug stap na die “line-up”. Te veel tyd word hierdeur verspil en dit is vervelig vir die toeskouers.

Jou eerste voorkeur is om die publiek te vermaak deur die ruiters vinnig te laat beweeg vanaf die beginpunt en terug. Tyd sal nie gemors word nie en die toeskouers se belangstelling sal behou word deur die vertoning in die ring.

**SALUEER**

Ons mik na ‘n deurlopende standaard. Ons omstandighede vra vir tyd, toeskouer-voorkeur ens. Toetse teen die lint leen hulself nie daartoe dat die ruiter direk vir die beoordelaar optree nie, aangesien die ruiter moet stap, omdraai na die beoordelaar, salueer, terugdraai en dan eers na die “line-up” terugkeer. Te veel tyd word vermors en die toeskouers word verveel.

Toetse in die middel leen hulself om direk tot die beoordelaar uitgevoer te word aangesien geen ekstra maneuvers nodig is vir die saluut nie – ruiters is reeds in posisie en geen ekstra tyd word gebruik nie. Alles in ag geneem is ‘n saluut net ‘n herhaling vir die toeskouers en die beoordelaar en is dit geen aanduiding van die bekwaamheid van die ruiter nie. Dit is in die algemeen net tydrowend. ‘n Beoordelaar mag ‘n saluut aanvra as deel van ‘n toets maar moet seker wees dat dit verenigbaar is met die toets, tydfaktor, aantal deelnemers en die toeskouers. ‘n Ruiter mag nooit sy/haar rug draai op die beoordelaar om ‘n saluut uit te voer nie.

**STOP**

Die perd moet vierkantig stop, met sy agterbene effens onder hom. Sy neus moet in wees en sy nek en kop saamgevat. Moenie uit posisie stop of oneweredig stop nie.

**ONTHOU**

1. Draf altyd netjies na die beginpunt van die toets.

2. Keer terug op ‘n netjiese draf na die “line-up” posisie na voltooiing van die toets. Moet nooit terug gallop na die “line-up” nie.

3. Moet NOOIT SALUEER tensy die toets dit vereis nie.

4. Dit is korrek om weg te beweeg van die hek area om ‘n toets te begin.

5. Gebruik altyd die regte “diagonals” en gallop “leads” behalwe as anders voorgeskryf. Bv: Draf teen die lint en gallop terug. Hier sal die regte “diagonal” vir die draf gebruik word en die regte gallop “lead” gebruik word. Draf op teen die lint op die verkeerde “diagonal” en gallop terug op die verkeerde “lead” – Dit is selfverduidelikend.

6. ‘n Toets kan gevra word om in enige rigting te begin. As die rigting nie gespesifiseer word nie, mag die deelnemer enige kant kies. (Hou die hek posisie in gedagte). Bv: ‘n Figuur 8 kan begin word van links of regs behalwe waar gespesifiseer word deur die beoordelaar – eerste links dan regs of andersom.

7. Moet nooit ‘n toets verkeerd eindig nie – net soos wanneer ‘n perd afgerig word. Moet nooit ‘n toets op die verkeerde “diagonal” of “lead” eindig nie behalwe as dit so gespesifiseer word. Bv: Draf teen die lint op die verkeerde “diagonal”. In

hierdie geval sal die ruiter na die regte “diagonal” terugkeer voordat hy na die “line-up” terugkeer.

8. ‘n Toets wat uitgevoer word op en af teen die reling aan die een kant van die ring moet altyd eindig voordat die ruiter om die draai gaan. Die ruiter moet nie toelaat dat die perd om die draai gaan sonder om hom te stop en om te draai en die toets voort te sit nie.

9. Die deelnemer mag die perd na enige kant omdraai. Dit is makliker om na die reling te draai (na die voorkant) as weg van die reling (na die agterkant). Dit bly egter die ruiter se keuse.

**DRAAI (BUIG) DIE PERD**

‘n Perd kan slegs korrek om ‘n draai buig met die hulp van die ruiter: Sitposisie, gewig, bene, hande.

**BEEN HULP:**

Die ruiter se buitenste been beweeg tot agter die buikgort en buig die perd se agterlyf om die draai – balanseer die perd. Die ruiter se binnebeen is regoor die buikgort en die perd buig om sy been. Hierdie been hou ook die perd aan die beweeg en verhinder die perd om in die draai in te val.

**HANDE EN TEUELS:**

Die buiteste teuel is die indirekte of balanserende teuel. Hierdie teuel moet teen die perd se nek gehou word om die voorkwart van die perd om die draai te balanseer. Die binnekantste teuel is die direkte teuel en word gebruik vir die direkte stuur om die draai. Die binneste hand neem en gee aan die teuel soos wat die perd om die draai buig.

**SITPOSISIE EN GEWIG:**

Die ruiter se gewig sal na die binnekant verskuif as die perd om die draai gaan. Dit is net moontlik as die ruiter om die perd sit en nie styf en onnatuurlik soos in hierdie land die gewoonte is nie.
Met die ruiter se gewig aan die binnekant is dit makliker vir die perd om die draai te volg, hy sal dus korrek kan buig en volg.

**KOP:**

Die ruiter moet opkyk rondom die draai: ‘n kwart van die patroon vorentoe. Dit sal verseker dat die ruiters se gewig korrek versprei is om die perd om die draai te help. Die ruiter se bolyf en skouers sal ook dan die korrekte draai volg. Die ruiter sal ook in staat wees om die patroon te beplan en so ‘n perfekte patroon te vorm.

**PERD: SPORE RONDOM ‘N DRAAI**

Die perd moet met agter en voorpote in dieselfde twee spore ry rondom ‘n draai.

**FIGUUR 1:** Die perd is gebuig om die draai: sy ruggraat volg dieselfde lyn as die sirkel. Die agterpote volg in dieselfde spore – twee spore.




Figure 1




Figure 2


**FIGUUR 2:** Dit is verkeerd. Die perd se lyf is nie om die sirkel gebuig nie, maar is reguit, die agterlyf is uitgedraai. Die perd ry 3 spore: Binnebeen voor – eie spoor, buitebeen voor en binnebeen agter – selfde spoor, buitebeen agter – eie spoor. Dit kan nog erger word en die perd kan selfs 4 spore ry.

Figuur 2 demonstreer ‘n perd wat nie afgerig is nie en ‘n ruiter wat slegs ‘n passasier is: geen beenhulp, en geen gebruik van die teuels om die perd om die draai te balanseer nie. ‘n Ruiter wat eenvoudig die perd om die draai trek.

**FIGUUR 8**


Die korrekte figuur 8.
Twee sirkels presies ewe groot, deursnee, geplaas direk langs mekaar op ‘n gemeenskaplike middlepunt. Die perd moet reguit ry vir 3 treë in die middel: die middel treë (verander “diagonal” of stop vir “lead” verandering); die treë voordat die perd buig in die tweede rigting van die patroon.

Dit verseker dat die perd en ruiter hul gewig kan versprei en goeie balans kan handhaaf. Albei sirkels moet teen dieselfde spoed uitgevoer word om te verseker dat die sirkels ewe groot is – ewe veel tree van dieselfde lengte. Sien Figuur 1 – korrekte 8



Figuur 1

Figuur 2: verkeerde 8. Dit is soos ‘n mens sal teken. Die sirkels is nie dieselfde nie en daar is nie ‘n gemeenskaplike beginpunt nie.



Figuur 2


**“SERPENTINE”**

**DIE KORREKTE “SERPENTINE”**

‘n Reeks halfsirkels word lang mekaar op ‘n fiktiewe middelyn uitgevoer. Die “serpentine” moet begin en eindig op die fiktiewe lyn. Die “diagonal” word ook op hierdie lyn verander.

Die ruiter moet sy bene, hande, sitposisie en gewig gebruik om die perd om elke halfsirkel te stuur. (soos wanneer die perd om ‘n draai buig).

Die halfsirkels moet teen dieselfde spoed uitgevoer word met dieselfde treëlengte. Dit sal verseker dat die kurwes ewe groot is. Die ruiter moet ook opkyk om vooruit te beplan en te help met die distribusie van gewig



Figuur 2: Verkeerde “serpentine”. Daar moet geen reguit lyne in ‘n “serpentine” wees nie. Dit is dan nie ‘n reeks halfsirkels nie en sal nie die vermoë om van een kurwe na die ander te buig, demonstreer nie.

**UITVOERING VAN PATRONE:**

Die toetspatrone kan op verskillende maniere uitgevoer word onderhewig aan die ringtoestand. Die toetspatrone hoef nie noodwendig uitgevoer te word soos ge-illustreer in hierdie boek nie.
Kyk na die voorbeelde.





FIG 1



**KOMBINERING VAN TOETSE:**

Wanneer meer gevordere toetse verlang word kan twee toetse gekombineer word om een oefening te vorm: Bv. Toets 10a en Toets 6 kan gekombineer word en sal dan lees:

Draf ‘n “serpentine” op die regte “diagonal” na die oorkant van die baan. Stop. Galop op die regte “lead” terug teen die lint. Stop. Draai om en draf halfpad af teen die reguit lint – weg op die regte “diagonal”. Stop. Galop in ‘n sirkel op die regte “lead”. Stop. Draf op die verkeerde “diagonal” tot aan die einde – weg. Keer terug na die “line-up”.

Voorbeeld: Toets 7 en Toets 8 kan gekombineer word en sal dan lees:
Voer een figuur 8 uit op ‘n draf op die regte “diagonals”.
Stop.
Voer een figuur 8 uit op gallop op dier egte “leads”. Stop.
Keer terug na die “line-up”.

**RUITERKUNSDRAG VOORSKRIFTE:**

Enige soliede smaakvolle kleur sal aanvaar word maar uitspattige helder, en bont kleure sal gediskwalifiseer word. Onderbaadjies is opsioneel. Knie-insetsels, onderbaadjies, hoede en voerings mag van ‘n bypassende kontrasterende kleur wees. Aanddrag: ‘n Keil word net na 6nm gebruik. Ons vra alle deelnemers om te onthou dat alle rydrag van goeie smaak moet getuig. Toudasse, valle, groot strikke en blomme of ‘n pak sonder ‘n onderbaadjie val nie in hierdie katagorie nie. Ons wil verder daarop wys dat behalwe bont kleure, vuil rypakke, stowwerige ryskoene en broeke wat nie behoorlik onder die skoene vasgemaak is nie, ook baie sleg lyk.

**TOETS 1:**

**WEND JOU TOT DIE TEUELS: OM DIE TEUELS OP TE NEEM**

1. Bring die perd tot stilstand.

2. Maak jou vingers oop en laat die teuels deur jou vingers gly terwyl jou hande na die einde van die teuels beweeg.
3. Beweeg jou hande uitmekaar en trek die teuels styf.

4. Laat die teuels op die perd se nek voor die saal rus.

5. Met jou regterhand plaas die trens (breë) teuel bo-op die stand (dun) teuel, by die gespe en gestikte deel.

6. Lig die teuels (regterhand) ongeveer 10cm bokant die perd se nek.

7. Linkerhand: plaas die pinkie tussen die trens en die stang; tweede vinger tussen die stang en die stang; derde vinger tussen die stang en trens; vierde vinger bo-op die trens; duim vou om al die teuels om hulle bymekaar te hou.

8. Trek die regterhand terug terwyl die gespe vasgehou word en skuif die linkerhand vorentoe. Kry die regte teuellengte soos benodig wanneer ry

.

9. Laat val die stangteuel en trek weer die trensteuel styf. Dit sal die ruiter verhoed om die perd met die stangteuel te veel te trek.

10. Los die regterhand.

11. Plaas die regterpinkie tussen die trens en die stangteuels.

12. Los die houvas van die linker derde en vierde vingers.

13. Plaas die regterduim oor die regterteuels.

**NOTA:** Dit is ook korrek om die pinkie en die eerste vinger tussen die trens en die stang te plaas. Dit is ‘n meer effektiewe manier veral vir junior ruiters aangesien hul vingers nog klein is en daar nie so ‘n groot verskil tussen die twee teuels is nie. Dit is ook makliker om uit hierdie posisie teuels te verander.

14. Die teuels moet aan die regterkant van die perd se nek afhang.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET:**

1. Die ruiter se rug moet regop wees en nie vorentoe leun wanneer die teuels opgeneem word nie.

2. Die ruiter moet sy ken ophou en slegs met die oë afkyk en nie die kop laat sak nie.

3. Die ruiter moet die teuels netjies hanteer en nie in alle rigtings trek en ruk nie.


4. Die teuels moet nie gedraai en geknoop wees nie.

5. Die teuels moet eweredig wees: die trensteuels ewe lank aan elke kant en die stangteuels ewe lang aan elke kant.

**OUDEROMAFDELING**


10 jaar en onder; 12 jaar en onder.
Die standaard van die ruiters moet in ag geneem word wanneer ‘n toets geselekteer word. Hierdie toets kan ook met ‘n ander toets gekombineer word vir die ouer ouderdomsgroepe.

**SIEN DIAGRAMME 1 TOT 8**



**TOETS 2:**

**RY TEEN DIE RELINGS**




**DRAF AF TEEN DIE REGUIT LINT OP DIE REGTE "DIAGONAL". STOP. DRAAI OM EN DRAF TERUG OP DIE REGTE "DIAGONAL". KEER TERUG NA DIE "LINE-UP".**

Die deelnemers sal die "line-up" verlaat en draf om die draai tot by die beginpunt by die begin van die reguit lint. Die regte "diagonal" word gevra so die ruiters sal aangaan met draf teen die lint. Stop die perd voor die draai, draai om. Die deelnemer mag die perd na die voorkant of agterkant omdraai aangesien die toets nie spesifiseer na watter kant gedraai moet word nie. Dit is egter gewoonlik makliker om na die reling (vorentoe) te draai. Soos die perd se liggaam reguit draai, moet die ruiter wegdraf op die regte "diagonal". Die deelnemer moet draf tot by die einde van die reguit lint en dan na die "line-up" terugkeer.

**BEOORDELAARS OM OP TE LET:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd parallel teen die lint te hou.

2. Gebruik van die direkte en die indirekte teuels.

3. Gebruik van bene – teen die lint en om die draai.

4. Die ruiter se sitposisie en die gebruik van sy hande wanneer die perd gestop word. Die perd moet stop met sy agterbene onder hom en sy neus in.


5. Die ruiter moet nie sy kop afbuig om te kyk om die regte "diagonal" te kry nie.

**OUDERSOMGROEPE**

Hierdie toets word vir die jonger ouderdomsgroepe aanbeveel. 10 jaar en onder; 12 jaar en onder; 14 jaar en onder. Die standaard van die ruiters moet egter te alle tye in gedagte gehou word.

**TOETS 3:**

**RY TEEN DIE LINT**




**DRAF AF TEEN DIE REGUIT LINT EN DEMONSTREER DIE VERANDERING VAN "DIAGONALS". STOP. DRAAI OM EN GALOP TERUG OP DIE REGTE "LEAD". STOP. KEER TERUG NA DIE "LINE-UP".**

Die deelnemer sal die "line-up" verlaat en draf om die draai tot by die beginpunt aan die begin van die reguit lint. Die korrekte "diagonal" moet eerste vertoon word so die ruiters sal voorgaan op 'n draf teen die lint. Halfpad moet die ruiter sit en die "diagonal" verander na die verkeerde "diagonal". Stop die perd voordat daar omgedraai word. Die voor- of agterdraai sal korrek wees. Die ruiters sal nou op die regte "lead" gallop. Die teken om te gallop sal kom net voordat die perd parallel is met die reguit lint, want dan sal die perd in die regte rigting gebuig wees. Die deelnemer sal die perd stop voor die draai en voortgaan op 'n draf op die regte "diagonal" tot by die "line-up".

**BEOORDELAAR OM OP TE LET**:


1. Die ruiter se vermoë om die perd reguit te hou. (Parallel met die lint)
2. Die gebruik van direkte en indirekte teuels.
3. Die gebruik van been hulp – teen die lint, met die omdraai en met die vra van die gallop.
4. Die ruiter se sitposisie en hande wanneer hy stop.
5. Die ruiter moet eweredig en lig in die saal sit wanneer die "diagonal" verander word. Nie die perd in die bek ruk nie.
6. Die ruiter moet nie sy kop laat sak as hy vir die "diagonal" of die "lead" kyk nie.

**OUERDOMSGROEPE:**

Hierdie toets word aanbeveel vir: 14 jaar en onder; 18 jaar en onder. Die standaard van die ruiter moet in ag geneem word.

**TOETS 4:**

**UITGEVOER TEEN DIE RELING:**




**DRAF AF TEEN DIE REGUIT LINT EN WYS EEN VERANDERING VAN "DIAGONAL". STOP. DRAAI OM EN GALOP OP DIE REGTE LEAD TOT HALFPAD TEEN DIE LINT, STOP. GALOP OP DIE VERKEERDE "LEAD" TOT AAN DIE EINDE VAN DIE REGUIT LINT. STOP. KEER TERUG NA DIE "LINE-UP".**

Die deelnemer verlaat die "line-up" en draf om die draai tot by die beginpunt. Die korrekte "diagonal" word gevra so die ruiter sal voortgaan op 'n draf tot halfpad teen die lint af. By die halfpad merk sal die ruiter sit en na die verkeerde "diagonal" verander.

Stop die perd voor die draai en draai om. Die perd kan na die reling of weg van die reling gedraai word. Net voordat die perd parallel met die lint is moet die galopteken gegee word. Galop nou op die regte "lead" tot halfpad op teen die lint. Stop en gallop op die verkeerde "lead". Die ruiter moet sy bene gebruik asook gewig distribusie om die perd se balans te verander om die ander gallop "lead" te vat. Die perd moet nie van die lint weggedraai word om die galop te vra nie. Stop die perd voor die draai en gaan voort op 'n draf tot terug by die "line-up".


**BEOORDELAAR OM OP TE LET:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd reguit tehou.
2. Die gebruik van direkte en indirekte teuels.
3. Die gebruik van been-hulp – teen die reling, met die omdraai en wanneer die gallop gevra word.
4. Die ruiter se sitposisie en hande wanneer gestop en "diagonals" verander word.
5. Die ruiter moet lig en eweredig in die saal sit wannneer "diagonals" verander word.
6. Die ruiter se vermoë om gallop "leads" te vra terwyl die perd so reguit en saamgevat as moontlik gehou word.
7. Die ruiter moet nie sy kop laat sak wanneer "diagonals" en "leads" verander word nie.

**OUERDOMSGROEPE:**
16 Jaar en onder; 18 jaar en onder.

**TOETS 5:**

**UITGEVOER TEEN DIE RELING**




**DRAF HALPAD AF TEEN DIE LINT OP DIE KORREKTE "DIAGONAL". STOP. GEE 3 TREE TERUG. GALOP OP DIE REGTE "LEAD" TOT AAN DIE EINDE VAN DIE RUIGUIT LINT. STOP. KEER TERUG NA DIE "LINE-UP".**

Die deelnemer sal die "line-up verlaat en draf om die draai tot by die beginpunt. Die korrekte "diagonal" word gevra dus sal die ruiter aanhou draf tot halfpad af teen die reguit lint.

Stop die perd vierkantig op die halfpad merk en neem 3 treë terug. Die perd moet reguit bly wanneer hy agtertoe treë en sy kop en neus moet gesak wees. Stap 3 treë vorentoe en gallop op die regte "lead" tot aan die einde van die reguit lint. Stop voor die draai. Keer terug na die "line-up" op 'n draf op die korrekte "diagonal" om die draai.

**TERUGTREË**:

Wanneer die perd terugtreë moet sy treë ewe groot wees en reguit op twee-tyd. Een paar "diagonal" bene en dan die ander paar.
Verkeerd: wanneer die perd skeef beweeg sal die agterlyf gewoonlik swaai in een rigting of die ander. Die treë sal ook nie eweredig wees nie, nie in twee-tyd nie, die een voet word eerder gesleep en dan die ander.

Die perd moet nie terugtreë met sy kop en neus in die lug nie. Die ruiter mag effens vorentoe leun om die perd toe te laat om sy rug te gebruik, wat ronder vorm wanneer hy terugtreë. Konsentreer op reguit, maklike beweging.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET VIR:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd reguit te hou.

2. Die gebruik van die direkte en die indirekte teuels.

3. Been-hulp – teen die lint, wanneer terugtreë en wanneer die gallop gevra word.

4. Die ruiter se gebruik van hande, bene en sitposisie wanneer die perd terugtreë. Die perd moet eweredige treë gee en sy neus moet in wees en sy agterbene onder hom. Die perd moet ook reguit terugtreë met behulp van die ruiter se bene en hande.

5. Die ruiter se hande en sitposisie wanneer hy die perd stop.

6. Die ruiter moet nie sy kop laat sak wannneer daar gekyk word vir die "diagonal" of die "lead" nie.


7. As die perd nie vierkantig stop nie, sal hy nie korrek kan terugtreë nie. Dit word deur die ruiters se sitposisie en hande bepaal.

**OUERDOMSGROEPE:**

Hierdie toets word aanbeveel vir: 14 jaar en onder; 18 jaar en onder. Die standaard van die ruiters moet in ag geneem word.

**TOETS 6:**

**UITGEVOER TEEN DIE RELING**




**DRAF HALFPAD AF TEEN DIE REGUIT LINT OP DIE KORREKTE "DIAGONAL". STOP. VORM 'N SIRKEL OP 'N GALOP OP DIE REGTE "LEAD". STOP. DRAF OP DIE VERKEERDE "DIAGONAL" TOT AAN DIE EINDE VAN REGUIT LINT, KEER TERUG NA DIE "LINE-UP**".

Die deelnemer sal die "line-up" verlaat en draf tot by die beginpunt. Die korrekte "diagonal" word gevra dus sal die ruiter voortgaan op 'n draf tot halfpad af teen die reguit lint.

By die halfpadmerk sal die ruiter die perd stop. Die perd moet aftreë op 'n gallop op die kurwe van die sirkel. Die perd moenie eers reguit gallop en dan die sirkel vorm nie. Die korrekte "lead" word altyd gebruik wanneer 'n sirkel gery word. Stop die perd op die plek waar die sirkel begin het. Draf af op die verkeerde "diagonal" tot aan die einde van die reguit lint. Net voor die draai moet die ruiter na die korrekte "diagonal" verander en terugkeer na die "line-up" om die draai op 'n draf.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd parallel met die lint te hou en gebuig om die sirkel. Die perd se voor- en agterpote moet op dieselfde kurwe wees. Die perd se lyf moet dieselfde kurwe as die sirkel aanneem.

2. Die gebruik van direkte en indirekte teuels is belangrik om 'n perfekte kurwe te vorm.

3. Die gebruik van beenhulp – teen die lint, wanneer die perd gestop word, om die sirkel en as die gallop gevra word.

4. Sitposisie en hande wanneer die perd gestop word


.

5. Om die sirkel moet die ruiter ¼ vooruit kyk. Die buitebeen sal agter die buikgort wees om die agterlyf om die kurwe te buig. Die binnebeen sal op die buikgort wees en die perd sal om die been gebuig word. Die buitenste teuel sal die perd balanseer terwyl die binneste teuel die perd om die draai lei.

**OUDERDOMSGROEPE:**
16 Jaar en onder; 18 jaar en onder.

**TOETS 7:**

**FIGUUR 8**




**VOER EEN FIGUUR 8 UIT OP 'N DRAF OP DIE REGTE "DIAGONALS". STOP. KEER TERUG NA DIE "LINE-UP" OP 'N DRAF. (DIE BEOORDELAAR BEHOORT TE SPESIFISEER IN WATTER RIGTING DIE FIGUUR 8 MOET BEGIN).**

Die deelnemer sal die "line-up" verlaat op 'n draf en draf tot by die beginpunt van die figuur 8 (middel) Stop. Die ruiter behoort na die beoordelaar te kyk om die figuur 8 te begin. Die ruiters sal die perd laat afdraf op die korrekte "diagonal" in die rigting soos deur die beoordelaar gespesifiseer. By die terugkeer in die middel word die perd reguit gery vir 3 treë en sit om die "diagonal" te verander op die middelste tree. Voer die ander helfte van die figuur 8 uit op die regte "diagonal" en stop op die middelpunt. Keer terug na die "line-up" met die kortste roete.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET VIR**:

1. Die ruiter se vermoë om die perd om die sirkel te buig na albei kante.
2. Die ruiter se vermoë om die perd reguit te maak in die middel.
3. Die gebruik van beenhulp - om die perd om die kurwe te buig en om die perd in die middel reguit te maak.
4. Die gebruik van direkte en indirekte teuels om die perd om die draai te balanseer en in die middel reguit te maak.
5. Dit sitposisie en die hande wanneer die perd gestop word en die rigting verander word.
6. Die ruiter moet lig in die saal sit wanneer die "diagonals" verander word.
7. Die gebruik van die ruiter se gewig wanneer die rigting verander word.
8. Die rutier moet ¼ vooruit om die sirkel kyk.

9. Albei die sirkels moet ewe groot wees. Die beginpunt is die middel. Die ruiter moet elke keer na dieselfde punt terugkeer.


10. Die perd moet korrek om die kurwe treë. Die agterpote moenie uitswaai op ‘n nuwe spoor nie – as dit gebeur is dit ‘n indikasie van swak been gebruik.

**OUDERDOMSGROEPE:**

16 Jaar en onder; 18 jaar en onder.

**TOETS 8:**

**FIGUUR 8**




**VOER ‘N FIGUUR 8 UIT OP ‘N GALOP OP DIE REGTE “LEADS”. STOP. KEER TERUG NA DIE “LINE-UP”. (DIE BEOORDELAAR MOET DIE RIGTING AANDUI).**

Die deelnemer verlaat die “line-up” op ‘n draf en gaan voort tot by die beginpunt. (middel van figuur 8) Stop. Galop op die “lead” wat gevra is, as die “lead” nie gespesifiseer is nie, mag die deelnemer sy eie rigting kies. Stop in die middel en gallop op die ander “lead”. Stop in die middel en draf op die regte “diagonal” met die kortste roete terug na die “line-up”.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET VIR:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd om die sirkel te buig na albei kante – die gebruik van beenhulp en direkte en indirekte teuels.

2. Die ruiter se vermoë om die perd reguit te maak in die middel.

3. Die sit- en handposisie wanneer gestop word en die rigting verander word.

4. Gewig distribusie en die gebruik van die sitposisie om die perd om te draai te balanseer.

5. Die ruiter moet ¼ vooruit kyk om die sirkel.

6. Albei sirkels moet ewe groot wees en op dieselfde punt begin – middel. Die ruiter moet na dieselfde punt terugkeer elke keer.

7. Die perd moet sy spore korrek volg om die kurwe. Die agterpote mag nie uitswaai in ander spore nie – dit dui op swak been-hulp en gebruik van die balanserende teuel (indirekte).

8. Die perd moet vierkantig stop met sy agterbene onder hom. Dit wys die korrekte gebruik van sitposisie en hande.


9. Die perd moenie uitswaai wanneer die gallop gevra word nie.

10. Die ruiter moet nie sy kop laat sak wanneer die gallop “lead” gevra word nie.

**OUDERDOMSGROEPE:**
18 Jaar en onder. Die standaard van die ruiters moet in gedagte gehou word.

**TOETS 9:**

**“SERPENTINE”**




**DRAF ‘N 3 LUS “SERPENTINE” (KORREKTE “DIAGONALS” NA DIE ONDERSTE END VAN DIE BAAN.) DRAF TERUG LANGS DIE LINT OP ‘N SKOUDRAF.**

Die deelnemer verlaat die “line-up” op ‘n draf en gaan voort tot by die beginpunt. Die korrekte “diagonal” word gevra dus sal die ruiter aangaan met die draf en die “serpentine” begin. Die “serpentine” moet uit 3 halfsirkels bestaan en dit word langs die reling uitgevoer en sal dus 3 “diagonal” veranderings hê. Die plasing van die pawiljoen sal bepaal langs watter reguit reling die deelnemer sal terugkeer op die skoudraf. Begin altyd ‘n toets deur weg te beweeg van die hek area en terug te keer terug van die pawiljoenreling. ‘n Perd moet ‘n skoudraf uitvoer soos gevra. Beweeglik met stukrag af teen die reling. Gaan voort om die draai en keer terug na die “line-up”.

**BEOORDELAAR OM OP TE LET VIR:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd om elke kurwe te buig – gebruik van been-hulp en direkte en indirekte teuels.

2. Elke kurwe moet ewe groot wees en uitgevoer word op ‘n denkbeeldige middellyn.

3. Die ruiter moet ligweg in die saal sit wanneer die “diagonals” verander word en nie die perd in die bek ruk nie.

4. Die ruiter moet die “diagonals” op die denkbeeldige lyn verander.

5. Die gebruik van direkte en indirekte teuels balanseer die perd om die kurwes.

6. Die ruiter se vermoë om die perd op ‘n skoudraf te vertoon en die perd goed te laat vertoon en nie net ‘n passasier te wees nie.

7. Die perd moet sy spore korrek volg om die kurwes. As die agterbene uitswaai sal dit wys op swak gebruik van beenhulp en balanseer teuel.


8. Die ruiter moet opkyk vooruit in die kurwe – beplan die patroon en behou dieselfde grootte vir die kurwes.

**OUDERDOMSGROEPE:**
18 Jaar en onder. Die standaard van die ruiters moet in gedagte gehou word wanneer ‘n toets geselekteer word.

**TOETS 10A EN 10B**

**"SERPENTINE"**

FIG F




10a: Draf 'n 3 lus "serpentine" (korrekte "diagonal") na die oorkant van die baan. Stop Galop op die regte "lead" teen die reling. Stop. Keer terug na die "line-up".

10b: Draf 'n 3 lus "serpentine" (korrekte "diagonal") na die oorkant van die baan. Stop. Galop op die regte "lead" halfpad af teen die reling. Stop. Galop op die verkeerde "lead". Stop. Keer terug na die "line-up".

Die deelnemer verlaat die "line-up" op 'n draf en ry na die beginpunt. Die regte "diagonal" word gevra dus sal die ruiter voortgaan met die draf en met die "serpentine" begin. Die "serpentine" het 3 lusse en sal dus 3 "diagonal" vernaderings hê. Die plasing van die pawiljoen sal bepaal langs watter reguit reling die deelnemer sal terug gallop. Begin altyd 'n toets deur weg te beweeg van die hekarea en langs die pawiljoenreling terug te keer. Stop voor die einde van die reguit reling en draf terug om die draai na die "line-up".

**BEOORDELAARS OM OP TE LET:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd om die kurwes te buig – gebruik van bene en direkte en indirekte teuels.

2. Elke kurwe moet ewe groot wees en uitgevoer word op 'n denkbeeldige middellyn.

3. Die ruiter moet lig in die saal sit wanneer "diagonals" verander word en die perd nie in die bek ruk nie.

4. Die "diagonals" moet op die denkbeeldige lyn verander word.

5. Gebruik van direkte en indirekte teuels om die perd om kurwes te balanseer.

6. Die perd moet korrek in sy spore volg om die kurwers. Die agterbene moet nie uitswaai en dus wys op swak been gebruik en balanseer teuels nie.

7. Die ruiter moet vooruit kyk in die kurwe – beplan die patroon vooruit.

8. Gebruik van gewig en sitposisie om die perd te buig en te belanseer.

9. Die gebruik van die hande en sitposisie wanneer die perd gestop word.


10. Galop die perd parallel met die reling. Moenie die perd uitswaai wanneer die gallop gevra word nie.

**OUDERDOMAFDELING:**

18 Jaar en onder. Hou standaard van ruiters in gedagte wanneer ‘n toets gekies word.

**TOETS 11**

**“SERPENTINE”**




**DRAF ‘N 4 LUS “SERPENTINE” (KORREKTE “DIAGONAL”) NA DIE OORKANT VAN DIE BAAN. STOP. RY ‘N SIRKEL OP ‘N GALOP OP DIE REGTE “LEAD”. STOP. KEER TERUG NA DIE “LINE-UP”.**

Die deelnemer verlaat die “line-up”op ‘n draf en ry na die beginpunt. Aangesien die korrekte “diagonal”gevra word kan daar voortgegaan word met die “serpentine”. Die “serpentine” het 4 lusse en dus 3 “diagonal” veranderings. Begin die toets deur weg te beweeg van die hekarea. Stop die perd aan die einde van die “serpentine” en gallop ‘n sirkel in die rigting waarin die perd gekyk het toe hy gestop het. Stop op dieselfde punt waar gallop begin het. Keer terug na die “line-up” op ‘n draf. Keer terug langs die voorste reling of draai in die draai in en gaan terug via die agterste reling.

**BEOORDELAAR OM OP TEL:**

1. Die ruiter se vermoë om die perd om die kurwes te buig en om die vol sirkel – gebruik van bene en direkte en indirekte teuels.

2. Elke kurwe moet ewe groot wees en uitgevoer word op ‘n denkbeeldige lyn Die “diagonals”moet op hierdie denkbeeldige lyn verander word.

3. Sit lig wanneer die “diagonals” verander word en moenie die perd in die bek ruk nie.

4. Gebruik van direkte en indirekte teuels – balanseer die perd om die kurwes en sirkel.

5. Die perd moet korrek in sy spore volg om die kurwes en om die sirkel. Die agterbene moenie uitswaai om swak beengebruik en balanseer teuels uit te wys nie.

6. Die ruiter moet op- en vooruit kyk in die patroon en ‘n ¼ vooruit in die sirkel.

7. Gebruik van sitposisie en gewig om die perd te balanseer en te buig.

8. Gebruik van hande en sitposisie wanneer die perd gestop word.

9. Die perd se lyf moet gebuig word om die draai van die “serpentine” en die sirkel.

10. Dieselfde begin- en eindpunt moet gebruik word wanneer die gallop vertoon word.

**OUDERDOMSAFDELING:**

18 Jaar en onder. Die standaard van die ruiters moet in ag geneem word wanneer ‘n toets gekies word.


**TOETS 12:**

Verlaat die “line-up” op ‘n draf op die regte “diagonal” en draf af teen die reling in ‘n reguit lyn op die regte “diagonal” tot in die middel van die reguit stuk, stop, en verander na die verkeerde “diagonal”. Draf tot aan die einde van die reguit reling op die verkeerde diagonal. Galop op die regte “lead” in ‘n sirkel na die linkerkant. Stop. Draf op die regte “diagonal” na regs in dieselfde sirkel na die linkerkant. Stop. Draf op die regte “diagonal” na regs in dieselfde sirkel. Stop.

Galop op die regte “lead” teen die reguit reling tot in die middel van die reguit reling. Stop. Galop op die verkeerde “lead” tot aan die einde van die reguit reling. Stop. Keer terug na die “line-up”.

**TOETS 13:**

Verlaat die “line-up” op ‘n draf op die regte “diagonal”. Gaan na die begin van die reguit reling en gaan voort op ‘n draf op die regte “diagonal” tot in die middel van die reguit reling. Stop. Galop skuins oor die baan op die verkeerde “lead” tot in die middel van die baan. Stop. Draai halfpad en gallop op die rege “lead” skuins oor die baan na die oorkantste reguit reling. Stop. Draf op die verkeerde “diagonal” tot aan die einde van die reguit reling. Stop. Keer terug na die “line-up”.



**BRONNE:**

Ons het die volgende boeke en publikasies gebruik om hierdie reëlboek saam te stel. Baie dankie aan al ons medewerkers.


1. “SHOWING HORSE IN SOUTH AFRICA” Cecily Norden, Tafelberg Uitgewers
2. Ämateur status” Tokkie de Klerk
3. “Hersiene reëls” Lee Kapplan en Piet Serdyn
4. “Hersiene reëls 1995” Piet Serdyn en Ezelle Marais
5. “Grondwet van die Kaapse Boerperd”
6. “Amateur grondwet van die Kaapse Boerperd” Albertys Louw
7. “Veranderde skoureëls” soos verskaf deur die Beoordelaars Vereniging
8. Ruiterkunsreëls soos saamgestel deur die Afrigtersvereniging




"WILD CAT" OWNER: CAROLINE MELVILLE 5 GAITED EQUITATION HORSE




"SAMARAI" EIENAAR: JOHAN MARAIS KAAPSE BOERPERD HINGS




"JOLEEN" OWNER: MELANIE HART CAPE BOERPERD MARE




"ASJAS" EIENAAR: JOB STEENKAMP 5 GANG KAAPSE BOERPERD



"TOUCH WOOD" OWNER: COLETTE BOTHA 3 GAITED CAPE BOERPERD



"NAMAQUA" EIENAAR: EZELLE MARAIS SIERTUIG KAAPSE BOERPERD



"ELCAMINO" EIENAAR: FRANCOIS VAN DER MERWE ENKELTUIG KAAPSE BOERPERD